NEDERDUITSCH HERVORMDE KERK VAN AFRIKA

Gemeente Bosmansrust 1888 – 1988



DS. C.J.S. VAN NIEKERK

NEDERDUITSCH HERVORMDE KERK VAN AFRIKA

Gemeente Bosmansrust 1888–1988

DS. C.J.S. VAN NIEKERK

INHOUDSOPGAWE

VOORWOORD

Met afwagting is uitgesien na die publikasie en vrystelling van hierdie boek. Die werk is baie insiggewend vir 'n geslag wat geen kennis dra van die vroeë worsteljare van die Ned Herv Kerk en dié van die Ned Herv Gemeente van Bosmansrust in die besonder nie. Anders as die meeste dokumentêre werke, en ten spyte van die feit dat dit oor kerkgeskiedenis handel, bevat die boek baie voorbeelde van fyn humor gekoppel aan bepaalde insidente en persone.

Die werk behels 'n breë agtergrondstudie van die Ned Herv Kerk in Wes-Transvaal met die toespitsing op die ontwikkeling en groei van die Gemeente Bosmansrust wat dié jaar sy 100-jarige bestaan vier. Die historiese gebeure oor die ontstaan en voortbestaan van die Bosmansrustgemeente is baie duidelik vervleg met die nasionale volksgebeure, onder andere die Anglo-Boereoorlog, die rebellie, staking en die twee wêreldoorloë.

Die keurige weergawe gebaseer op 'n indringende navorsing deur die skrywer verdien al die lof wat dit toekom.

Die gemeente van Bosmansrust wil hiermee hoë waardering en dank uitspreek vir hierdie grootse werkstuk wat ds. C.J.S. van Niekerk deur middel van diepgaande studie geskryf het. Vir elkeen, ook lidmate van ander gemeentes, sal dit insiggewend wees ten opsigte van die stryd, groei en taak van die Ned Herv Kerk.

Gemeente Bosmansrust 1989.

VOORWOORD DEUR SKRYWER

Om die geskiedenis van 'n gemeente oor 'n tydperk van honderd jaar te skryf, verg ondersoek, navorsing, studie, lees en luister. Daarom het ek met huiwering aan die versoek van die kerkraad voldoen om so 'n geskiedenis van hierdie gemeente te skryf.

Met die skryf van die geskiedenis het ek egter ontdek dat ek veeleer besig was om 'n lewensverhaal van 'n gemeente te skryf, as bloot 'n geskiedkundige oorsig. Dit gaan immers om mense wat gelewe het, intriges wat afgespeel het, momente wat in die geskiedenis van kerk en volk gelewe het. Daarom hoop ek dat dit vir die leser sodanige leesstof sal wees en vir die gemeente die verhaal van God se genadige bemoeienis.

Nogtans my dank aan kerkraad en gemeente vir die opdrag aan my gegee.

My dank aan almal wat gegewens, foto's, gedenkstukke en oorlewerings voorsien het.

So ook my dank aan die tikster, mev. Hannie Pretorius, die drukker, Gutenberg Boekdrukkers, dr. Daan van Wyk en die personeel van die Tydskrifafdeling, veral mej. Trynie Nel wat die bladuitleg, taalversorging en proefleeswerk behartig het, Chris en Sarie Viljoen, dr. Johan Steenkamp, vir elkeen se gewaardeerde aandeel in die verskyning van hierdie verslae.

Bo alles dank aan God vir die bestaan en lewe van honderd jaar. Honderd jaar waarin die gemeente draer van sy Woord en sy lig kon wees in hierdie deel van Wes-Transvaal.

Aan God die eer.

DS. C.J.S. VAN NIEKERK

INLEIDING

Ter wille van die oningeligte leser is dit nodig om 'n verduideliking te gee van die naam van die gemeente en die plek van die standplaas wat nogal verwarrend kan wees. Die stigtingsnaam van die gemeente was Makwassie (ook gespel Maquassi); tewens die hele gebied in Wes-Transvaal (min of meer die huidige distrik Wolmaransstad) is deur die vroeë intrekkers so genoem. Op staatkundige sowel as kerklike terrein is die wyk van Potchefstroom so genoem.

Die naam Makwassie kan teruggevoer word tot twee oorlewerings. Die een is dat die naam ontleen is aan 'n vroeëre Korannakaptein met die naam Mathlawatsie. Die ander een is dat die naam ontleen is aan 'n kruie-plant (vandag die beukesbossie), wat in die gebied vry algemeen voorkom en by kneusing 'n besondere skerp reuk afgee. Makwassie is die Boesmanwoord vir hierdie bossie.

Omdat die hele gebied so genoem is, is die gemeente wat in die gebied tot stand gekom het, ook so genoem, hoewel die kerkplek op die plaas Witpoort aangelê is. Om die rede is daar dikwels gepraat oor en geskryf van die Gemeente Witpoort. Daarbenewens is die plek ook later soms genoem Bosmansrust, omdat dit die eiendom geword het van ene Bosman wat ook die poskantoor geadministreer het. In 1951 is die naam van die gemeente verander na Bosmansrust, veral ook op aandrang van die kerkraad van die huidige Gemeente Makwassie wat toe die naam Ennisgemeente gedra het. Hoewel dit jammer is dat hierdie oudste gemeente in hierdie geweste sy stigtingsnaam moes verloor, was dit onhoudbaar dat daar 'n gemeente Makwassie vyftien kilometer van die dorp Makwassie sou bestaan, terwyl laasgenoemde gemeente as Ennis ('n vroeëre predikant van Klerksdorp) bekend sou staan. Die saak is toe in 1951 reg gestel toe Makwassiegemeente se naam verander is na die Bosmansrustgemeente en Ennisgemeente na Makwassiegemeente.

Die saak staan dus so: die gemeente se naam is Bosmansrust, die dorp Witpoort en die poskantoor Bosmansrust.

FEESPROGRAM

VRYDAG 24 MAART

10h00	Kampeerders begin arriveer
17h30	Ete vir almal
18h30	Onthulling gedenksteen: *Ds. C.J.S. van Niekerk*
18h55	Oorhandiging Nuwe Afrikaanse Kanselbybel: *Mev. D.J. van Niekerk*
19h00	Feesrede: *Prof. J.P. Oberholzer*

GROETEBOODSKAPPE

Algemene Kerkvergadering: Prof. J.P. Oberholzer
Ring van Maquassi: Ds. J. Parkin
N.G. Kerk: Ds. G. Strydom
Gereformeerde Kerk: Ds. J.J. Breedt
Vroeëre predikante: Ds. J.L.J. Smit
Gemeenteseuns (predikante): Ds. P.M. Smith
Gebiedskomitee: Mnr. I. Smit
Bedankings: Oudl. Cor van Vuuren

SATERDAG 25 MAART

10h00	Basaar
14h30	Voorbereiding: *Ds. B.J. van Staden*
18h00	Kampvuur en vleisbraai
19h00	Historiese voordrag: *Prof. A.D. Pont* Vertellings uit die ou dae
21h00	Aandgodsdiens: *Ds. D.S. Smit*

SONDAG 26 MAART

09h30	Nagmaal: *Ds. W.P. van der Merwe*
	Danksegging: *Ds. N.J.J. van Rensburg*
13h00	Ete



Feeskommissie, 1989

GROETEBOODSKAPPE

DS. W.P. VAN DER MERWE

Met die herdenking van die honderd-jarige bestaan van die Gemeente Bosmansrust wil ek en my vrou hiermee die kerkraad en gemeente van harte geluk wens.

Vir my en my eggenote was dit 'n voorreg om in hierdie gemeente saam met die ander kombinasie-gemeente(s) te kon dien, eers vanaf 26 Januarie 1951 tot 21 November 1954 in Bosmansrust, Leeudoringstad en Makwassie en toe weer vanaf 17 Desember 1966 tot 14 Oktober 1972 in Bloemhof en Bosmansrust en vir 'n tyd ook saam met Makwassie.

Besondere gebeurtenisse gedurende die eerste tyd van my bediening aldaar was die verandering van die naam van die gemeente van Makwassie na Bosmansrust. 'n Ander was die ontvangs van die Poskoets op 16 Februarie 1952, ter herdenking van die landing van Jan van Riebeeck aan die Kaap in 1652.

Ook het Witpoort eenmaal die geleentheid gehad om die afgevaardigdes na die sitting van die ringsvergadering van die Ring van Potchefstroom op 27 Februarie 1954 e.v.d. te ontvang en in die ou pastorie van Witpoort te huisves.

Met die aanname van die beroep na Mafekeng in kombinasie het ds. C.J.S. van Niekerk as konsulent, die dag van my ontslag op 27 November 1954, by die kerkraad van Bosmansrust, met die oog op die beroep van 'n predikant, aanbeveel om met Bloemhof-gemeente 'n kombinasie te probeer sluit. Hierdie kombinasie het werklikheid geword toe ek vanaf Sasolburg beroep is en op 17 Desember 1966 te Witpoort ontvang en bevestig is.

Tydens hierdie ses jaar van my bediening van die Gemeentes Bloemhof en Bosmansrust en vir 'n tyd ook nog Makwassie, is die kerkgebou op Witpoort gerestoureer, nuwe banke, nagmaaltafels en stoele aangekoop en die dag van ons afskeid op Saterdag, 14 Oktober 1972, met die aanname van die beroep na Horison-Ontdekkers, het my eggenote die hoeksteen van die nuwe kerksaal onthul.

Ons sal Bosmansrust-gemeente en Wes-Transvaal nooit vergeet nie. Mag God u vir die toekoms in sy hand hou en u seën!

DS. B.J. VAN STADEN

Met dankbaarheid en aangename herinneringe dink ons steeds aan die Gemeente Bosmansrust. Dit bly vir ons een van die mooi mylpale op die pad wat ons vir 'n tyd lank saam met diep gelowige, gasvrye en liefdevolle mense kon loop. Daarom verheug dit ons om uitgenooi te wees om fees te vier saam met die gemeente wat ons liefhet.

Hierdie boodskap van gelukwense met die honderdjarige bestaan van die gemeente kom uit ons harte. Mag die feesviering 'n ware fees van dankbaarheid en blydskap wees!

Ons bede is dat ons Hemelse Vader, wat hierdie eeu lank geseën en bewaar het, steeds krag uit die Hoogte aan sy gemeente mag skenk om tot sy eer en verheerliking, ook in die toekoms die koninkryk van die hemel te soek.

DS. J.L.J. SMIT

'n Verjaarsdag is altyd 'n besondere geleentheid. 'n Geleentheid vir blydskap, goeie wense, dankbare terugkyk en miskien veral, hoop op die toekoms.

In die lewe van 'n gemeente is dit ook so. Des te meer as die geleentheid 'n honderdste herdenking is. Selfs nog meer so as mens kan terugkyk oor die honderd jaar en kan sien wat alles gebeur het. Hoedat die Kerk van 'n klein en nederige begin kon groei en bloei in 'n omgewing wat aanvanklik maar woes en leeg was.

In baie opsigte herinner die gemeente aan 'n ou moeder wat as jong meisie self haar weg in die wêreld moes vind en wat nou, na 'n honderd jaar, kan terugkyk en die kinders en kleinkinders en agterkleinkinders wat van haar afgestam het, met genot en met trots kan aanskou. Klein begin en nou weer klein maar nog steeds lewend en werkend in die akker van haar Here. 'n Lewende getuienis van die genade wat gewone sondaarmense altyd in die oë van die Here gevind het en steeds vind.

Dit was my beskore om nagenoeg drie en 'n halfjaar van my lewe as predikant van hierdie gemeente te kon dien. Dit was 'n tydperk goed deurgebring. Vol aangename herinneringe aan mense en geleenthede. Bosmansrust sal altyd 'n besondere plekkie in my gemoed hê. Die wens van my hart is dat hierdie geskiedkundige en eerbiedwaardige gemeente van ons Kerk ook in die toekoms sy plek in die ry van Hervormde gemeentes sal volstaan. Trots en arbeidsaam soos altyd. Gelowig tot op die dag dat ons Heer en Meester weer kom.

DS. G.P. VISSER

Pas enkele maande gelede het ons die honderd-en-vyftigste herdenking van die Groot Trek uit die Kaapkolonie gevier. Die Gemeente Bosmansrust het honderd van hierdie honderd-en-vyftig jaar van ons volk se wel en wee in die binneland reeds meegemaak. Dit laat 'n mens onwillekeurig dink aan die woorde van Moses in Ps. 90 vers 1: "Here, U was vir ons 'n toevlug van geslag tot geslag."

Met hierdie feesvieringe gedenk ons dan bo alles die instandhoudingswerk van die Here in die bediening van die onverganklike voedsel wat Christus vir ons gebring het. Saam met Bosmansrust loof en dank ons Hom vir sy sorg en troue hoede.

Ook kyk ons in beskeidenheid terug op die werk van hulle wat ons hier voorgegaan het. Hulle het dit nie altyd maklik gehad nie, maar tog het hulle instrument in die hand van die Allerhoogste gebly en so vir ons 'n ryke erfenis nagelaat. Met hierdie terugblik eer ons hulle vir hulle ywer en toewyding aan die Heer van die Kerk en leer ons van hulle vir die pad vorentoe na die nuwe Jerusalem.

Aan die huidige kerkraad en gemeente 'n hartlike gelukwensing met hierdie mylpaal op die trekpad van u gemeente. Mag God gee dat die dure opdrag van Paulus aan Timoteus ook in die lewens van ons en ons kinders gestand gedoen sal kan word: "Timoteus, bewaar wat aan jou toevertrou is!"

Dit was 'n voorreg om vir 'n tydperk deel te kon wees van die Gemeente Bosmansrust.

MEV. H. LABUSCHAGNE

Dit is vir my 'n eer en voorreg om my groete en gelukwensing oor te dra aan my eerste gemeente waar ons getroud is en waar ek as jong predikantsvrou my voete moes vind! Vir 'n dogter uit die Ned. Gereformeerde kerk was dit voorwaar nie 'n maklike taak nie maar met die opregte gulhartige en vriendelike manier waarop hierdie gemeente ons ontvang het, is my taak vir my baie ligter gemaak. Alhoewel ek baie skrikkerig vir sommige van die ouderlinge was, het hulle met hulle eerbiedige, opregte en Christelike optrede ons gou tuis laat voel.

Omdat ek self al bejaard is, glo ek dat daar min of geen van daardie pioniers nog lewe. Dit is voorwaar 'n voorreg dat hierdie gemeente nieteenstaande die ontvolking van die platteland en die verstedeliking van veral die jong mense, staande gebly het en vanjaar die eeufees kan vier.

Ons glo dat slegs 'n diep geloof en 'n onwrikbare en volgehoue vertroue in die Almagtige hierdie klein kuddetjie staande hou.

My aangename voorreg is om die gemeente geluk te wens met die mylpaal wat bereik is en u toe te bid sterkte om ander moeilike omstandighede staande te bly.

Ons bede is dat die naweek van feesvieringe baie geseënd sal wees.

MEV. EUGÉNE BIERMAN

Baie dankie vir die uitnodiging dat ek 'n kort boodskap aan u kan stuur. Vir 'n honderd jaar se genade kom al die eer aan die Koning van die Kerk toe.

My oorlede man se eerste gemeente was Bosmansrust en is hy op 9 April 1938 aldaar georden. Ek onthou nog baie goed hoe hy vertel het van sy "eerste liefde". In die lewe van 'n predikant bly sy eerste gemeente waar hy georden word, altyd sy eerste liefde.

Gedurende 1940 het hy 'n beroep na die Gemeente Losberg aangeneem en is ons gedurende 1943 in die Gemeente Losberg getroud. Na 'n huwelikslewe van 35 jaar is hy in die Gemeente Noordwestelike Pretoria, waar ons toe gearbei het, skielik die nag van 29 Sept. 1978 oorlede. Uit die huwelik is drie dogters gebore.

My innige gebede en goeie wense vergesel u as kerkraad en gemeente vir voorspoedige en geseënde jare wat voorlê.

Sefanja 3:16, 17:

"Daardie dag sal daar vir Jerusalem gesê word:

> Moenie bang wees nie, Sion. Moenie jou hande moedeloos laat hang nie! Die Here jou God is by jou: Hy, die Krygsman wat red, Hy is vol vreugde oor jou. Hy is stil-tevrede in sy liefde. Hy jubel en juig oor jou!"

MEV. M.E.B. VENTER

Die Gemeente Witpoort is 'n geskiedkundige dorpie in Wes-Transvaal. Die band wat Witpoort met Suid-Afrika se kort maar kleurvolle verlede verbind, voer ons terug na die jaar 1822, toe twee Wesleyaanse sendelinge Samuel Broadbent en T.J. Hodgson 'n sendingstasie hier gevestig het. Mev. Broadbent het op 1 Julie 1823 in 'n eenvoudige huisie wat met pale en latte gebou was en met nat rieme aanmekaar geheg en met modder gepleister, die lewe aan 'n seun geskenk, naamlik Lewis Broadbent. Die eerste blanke kind wat noord van die Vaalrivier gebore is, en die eerste Europeana wat oor die Vaalrivier gegaan het.

Op die terrein van die sendingstasie is vandag nog die fondasie van Broadbent se huis, sowel as die ruïnes van Hogson se latere huis te sien.

'n Gedenkplaat is deur die Historiese Monumente Kommissie op die terrein aangebring.

My man ds. P.J.J. Venter en ons gesin is buite Witpoort ontmoet op 14 Januarie 1944. Op 15 Januarie is hy bevestig deur ds. P.W.A. Bierman as leraar van die geskiedkundige dorpie, waar ons daarna die beroep aangeneem het na Roodepoort in 1949.

Ons ondervinding was van 'n baie hulpvaardige en vriendelike gemeente. Daar in die geweste het ons baie ongeslypte diamante gevind, lieflike mense.

Dit is vir my 'n eer en voorreg om die paar reëls te rig aan die Eeufeesviering van die gemeente. Mag die klein gemeente steeds van krag tot krag voortgaan en as dit die Heer van die Kerk behaag nog lank voortbestaan.

Namens myself bid ek u toe: Loof die Here want Hy is goed, sy goedertierenheid is tot in Ewigheid.

MEV. M.E.B. VENTER

Ons Gemeente[illegible] is 'n [illegible] siel uit Wes-Transvaal. [illegible] Suid-Afrika [illegible] [illegible] Suid-Afrika [illegible] [illegible] [illegible] Bybel [illegible] [illegible] se [illegible] op 11 Junie 1963 [illegible] [illegible] [illegible] gebore [illegible] [illegible] [illegible] [illegible] van die [illegible] [illegible] [illegible] die [illegible] gegaan het.

Op die terrein van die sending [illegible] die [illegible] Hugenote [illegible] [illegible]

'n Gemeenteblad is deur die [illegible] Metodiste [illegible] [illegible] [illegible] [illegible] Venter [illegible] 14 Januarie 1913 [illegible] [illegible] se [illegible] [illegible] die [illegible] [illegible] [illegible] [illegible] ontstaan.

[illegible] [illegible] was [illegible] [illegible] [illegible] [illegible] [illegible] [illegible] [illegible] [illegible].

Dit is vir my 'n eer en voorreg om die [illegible] te [illegible] van die [illegible] van [illegible] Nog die [illegible] van Kerk [illegible] [illegible] [illegible] van die Kerk [illegible] nog lank [illegible].

Namens myself [illegible] 'n [illegible] Loof die Here want Hy is goed, Sy goedertierenheid is tot in ewigheid.

MEV. EUGENE BRERMANN

Baie dankbaar vir die vermaninge, dat ek [illegible] [illegible] aan 'n kort [illegible]. Vir [illegible] [illegible] [illegible] al [illegible] van die Kerkbode van die Kerk [illegible].

[illegible] [illegible] [illegible] was [illegible] [illegible] [illegible] [illegible] Die [illegible] [illegible] [illegible] vir [illegible] [illegible] [illegible] was [illegible] [illegible] [illegible] [illegible] [illegible].

Ook in 1940 het [illegible] [illegible] Lodewyk [illegible] [illegible] 1940 [illegible] Gemeente [illegible] [illegible] was [illegible] [illegible] van 30 jaar [illegible] die Gemeente [illegible] [illegible] [illegible] [illegible] [illegible] die dag van 19 April [illegible]. Uit die Mark [illegible] is [illegible] [illegible].

My [illegible] [illegible] en [illegible] [illegible] [illegible] [illegible] [illegible] [illegible] [illegible] was [illegible].

Spreuke 3:16, 17:

"[illegible] [illegible] vir [illegible] [illegible]"

[illegible] bring [illegible] Seun, Moeder [illegible] [illegible] [illegible] [illegible] [illegible] [illegible] [illegible] is [illegible] [illegible] [illegible] [illegible] [illegible] [illegible] [illegible] [illegible] [illegible] is [illegible] in [illegible] Hy [illegible] [illegible] [illegible]"

ONTSTAANSGESKIEDENIS TOT MET DIE ANGLO-BOEREOORLOG 1899–1902

Ontstaan van die gemeente

Met die vestiging van die Voortrekkers in die Transvaal, veral ook in die westelike gebiede, het daar verskillende sentrums ontstaan met 'n konsentrasie van mense in 'n gemeenskapslewe. So was daar reeds vroeg verskillende wyke rondom die hoofsentrum Potchefstroom, byvoorbeeld Klerksdorp, Makwassie en Bloemhof.

Hierdie sentrums het ook kerkplekke geword waar predikante uit die Kaapse kerk sporadies besoek gebring het, eredienste gehou en sakramente bedien het. Reeds op 1 November 1841 het kommandant A.H. Potgieter en sy volgelinge met 'n kollektelys rondgegaan aan "Lee(de)maten der Hervormde Kerken vir die bou van 'n kerk in die dorp Potchefstroom" (Visagie 1988:29) en op 23 Februarie 1842 het die Volksraad op aanbeveling van die "Adjunktraad van die Vaalrivier" die volgende persone aangestel as kerkraadslede, naamlik D. Jacobs, F.G. Wolmarans en P van Staden as ouderlinge en P.F. Strydom, P. du Preez, G. Maree en H. Viljoen as diakens. En op 26 Maart 1842 met 'n besoek van ds. Daniël Lindley aan Potchefstroom is die eerste gemeente van die Voortrekkers in Transvaal gestig te wete die Nederduitsch Hervormde Gemeente van Potchefstroom.

Met die aankoms van ds. Dirk van der Hoff in Mei 1853 in die Transvaal en sy bevestiging as die eerste vaste predikant van die Voortrekkers in Transvaal, met standplaas Potchefstroom, was dit sy taak om die hele Transvaal pastoraal te bedien. So het hy ook een keer per jaar die lidmate in die westelike gebiede besoek, eredienste gehou, sakramente bedien, huwelike bevestig en alle ander pastorale werk verrig. En so was Witpoort van vroeg af 'n kerkplek, want op 'n vergadering van die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering op 12 Junie 1875 moes die predikant van Potchefstroom (ds. Van der Hoff) verslag doen oor die buitewyke. Op 'n daaropvolgende vergadering op 20 Mei 1876 rapporteer ds. Van der Hoff, dat daar in Potchefstroom se gemeente drie buitewyke is, te wete Klerksdorp, Makwassie en Bloemhof. Die kerkraadslede van hierdie wyke het reg van sitting gehad op die kerkraadsvergadering van Potchefstroom, hoewel hulle selde van die reg gebruik gemaak het, behalwe as hulle "aangeskryf" is om 'n vergadering by te woon. Hierdie buitewyke het egter geen selfstandige kerkrade gevorm nie en hoewel die predikant hulle meermale daartoe aangemoedig het, het die broeders telkens geweier. In die buitewyke is dan ook nie Doop- en Lidmateregisters gehou nie en die kerkfondse is na versorging van die armes en ander noodsaaklike aankope aan Potchefstroom oorbetaal.

Ten spyte van hierdie aanvanklike houding van die buitewyke het die begeerte tog ontstaan en gegroei om in selfstandige gemeentes te ontwikkel. Dit blyk dat die aanmoediging van ds. Van der Hoff goeie resultate afgewerp het, want in 1877, slegs 'n jaar na sy verslag aan die Algemene Kerkvergadering dien daar 'n versoekskrif van Klerksdorp en Makwassie voor die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering om 'n selfstandige gemeente te vorm. Dit is eienaardig dat hierdie versoek van die hand gewys is. Die stukke is egter na Potchefstroom se kerkraad verwys vir oorweging en aanbeveling. Die versoek is uitein-



Ds. D. van der Hoff

delik gunstig oorweeg, want Makwassie (Witpoort) het 'n kerkgebou begin oprig waarvan ds. Van der Hoff reeds 'n jaar later op 5 Augustus 1878 die hoeksteen gelê het. Die koste vir die oprigting van die gebou het £832 beloop en slegs ses maande na die hoeksteenlegging, op 9 Februarie 1879, kon die wyk die kerk inwy.

Rondom hierdie kerkplek het 'n kerklike lewe begin groei wat die ideaal van 'n selfstandige gemeente bevorder het. Tot stigting van 'n gemeente het dit egter nie gekom nie, want in 1880 breek die Eerste Vryheidsoorlog uit – 'n oorlog waaraan die Wes-Transvalers op groot skaal deelgeneem het. Daarmee het hulle getoon en bevestig dat die Afrikaner steeds bereid was om sy land en sy vryheid met sy lewe te verdedig. As hierdie dinge op die spel is, kan hy nie weier of terugsit nie. Die ontwrigting wat so 'n oorlog meebring, het genoemde stigting uit die aard van die saak ernstig belemmer en baie vertraag. Na-oorlogse armoede en gebrek aan predikante het ook daartoe bygedra. Skaars het die mense hulle voete gevind en die kerklike lewe koers gekry of 'n groter ontwrigting op die kerklike akker kom aan die orde: die kerkvereniging van 1885 tussen die Nederduitsch Hervormde Kerk en die NG Kerk. Terloops, die ontstaan van die NG Kerk in 1865 in die Transvaal onder leiding van eerwaarde Frans Leon Cachet en die stigting van 'n aantal gemeentes het die Volksraad van die Zuid-Afrikaanse Republiek so ontstel, dat dit hulle uitgesproke wens was, dat daar net een kerk vir die Republiek moes wees. Vandaar die kerkvereniging. Vanweë die woelinge rondom die kerkvereniging het daar van 'n selfstandige gemeentestigting niks tereggekom nie. Eers in 1888 word die stigting van die Gemeente Makwassie te Witpoort 'n werklikheid. Op die Algemene Kerkvergadering van 25 Mei 1890 berig ouderling C.J.E. Schütz dat die gemeente bestaan uit 171 lidmate en 196 nie-lidmate, dus 267 siele.

Kerkvereniging

Dit kan aanvaar word dat die gemeente gestig is deur lidmate wat hulle van die begin af nie kon vereenselwig met die kerkvereniging nie en ander wat met verloop van tyd teleurgesteld teruggekeer het na die Nederduitsch Hervormde Kerk. By die Algemene Kerkvergadering van Mei 1890 berig ouderling Schütz dat daar in die gemeente baie probleme is as gevolg van die kerkvereniging, maar dat die lidmate van harte wil saamwerk tot "heil van ons Nederduitsch Hervormde Kerk". Die hele gemeente is bearbei deur net twee ouderlinge, C.J.E. Schütz en J.G. Waldeck, asook twee diakens W.J. Stolz en J.A.J.P. Jonker.

In die tyd is daar ook 'n kombinasie tussen Makwassie en Klerksdorp gesluit, want die afgevaardigdes na die Algemene Kerkvergadering van



Hoeksteenlegging: Ds. van der Hoff 1878

15 November 1893 was ouderlinge N.H. van Herwaarden en J.J. Marais (ouderlinge van Klerksdorp) en diaken W.J. Stoltz (Makwassie). Op die vergadering rapporteer ouderling Van Herwaarden, dat die gemeente bloei en graag 'n eie leraar wil hê. Verder bestaan daar "goede vooruitzichten tot schikking omdat de tegenparty vriendskappelik is". (Notule AKV 10.11.1893). Uit latere besprekings en besluite blyk dit ook dat Klerksdorp en Makwassie in dié tyd of reeds vroeër tydens die kerkvereniging gesamentlik 'n kerkgebou in Klerksdorp opgerig het.

'n Gevolg van die kerkvereniging was dat die indruk ontstaan het dat die bestaande kerkgebou van Makwassie die eiendom van die Verenigde Kerk geword het. Dit blyk uit die feit dat die Nederduitsch Hervormde of Gereformeerde Gemeente van Wolmaransstad in 1888 in die kerkgebou te Witpoort gestig is. Dit word ook bevestig wanneer diaken W.J. Stoltz van die Ned Herv Gemeente Makwassie op 15 November 1893 die Algemene Kerkvergadering om raad vra:

> "Er is in Makwassie een kerkgebou, vroeger in het besit van die Verenigde Kerk, maar door haar verkocht aan der heer Bosman, eigenaar van de plaats 'Witpoortjie' met dit serwituut dat hy dat gebouw nooit voor kerk of school mag gebruiken. Van de kerkgrond is nooit transport gegeven. Hy vraagt wat te doen". (Notule AKV 14.11.1893).

Die saak is verwys na die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering, maar dit is onbekend wat verder gebeur het, aangesien die notule van die Kommissie oor die tydperk verlore geraak het. 'n Ander bron meld dat die kerkgebou te Witpoort op 20 April 1891 aan G.J. Bosman verruil is vir erf 327 te Wolmaransstad. Bosman was die eienaar van die plaas waarop die kerkgebou was. Dit is egter nie duidelik of die kerk op sy plaas gebou was en dus bloot die gebou verruil is nie, en of die kerk op 'n afsonderlike perseel gebou was en dus perseel en gebou verruil is nie. Hoe dit ookal sy, die serwituut waarvan diaken Stoltz melding gemaak het, het bepaal dat Bosman en sy erfgename die gebou slegs kon gebruik.

> "... as pakhuis, wagenhuis, stal of ander dagilijksen of huishoudelijk gebruik en doeleinden voor zijn privaat gebruik."

En verder

> "Dat gemeld kerkgebouw onder geene omstandigheden nimmer zal worden of kunnen worden gebruikt door of als een school, kerk of godsdienstige bijeenkoms."

Indien hierdie ooreenkoms verbreek word

> "... Zal gemelde Nederduitsche of Gereformeerde gemeente door hare kerkraad het recht hebben gemeld kerkgebouw onmiddellik af te breken en te sloopen" (Visagie 1988: 58).

Uit hierdie bronne is dit nie duidelik of die grond waarop die kerk oorspronklik gebou is ooit in die naam van die Nederduitsch Hervormde Kerk getransporteer was nie. Indien dit nie die geval was nie, sou dit impliseer dat die gebou in elk geval aan die eienaar van die plaas behoort het. In die lig van die Trichardsfonteinse hofuitspraak is dit duidelik dat die Verenigde Kerk die gebou onwettig beset het, en ook onwettiglik aan Bosman verruil het. Die Ned Herv of Geref Kerk het dus iets verruil wat hy nooit besit het nie. Die serwituut was dus ook van nul en gener waarde.

Baie lidmate van die Ned Herv Kerk het deelgeneem aan die kerkvereniging. Waar daar voor die vereniging geen gemeente van die NG Kerk te Makwassie bestaan het nie, was die lede van die Ned Herv of Geref Kerk na die vereniging die meeste. Onder die lidmate van die Ned Herv Kerk was daar 'n redelike getal wat nie verenig het nie, maar hoewel in die minderheid was hulle volgens die Trichardtfonteinse hofsaak die wettige voortsetting van die Ned Herv Kerk. Die twee gemeentes het nou langs mekaar te Makwassie bestaan, sodat die kerkvereniging op Makwassie inderdaad tot kerkskeuring gelei het met gepaardgaande vyandiggesindheid. Die bepalings van die sogenaamde serwituut was 'n ondubbelsinnige aanduiding dat die Ned Herv of Geref Kerk aan die Ned Herv Kerk geen bestaansreg gegun het nie.

Ten spyte van hierdie vyandigheid het die kerklike lewe in die Gemeente Makwassie sonder die kerkgebou voortgegaan. Eredienste en kerkraadsvergaderings is van plaas tot plaas gehou. Die gemeente het as selfstandige gemeente voortbestaan in kombinasie met Klerksdorp soos blyk uit die besluit om elk twee afgevaardigdes uit die eie gemeente te kies om die kerkraadsvergadering van die ander gemeente by te woon sonder om inbreuk te maak op die huishouding van beide gemeentes (Notule Makwassie 3.12.1895). Op 'n kerkraadsvergadering van 3 Desember 1895 (gehou te Houwater) berig die skriba, dat hy 'n skikkingsooreenkoms ontvang het. Ds. Nel, predikant van die Ned Herv of Geref Kerk van Wolmaransstad het laat weet dat die skikkingsvoorstel aangeneem is. Die skriba en W.J. Stolz is afgevaardig om die akte

van ooreenkoms aan ds. Nel te gaan oorhandig vir ondertekening en om afskrifte van wat in die akte ooreengekom is, te verkry. Op 'n gemeentevergadering van 7 Desember 1895 is die skikkingsvoorstel ook aangeneem. Wat die aard en inhoud van hierdie skikkingsooreenkoms was, is nie aangeteken nie, maar dit is duidelik dat die Hervormde Gemeente van Makwassie hiermee weer sy eiendom teruggekry het, want by dieselfde vergadering kry broeders Du Toit en Jonker opdrag om die kerk so spoedig moontlik "... in orde te laten maken" (N.G.V.M. bl 4).

Dat sake so verloop het, is 'n direkte gevolg van die uitspraak van die Hooggeregshof in die saak te Trichardsfontein. Die hof het beslis dat lidmate wat nie verenig het nie, die wettige voortsetting van die Ned Herv Kerk was ... gevolglik het alle eiendomme van die Kerk aan hulle behoort. Lidmate wat verenig het, is beskou as lidmate wat hulle Kerk verlaat het. Die Ned Herv of Geref Kerk was dus verplig om alle eiendomme wat hy onwettig beset het, terug te gee of aan te vra vir 'n skikking. Hierdie hofuitspraak het dus beslis daartoe gelei dat die Ned Herv of Geref Kerk van Wolmaransstad nou baie begerig geword het om met die Hervormers van Makwassie te skik.

Na al die gistinge en beroeringe kon daar nou weer met ds. A. Lagerwey as konsulent aandag gegee word aan die gewone sake van die kerklike lewe. Op 'n kerkraadsvergadering van 3 Desember 1895 is daar weer kerkraadslede verkies en is opdrag gegee om die nodige boeke vir die skriba en kassier aan te koop. (Waarskynlik was die skriba broeder S.P. du Toit en die kassier broeder P.J. Jonker). Daaroor moes die kassier verslag doen by die volgende vergadering. Verder is besluit dat niemand voortaan lidmaat sal word wat nog nie vyftien jaar oud is nie. By die geleentheid is sewe kinders toegelaat om lidmaat te word, want met die ondersoek het geblyk:

> "... dat zij redelijk kunnen lezen, het Kortbegrip geheel kennen en goed bekend zijn met het leven, lyden, sterven en opstanding van Jesus en met de hoofdzaken van de Bybelgeschiedenis van het Ou Testament" (N.K.V.M. bl 3).



Ds. A. Lagerwey

'n Ander saak wat op dieselfde kerkraadsvergadering aandag geniet het, het betrekking gehad op die toelating van lidmate by wyse van attestaat. Vanweë die mislukte kerkvereniging was daar onduidelikheid oor wie lidmate van die Kerk was. Die kerkraad het ingesien dat besondere reëlings getref moes word om die belangrike saak in orde te bring. Daarom besluit die kerkraad op die vergadering van 3 Desember 1895 om die indiening van attestate op te skort ("verdaagd"), totdat kerkherstel volkome afgehandel sou wees. Op 11 September 1896 besluit die kerkraad verder dat almal – wat sonder attestate by die Ned Herv Gemeente Makwassie aangesluit het – by die eersvolgende kerkraadsvergadering hulle volle name moes opgee met vermelding van die naam van die predikant wat hulle "aangeneem" het, asook die plek waar hulle "aangeneem" en "voorgestel" is. Op hierdie manier kon die kerkraad daarin slaag om orde te skep in die verwarring wat ontstaan het, omdat die kerkvereniging misluk het.

Die gemeente wat nou aansienlik kleiner was, het voor die probleem te staan gekom dat sy finansiële verpligtinge dieselfde gebly het, en daarom swaarder gedruk het. Nietemin is daar op 'n gemeentevergadering van 5 Desember 1896 besluit om 'n ernstige poging aan te wend om die kerkskuld te delg. Kollektelyste is rondgestuur en vrywillige bydraes is gevra. Die poging het 'n kontantbedrag van £13.7.0 ingebring benewens beloftes ten bedrae van £8.5.0, 12 skape, 18 hoenders, 2 ganse en 1 eend. Hierdie nederige begin sou egter nie beskaam word met die verloop van die tyd nie.

'n Verdere aanduiding van die moeilike finansiële omstandighede in daardie tyd, was die eiendomskwessie tussen Makwassie en Klerksdorp. Die presiese omstandighede is nie duidelik nie, maar soos reeds gemeld, was die gemeentes in 'n stadium in kombinasie. Hoe en wanneer die kombinasie ontstaan het, is ook nie duidelik nie. Som-

mige aanduidings impliseer 'n nouer verbintenis as bloot 'n kombinasie, want die twee gemeentes het gesamentlik 'n kerkgebou te Klerksdorp besit, die sogenaamde "ou hulpkerk".

Op 11 September 1896 word J.C. Swanepoel en Gert Janse van Rensburg afgevaardig om op die kerkraadsvergadering van Klerksdorp navraag te gaan doen oor Makwassie se aandeel van die opbrengs van die erf met die "ou hulpkerk" op. Makwassie het vroeër sodanig bygedra, dat hy geregtig was op een derde van die inkomste. Die sending was geslaagd, want op 8 Oktober 1897 besluit die kerkraad op aanbeveling van ds. A. Lagerwey, die konsulent:

> "... de kerkraad van Makwassie betuigt hare tevredenheid met toekenning van ⅓de jaarlyks van de werkelijke inkomsten, na aftrek van uitgaven door Klerksdorp ..." (N.K.V.M.).

Dit is opvallend dat die owerheid by verskeie geleenthede grond aan die gemeente geskenk het. Op dieselfde kerkraadsvergadering word meegedeel dat broeder Du Toit (skriba) van die regering Lot 35 en 36 in Schweizer-Reineke se omgewing gekry het – omtrent 2 000 morge groot. En op 'n vergadering van 8 Oktober 1898 bevestig broeder Du Toit per brief aan die kerkraad, dat hy die grond van die owerheid gekry het. Dit blyk egter 'n skenking te wees van die owerheid aan die Ned Gemeente Makwassie en die Ned Herv of Geref Kerk van Wolmaransstad.

Op 12 Februarie 1899 verneem die kerkraadsvergadering dat die owerheid 130 morge van die plaas Poortjie aan die gemeente geskenk het. Dit was 'n welkome toevoeging tot die gemeente se bates, want die kerkraad kon dit onmiddellik vir verkoping aanbied om finansiële verligting te bewerkstellig. Die plaas is vir verkoping aangebied teen £1 per morg. Hierdie grondskenkings is 'n aanduiding van die welwillendheid van die owerheid van die volkstaat teenoor die Kerk. Daar was twee aangeleenthede wat die Gemeente Makwassie in hierdie tyd nie met sekerheid en duidelikheid gehanteer het nie. Dit was die genoemde kombinasie met Klerksdorp en die konsulentskappe.

Die heen-en-weer-gepratery rondom die inkomste van die "ou hulpkerk" te Klerksdorp het aangedui dat daar beslis 'n enge verbintenis tussen die twee gemeentes bestaan het. Dieselfde inkomste wat in 1898 £12.0.0 vir die jaar bedra het, het waarskynlik verhoed dat die kombinasie verbreek is. Die kerkraad van Makwassie het op 13 Mei 1898 na aanleiding van 'n voorstel van Klerksdorp besluit:

> "... dat Makwassie eerst de zaak van vreedsame verbreking der combinatie Klerksdorp-Makwasjie op kerkelijk gebied voor de gemeente brengen zou, opdat in eene wettige vergadering door de gemeente selve besluit worde, en by instemming met dit plan de kerkraad van Makwasjie door de gemeente gewettigd worden, en daarna in Klerksdorp hetzelfde te doen" (M.K.V.M. 13.10.1898).

Die volgende dag, 14 Mei 1898, ontstaan 'n hewige diskussie in die gemeentevergadering waaruit blyk dat Makwassie die gemelde £12.0.0 per jaar ontvang. Verder blyk dit dat die "hulpkerk" gebruik is om die predikant te huisves, terwyl dit vroeër gebruik is vir gemeenskaplike godsdiensoefeninge deur die twee gemeentes. Dit was genoeg rede vir die gemeentevergadering om met 'n groot meerderheid van stemme te besluit om die kombinasie nie te verbreek nie.

Op dieselfde kerkraadsvergadering (13 Mei 1898), bekragtig deur die gemeentevergadering die volgende dag, is besluit om 'n beskrywingspunt wat Klerksdorp na die Algemene Kerkvergadering wou stuur, te ondersteun. Die voorstel het gelui:

> "... dat aan art I Hoofst. IV Kerkelijke wetten en Bepalingen worde toegevoegd de woorden: 'mits zij gedurende minstens twee jaar lang lidmaten zijn van de Ned Hervormde Kerk in enig Land" (N.K.V.M. 13 Mei 1898).

Die bedoeling van die voorstel was duidelik om predikante vanuit die Ned Herv of Geref Kerk uit die Ned Herv Kerk te weer en ander predikante uit Nederland te beroep. Tot in die stadium was ds. A. Lagerwey, predikant van Heidelberg, konsulent van die kombinasie Makwassie-Klerksdorp. Op 16 Desember 1898 deel die voorsitter, ouderling J.C. Swanepoel die kerkraad egter mee dat ds. Lagerwey oorlede is en dat 'n ander konsulent gekies moet word. Hy stel verder dat die kerkraad reeds ooreengekom het om ds. C.W. du Toit, predikant van Potchefstroom (wat teenwoordig was), te vra om konsulent te wees. Ds. Du Toit antwoord dat hy die versoek nie kan weier nie, aangesien hy reeds vroeër konsulent van die gemeente was en daar steeds 'n "ou liefde" bestaan. Hy is buitendien die leraar wat die naaste aan hierdie gemeente woon. Hy verklaar verder dat hy hom geroepe voel om die konsulentskap te aanvaar, maar wil tog weet of die "kerkelijke Combinatie" met Klerksdorp sy aanvaarding nie in die weg staan nie. Hierop reageer ouderling W. Stoltz en diaken Du Toit met die mededeling dat hulle

van geen kombinasie weet nie en dat hulle ook geen akte van ooreenkoms in hulle besit het nie.

Dit was 'n merkwaardige mededeling, want slegs sewe maande vantevore het die gemeentevergadering die kombinasie bevestig. Hoe ookal, die mededeling het daartoe gelei dat ds. Du Toit die konsulentskap aanvaar het op voorwaarde dat die eersvolgende gemeentevergadering verklaar dat daar geen kombinasie bestaan nie.

Dit is duidelik dat ds. Du Toit nie Klerksdorp ook wou bedien nie. Om hom tegemoet te kom was Makwassie dadelik bereid om die kombinasie op te sê. Die rede vir ds. Du Toit se onwilligheid om Klerksdorp ook te bedien, is waarskynlik te wyte aan die beskrywingspunt wat Klerksdorp deurgestuur het na die Algemene Kerkvergadering met die inhoud dat 'n persoon eers twee jaar lidmaat van die Ned Herv Kerk moes wees voordat hy as predikant toegelaat kon word. Dit word bevestig deur die feit dat ds. Du Toit die volgende dag, 17 Desember 1898, as voorsitter, die gemeentevergadering versoek om sy konsulentskap goed te keur en terselfdertyd die kombinasie as opgehef te verklaar. Hy stel dat die kombinasie opgehou het om te bestaan met die afsterwe van ds. Lagerwey aangesien die kombinasie aan sy beroep verbonde was. Die gemeentevergadering het hierdie beslissing met algemene stemme aanvaar. Direk hierna is die gemelde beskrywingspunt in heroorweging geneem en op voorstel van veldkornet Van Rensburg het die vergadering die vorige besluit herroep.

Die enigste verklaring vir hierdie optrede van ds. Du Toit is waarskynlik daarin geleë dat hy, (ds. du Toit) hom met die kerkvereniging vereenselwig het en predikant van die Verenigde Kerk geword het. Hy het weliswaar reeds in 1894 deur die bemoeienis van die Prokulasiekommissie na die Ned Herv Kerk teruggekeer en die beskrywingspunt sou hom dus persoonlik nie raak nie. Waarskynlik het hy egter 'n vermoede gehad dat sy optrede met die kerkvereniging vir Klerksdorp nie aanvaarbaar sou wees nie en daarom wou hy die moontlikheid in Makwassie sondermeer uitskakel.

Hierdie onsekere en willekeurige hantering van die kombinasie en die konsulentskap is daaraan te wyte dat die Kerkwet van 1862, wat in die tyd steeds geldig was, geen bepalings gehad het met betrekking tot kombinasies en konsulentskappe nie. Dit is byvoorbeeld merkwaardig dat die gemeentevergadering gevra is om die konsulentskap goed te keur, terwyl dit kerkregtelik binne die bevoegdheid van die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering geleë was om predikante in gemeentes aan te wys waar bearbeiding vanweë omstandighede ontoereikend was. Interessant is dat daar reeds in die jare die gedagte begin leef het van 'n eie opleiding vir predikante van die kerk. So dien daar op die gemeentevergadering van 13 Mei 1898 'n skrywe van die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering insake die stigting van 'n "Theologiese Hoogeschool" – 'n saak wat deur Veldkornet Van Rensburg heelhartig ondersteun is. Die vergadering besluit dan ook op laasgenoemde se voorstel:

> "... dat deze vergadering het besluit van de H.E. Volksraad goedkeur om van staatswege eene Universiteit op te richten en dat de vergadering gewillig is de zaak te steunen indien het noodig mocht zijn" (N.G.V.M. 13 Mei 1899).

Teen die tyd het die kerklike lewe weer goed op dreef gekom, die finansiële toestand van die gemeente het verbeter met die insameling van kollektes en die hou van basaars. Die lidmatetal het gegroei uit eie geledere, maar ook vanweë die terugkeer van talle lidmate wat nie gelukkig was in die Ned Herv of Geref Kerk nie. Dit was ook die geval met die Ned Herv Gemeente van Wolmaransstad, want op 15 Mei 1899 het die kerkraadsvergadering gehandel oor 'n skrywe van Wolmaransstad waarin Makwassie genader word om gesamentlik (in kombinasie) 'n predikant te beroep. Hoewel die kerkraad nog nie sy weg daartoe oopgesien het nie, weens 'n goeie verhouding met die konsulent, ds. C.W. du Toit, en ook 'n nog heersende vrees vir 'n tekort aan die nodige fondse, is dit tog 'n aanduiding dat die gemeentes van die Ned Herv Kerk weer lewensvatbaar begin word het na die kerkvereniging. Waarskynlik sou die sluit van 'n kombinasie en die beroep van 'n predikant nie lank uitgebly het nie, maar toe het 'n nog groter terugslag die kerk, en tewens ook die volk getref, die uitbreek van die Tweede Vryheidsoorlog in Oktober 1899. Alle klerklike bedrywighede het terstond tot stilstand gekom – geen eredienste, geen vergaderings, niks!


HOOFSTUK 2

KOMBINASIES EN KONSULENTE

Verslae en verslaan het die volk van die ZAR (Zuid-Afrikaansche Rebubliek) na die Anglo-Boereoorlog (1899–1902) teruggekeer na huis en haard, na werk en kerk. Wat met soveel sorg en moeite opgebou is na die Eerste Vryheidsoorlog en op kerklike erf na die kerkvereniging, is deur hierdie verwoestende oorlog afgebreek. Huise is afgebrand en vernietig, kerkgeboue is afgebrand of omskep in hospitale of perdestalle, die moraal van die volk het 'n laagwatermerk bereik; armoede en ellende was deel van elke dag; huisgesinne was vaderloos en soms ook moederloos. Die Boerevolk was in sak en as, maar sy siel het gelewe. En soos die gesegde lui "verslaan maar nie oorwin nie", het die volk weer opgestaan, hom langsaam ontworstel uit die hel van swaarkry, armoede, vernederings. Ook op die kerklike akker moes die heropbou van die gemeentes van die Kerk van vooraf begin – so ook in die Gemeente Makwassie.

Ds. C.W. du Toit: Konsulent

Die eerste kerkraadsvergadering van die gemeente na die oorlog is gehou op 24 Januarie 1903 onder voorsitterskap van die konsulent, ds. C.W. du Toit, terwyl al die kerkraadslede van voor die oorlog, wat nog in lewe was, die vergadering bygewoon het met uitsondering van ouderling J.M. Nel. Die kerkraadslede wat teenwoordig was, was: ouderlinge W.J. Stoltz, H.J. Fouché, J.A. van Rensburg, J.C. Swanepoel en diakens P.J. Jonker, J.F.J. van Rensburg en S.P. du Toit. Vanselfsprekend was die ampstermyn van al hierdie broeders verstreke en moes daar onmiddellik kerkraadslede verkies word. Aangesien die saak baie dringend was, het die kerkraad besluit om die gewone prosedure op te skort en na nominasie deur die kerkraad die name sommer die volgende dag aan die gemeentevergadering vir verkiesing voor te lê, en dan die bevestiging onmiddellik af te handel. Dit is dan ook so gedoen anders sou dit ". . . tot nadeel zijn voor de gemeente in onze moeilijke omstandigheden na de oorlog" (N.K.V.M. 24 Jan 1903). Daar is ook besluit om twee broeders vir elke wyk te nomineer en op die gemeentevergadering, sommer nog dieselfde aand en nie eers die volgende dag nie, is toe verkies tot ouderlinge: J.C. Swanepoel, H.J. Fouché, W.J. Stoltz, M.J.J. van Rensburg en tot diakens: J.F.J. van Rensburg, J.A. du Toit, P.J. Jonker en P.J. Jonker (Klipspruit). Dit was dan die eerste na-oorlogse kerkraad van die Gemeente Makwassie.



Ds. C.W. du Toit

Op hierdie eerste kerkraadsvergadering na die oorlog het daar benewens die verkiesing van kerkraadslede twee ander sake van belang op die agenda gedien. Die eerste was die verkoop van eiendomme wat reeds voor die oorlog onder bespreking was, maar nou dringend geword het vanweë die finansiële nood van die gemeente. Natuurlik was dit nie nou die gewenste tyd om eiendomme te verkoop nie, maar die nood het hulle daartoe gedwing en daarom het die kerkraad besluit om die vroeëre opdrag nog as bindend te beskou. Aan broeders W.J. Stoltz en J.C. Swanepoel is opdrag gegee om voort te gaan met die saak.

'n Tweede saak wat dringende aandag geniet het, was die optrede teenoor ". . . die menschen die de wapenen tegen ons hebben opgevat in de oorlog en die het land en volk ontrouw waren" (N.K.V.M. 24 Jan 1903). Broeder Stoltz wil weet of sulke mense ontvang kan word as hulle van ander gemeentes af oorkom. Hieroor is geen besluit geneem nie, maar die kerkraad sou wag totdat

so iets gebeur en dan die saak bespreek. 'n Voorstel van broeder J.C. Swanepoel word egter wel aangeneem. Dit lui:

> "... dat vaders, die in den oorlog de wapenen tegen on opgenemen hebben niet zullen toegelaten worden als vaders te staan by het doopen hunnen kinderen en dat zij ook niet aan het avondmaal zullen toegelaten worden tot tyd en wyl zij voor de kerkraad verschynen om schuld te belyden en berouw te betonen" (N.K.V.M. 24 Jan 1903).

Onmiddellik hierop het broeder S.P. du Toit sy bedanking ingedien (skriftelik) as lidmaat van die Ned Herv Kerk en kennis gegee dat hy van voorneme is om by die Ned Herv of Geref Kerk aan te sluit. Op aandrang het die broeder sy redes vir die besluit verstrek. Hierdie bedanking is deur die kerkraad oorweeg en aangeneem sonder dat "... de kerkeraad de gronden erkent waarop de broeder voor zijn lidmaatschap bedankt" (N.K.V.M. 24 Jan 1903).


Uit die aard van die saak was die optrede en dade van die oorlopers en hensoppers ook vir die kerkvolk afstootlik, veragtelik en immoreel. In so 'n mate dat dit selfs in kerkraadsbesluite neerslag gevind het en gevolglik onmin en stryd veroorsaak het. Die kerkraad het ook geen beswaar gehad as so iemand die Kerk wou verlaat nie, maar wou nie die beweegredes erken nie.

Ds. A.C. Murray Konsulent

Op hierdie vergadering het ds. Du Toit ook kennis gegee dat hy nie langer die konsulentskap kan behartig nie, aangesien sy gemeente, Potchefstroom, al sy aandag verg en hy ook nog ander konsulentskappe moet behartig. Die kerkraad het egter geweier om sy bedanking te aanvaar en ds. Du Toit sou later sy beslissing bekend maak. Op die vergadering van 29 Augustus 1903 is ds. Du Toit se bedanking egter aanvaar en is ds. Murray van Ventersdorp, wat op versoek van ds. Du Toit as voorsitter waargeneem het, eenparig gevra om die konsulentskap op hom te neem, wat hy dan ook gedoen het.

Eenwording Makwassie en Wolmaransstad

Op dieselfde vergadering (20 Augustus 1903) het daar 'n besondere gebeurtenis plaasgevind wat die Gemeentes Makwassie en Wolmaransstad geraak het. Daar is naamlik deur die kerkrade van die



Ds. A.C. Murray

"... onder de naam van de Ned Herv Gemeente van Makwassie met Witpoort als Hoofd Kerkplaats" (N.K.V.M. 29 Aug 1903). Hierdie vereniging het spontaan en sonder aansoek tot die Algemene Kerkvergadering plaasgevind op grond van die nood van beide gemeentes. Klein lidmaatgetalle en die armoede na die oorlog het dit vir beide gemeentes haas onmoontlik gemaak om selfstandig die mas op te kom en vandaar die vereniging of samesmelting.

Geen wonder nie, die gemeentevergadering het hierdie besluit van die kerkraad met akklamasie ondersteun en goedgekeur. Hoewel die besluit vir beide gemeentes voordeel ingehou het, is dit dog nie deur almal (veral van Wolmaransstad se kant af) ewe geesdriftig en sonder voorbehoud aanvaar nie, waarskynlik uit vrees dat die Gemeente Wolmaransstad heeltemal sou ophou om as selfstandige gemeente te bestaan. So byvoorbeeld het ouderling W.C. de Beer hom op die vergadering van 29 Augustus 1903 ten gunste van die samesmelting verklaar, maar later weier hy om die kerkboeke van Wolmaransstad aan Makwassie te oorhandig. twee gemeentes (die kerkraadslede van Wolmaransstad het die vergadering bygewoon) besluit om die twee gemeentes te amalgameer ("verenig") Na verskeie afvaardigings en selfs 'n skriftelike versoek van die voorsitter, ds. Murray, het broe-

der De Beer steeds geweier om die boeke af te gee. Dit het in sy besit gebly tot met die herstigting van die Gemeente Wolmaransstad.

Toe daar op 25 Oktober 1903 verslag gegee is oor die sensus wat opgeneem is, het dit geblyk dat die saamgesmelte gemeente bestaan het uit 448 belydende lidmate en 534 nie-belydende lidmate. Aan diaken Steyn is opdrag gegee om die banke van die "ou Gemeente Wolmaransstad" bymekaar te kry en in die kerk Witpoort te plaas. Vanweë die uitgestrektheid van die gemeente is daar ook besluit dat met die volgende kerkgeleentheid nagmaal bedien sal word te Brakspruit op Doornbult. (Tussen Ottosdal en Delareyville).

Ook van belang op die stadium was die gemeente se gesindheid teenoor en ondersteuning van die Teologiese Opleiding, want die kerkraad besluit om die dankseggingskollekte van elke nagmaal vir die doel af te staan (N.K.V.M.).

Wat eiendomme betref, besluit die kerkraad om te probeer om die transport van die plaas Poortjie te kry en die plaas dan te verkoop teen 'n prys wat deur die aangewese kommissie bepaal sou word. Die Kommissie sou bestaan uit broeders Stoltz, M. van Rensburg en Du Toit. Ook besluit die kerkraad op 30 Januarie 1904 om die gesamentlike eiendom van die Ned Herv Gemeente Makwassie en die Ned Herv of Geref Gemeente Wolmaransstad te Bloemhof te "verbind", op versoek van laasgenoemde gemeente se leraar, ds. Van Horst. By dieselfde vergadering het broeder Wessel de Beer, toe hy weer genader is oor die boeke van Wolmaransstad, aan die kerkraad laat weet dat hy besig is om die kerkgebou te Wolmaransstad te repareer en dat hy dit aan die kerkraad sal oorhandig op voorwaarde dat daar ook kerkdienste gehou sal word. Die kerkraad besluit toe dat daar ses kerkvieringe per jaar gehou sal word om die beurt te Witpoort en Wolmaransstad en die konsulent, ds. Murray, verklaar hom gewillig om dit te doen in belang van die gemeente. Ook besluit die kerkraad om geld op te neem op die Bloemhof-eiendom ten einde reparasies aan die kerk (te Witpoort) in opdrag van die gemeente te doen.

Interessant om te vermeld is die finansiële sake rondom so 'n kerkviering. Die inkomste is soos volg saamgestel:

Doopregistrasies £4.15.0; deurkollektes £4.10.3; Totaal: £9.5.3.

Die uitgawes was soos volg:

Wyn 12.0; skaap £1.5.0; Salaris: Koster: £4.0.0; skriba £1.18.0; Totaal: £8.3.6.

Vanweë die uitgestrektheid van die gemeente besluit die kerkraad om ook kerkraadslede te kies vir die wyk Brakspruit en nomineer as ouderlinge die broeders Marthinus Koekemoer en George Bredenhand en as diakens Gert J. van Vuuren en G. Stoltz (G/Sn). Op 'n gemeentevergadering op 29 Mei 1904 is met groot meerderheid stemme tot ouderling verkies M. Koekemoer en tot diaken G.J. van Vuuren.

Nou word daar ook amptelik kennis gegee aan die skriba van die Algemene Kerkvergadering dat die twee Gemeentes Makwassie en Wolmaransstad "ineengesmelt" het as die Gemeente Makwassie (N.K.V.M. 28 Mei 1904).

Die kerkraad bepaal nou ook dat daar weer gereeld eredienste gehou moet word, sowel in Witpoort as in Wolmaransstad en gevolglik besluit die kerkraad op een erediens elke maand in beide gemeentes. In Makwassiegemeente sal "een stichtelijke preek gelezen worden" deur 'n ouderling om die beurt en op Wolmaransstad sal ouderling Rossouw "voor de diensten zorgen" (N.K.V.M. 28 Mei 1904).

Die organisasie en administrasie van die gemeente kry nou ook aandag en word opgeknap met die aanwys van 'n "Commissie over Kerkgoederen" (bestaande uit ouderlinge M. van Rensburg, P.N. van Rensburg, M. Koekemoer en diakens J. van Rensburg en J.A. du Toit); die verkiesing van 'n kassier (J.A. du Toit) en die aanstelling van 'n koster teen 'n verhoogde salaris van £2.10.0 elke vier maande. Opvallend is dan die toename in inkomste en uitbetalings by elke nagmaalviering. So was die inkomste met die kerkviering op 28 Mei 1904 £18.4.9, terwyl die basaar die bedrag van £50.7.6 ingebring het.

Die uitbetalings het die bedrag van £73.2.10 beloop, waarby ingesluit was 'n bedrag van £32.6.10 vir reis- en verblyfkoste van twee afgevaardigdes na die Algemene Kerkvergadering; 'n bedrag van £17.10.0 as afbetaling van die skuld van ouderling Swanepoel en £15.0.0 aan ouderling Fouché; asook 'n skaap £1.6.0 (waarskynlik vir die versorging van die predikant).

Ook opvallend is die besonder hoë persentasie bywoning van vergaderings deur kerkraadslede ongeag die ver afstande en moeilike lewensomstandighede so kort na die Anglo-Boereoorlog. So is die notule van die kerkraadsvergadering van 28 Mei 1904 onderteken deur die konsulent ds. Murray, asook die volgende kerkraadslede: N.P.J. van Rensburg, J.F.J. van Rensburg. J.J. Steyn, J.M. Barnard, J.A. du Toit, G.P. van Vuuren, J.J. Fouché, M.W. Koekemoer, M.J. van Rensburg, G.P. Rossouw, W.J. Stoltz, H.J.Fouché, G.J.

Coetzee. (Dit was die volle kerkraad.)

In die tyd (1904) is die plaas Poortjie verkoop vir £100.0.0 en aan ouderling M.J. van Rensburg is opdrag gegee om geld op te neem om die grondbriewe in orde te kry, maar nie by die bank nie, aangesien daar 9% rente betaal moet word. 'n Bedrag van £100.0.0 is van die regering as skenking ontvang en net so uitbetaal vir die werk aan die kerk te Wolmaransstad.

Interessant was die kwessie van voorsinger by die eredienste. Gewoonlik is iemand spesiaal deur die kerkraad aangewys om die taak te verrig en sedert Julie 1904 was dit broeder Gert Coetzee beskore. Lofwaardig was reeds in hierdie moeilike dae die gesindheid van die kerkraad en gemeente teenoor die minderbevoorregtes. So is daar reeds kort na die beëindiging van die oorlog (1904) 'n alimentasie toegeken aan die weduwee Pretorius (10/-), terwyl aan die ou heer Coenraad de Beer toestemming verleen is om 'n huisie op die kerkgrond te Wolmaransstad te bou en dan sommer toesig oor die kerkgebou te hou. Die kerkraad het selfs opdrag gegee dat by die volgende kerkgeleentheid 'n lys van behoeftiges voorgelê sal word. 'n Lys met name is toe ingehandig. Betekenisvol is dat selfs toe al die deurkollektes aangewend is vir die diens van barmhartigheid.

Om offers vir die Kerk te in is daar verskillende metodes aangewend. So byvoorbeeld is daar gereeld basaars gehou wat teen die tyd telkens aansienlike inkomste gelewer het; ook moes elke lidmaat 5/- bydra vir konsulentsalaris; daarbenewens is daar ook van tyd tot tyd kollektelyste deur die diakens rondgeneem by die lidmate. Ook moes 'n mens betaal vir die doop van 'n kind (5/-) en vir geloofsbelydenis (5/-). Teen die tyd was die inkomste van die gemeente aansienlik en het toestande ook begin verbeter – die gemeente het ook wat lidmatetal betref, groter geword. (In 1906 was daar 605 belydende lidmate en 1 305 siele). Hierdie gunstiger toestande het daartoe aanleiding gegee dat die konsulent, ds. Murray, op 'n spesiale gemeentevergadering van 4 Februarie 1905 pertinent stel:

> "... dat deze vergadering besluiten moet of het niet wenschelijk en mogelijk is om een gevestigde predikant voor deze gemeente te beroepen" (N.G.V.M. 4 Feb 1905).

Ds. Murray stel dit dat 'n stuk grond verkoop kan word vir omtrent £1200.0.0 en dat daarmee 'n pastorie gebou kan word. Op voorstel van ouderling J. van Rensburg besluit die gemeente eenparig die volgende:

> "... de gemeente draagt het aan den kerkraad op om den grond te verkoopen en de noodige voorsorg voor eene woning voor den predikant te maken en om dan een Leraar te beroepen" (G.V.M. 4 Feb 1905).

Toevallig het daar op die kerkraadsvergadering van dieselfde dag 'n skrywe gedien van die kerkraad van Klerksdorp met die versoek aan Makwassie om die "ou kerkgebou" te verkoop, terwyl ouderling Van Rensburg meedeel dat hy 'n aanbod van £600.0.0 het (10/- per morg) vir twee stukke grond, 1 200 morge groot, waarop die kerkraad opdrag gee om te verkoop.

'n Ander saak wat nou ook die aandag van die kerkraad geniet het, was die kategese, die onderrig van die kinders van die gemeente. Die kerkraad besluit "... de Zondagschool zal in de kerk worden gehouden onder toezicht van de kerkeraad en diaken Du Toit zal voor de onderwyzers sorgen" (N.K.V. 4 Feb 1905).

Op hierdie stadium duik daar 'n ander onaangenaamheid op as gevolg van die eenwording van die Gemeentes Makwassie en Wolmaransstad. Soos reeds geblyk het, was die broeder Wessel de Beer 'n struikelblok wat betref die oorhandiging van die boeke en dokumente van Wolmaransstad, maar toe hy onderneem het om die kerkgebou te Wolmaransstad te repareer het die kerkraad dit goedgekeur, mits die koste nie £100.0.0 te bowe sou gaan nie. (Die £100.0.0 was 'n geskenk van die regering.) Toe W.C. de Beer egter op die gemeentevergadering van 29 April 1905 'n verslag ter tafel lê van ontvangste en uitbetalings waaruit blyk dat daar nog 'n bedrag van £109.13.0 verskuldig was en hy versoek dat die gemeente dit moet betaal, was die vet behoorlik in die vuur. Die voorsitter, sowel as broeders G. Coetzee en M. Koekemoer het hulle verbasing daaroor uitgespreek, aangesien hulle nog al die tyd gemeen het dat W.C. de Beer die verantwoordelikheid op hom geneem het vir alle uitgawes bokant die £100.0.0 geskenk van die regering. En aangesien W.C. de Beer geen opdrag gehad het van die kerkraad of die gemeente om die werk te laat doen nie, verklaar die gemeente hom totaal onwillig om die skuld te betaal.

Ten einde die verlange om 'n eie leraar te beroep, gouer gestalte te gee, besluit die vergadering ook om aan diaken Du Toit opdrag te gee om die gesamentlike eiendom te Klerksdorp te verkoop, terwyl aan ds. Van der Horst (Ned Herv of Geref Kerk, Wolmaransstad) prokurasie verleen word om die gesamentlike eiendom te Bloemhof te verkoop. Terselfdertyd rapporteer ouderling M.J. van Rensburg ook by die kerkraadsvergadering dat hy

lot 29 en 30, 2596 morge groot, verkoop het aan die heer Daneel teen 10/- per morg.

Selfs op hierdie stadium (14 Okt 1905) het die gevoelens nog nie tot rus gekom oor gebeurtenisse rondom die Anglo-Boereoorlog nie. So het daar weens die herkiesing van broeder M.J.J. van Rensburg tot ouderling besware ingekom van sommige gemeentelede, as gevolg waarvan die broeder toe bedank het. Die kerkraad het toe die saak bespreek en met meerderheid van stemme die volgende besluit:

"... de kerkeraad betreurt de loop van zaken die aanleiding gaf tot het bedanken van den Br M.J.J. van Rensburg en spreekt het duidelijk als zijn gevoelen uit dat hy zich het ambt van ouderling *niet* onwaardig heeft gemaakt door in het kamp te Klerksdorp te wezen" (N.K.V.M. 14.10.1905.

'n Afskrif van hierdie besluit is aan broeder Van Rensburg oorhandig en op 'n vergadering van 12 Januarie 1906 is hy weer tot ouderling verkies.

Die opsig en tug in die gemeente, veral oortreding van sekere gebooie, het die nougesette aandag van die kerkraad geniet. Veral die oortreding van die sewende gebod (buite-egtelike kinders, owerspel en saamblyery) en die negende gebod (onvrede en onderlinge twiste) kan hier uitgesonder word. Om die vrede tussen geloofsgenote te herstel het die kerkraad gewoonlik Kommissies gekies om aandag te gee en vir oortreding van die sewende gebod is gewoonlik die ontsegging van die "bondzegelen" vir twaalf maande toegepas. In buitengewone gevalle is die toepassing van sensuur van die kansel afgekondig.

In die tyd vind daar ook 'n interessante ontwikkeling plaas ten opsigte van die vrou in die werk van die Kerk. Die gemeente het behoefte gehad aan 'n orrel wat hulle tot nou toe nie kon bekostig nie. Die kerkraad besluit toe om vir die aankoop van 'n "musiekinstrument" kollektelyste deur die gemeente te laat neem, maar nie deur die kerkraad nie, wel deur ses jong susters van die gemeente. Blykbaar was dit 'n goeie besluit van die kerkraad, want die lyste het die pragtige bedrag van £111.0.2 ingebring.

Op die tydstip is die gemeentekas finansieel aansienlik versterk met die verkoop van die plaas Groenpan vir £405.0.0 en Poortjie aan L.S. Kruger vir £50.0.0 (10/- per morg). Lot 22 No 272, 1 110 morge groot is ook verkoop teen 10/- per morg, dus vir £555.0.0, terwyl Klerksdorpgemeente ook aan Makwassie 'n aanbod gemaak het van £100.0.0 vir laasgenoemde se aandeel in die "ou hulpkerk".

Tot nou toe was daar ook nog geen, of weinig banke vir die kerkgebou nie. Dit word nêrens vermeld of diaken Steyn enige banke van die Wolmaransstadse kerk opgespoor en in die kerk op Witpoort geplaas het nie. Die kerkraad het toe in elk geval aan J.A. du Toit en J.S. Kruger opdrag gegee om kerkbanke te laat maak indien daar fondse beskikbaar is. Op 21 Julie 1906 rapporteer hulle dat daar 64 banke (vir £78.12.7) en 6 stoele (vir £2.2.0) gemaak is. Later is nog 21 banke gemaak vir die bedrag van £23.12.9. Op 'n vergadering van 21 Julie 1906 dien daar 'n skrywe voor die kerkraad van die skriba van die "Algemene Commissie" waarin daar finansiële ondersteuning gevra word vir "... twee jongelingen tot opleiding voor evangeliebediening" (K.V.M. 21.6.1906). Die kerkraad wil egter eers meer informasie inwin voordat hulle ondersteuning gee aan hierdie "gewenschte zaak". Hierdie houding van die kerkraad in dié verband het ook in later jare deurgeslaan toe seuns uit die eie gemeente aansoek gedoen het om finansiële hulp vir hulle teologiese studies.

'n Besluit wat die kerkraad later bitter sou berou, het betrekking op die uitleen van kerkgeld aan sekere lidmate van die gemeente. So is daar op 27 April 1907 aan broeder Robbertse £100.0.0 aan G. Coetzee £50.0.0 en later aan L.S. Kruger £300.0.0 en aan H.J.A. Jonker £50.0.0 geleen teen 8% rente per jaar en goeie sekuriteit. Sommige lidmate se aansoeke is egter "om gewigtige redenen" van die hand gewys. Nie alleen het die kerkraad vir homself probleme geskep met sy merieteoordele nie, maar ook met die invordering van hierdie skulde in later jare.

Dat die kerkraad van Makwassie dikwels ook sy eie kop gevolg het, blyk daaruit dat, nadat die Algemene Kerkvergadering 'n reëling ten opsigte van konsulentskappe neergelê het, die kerkraad besluit het om hom nie daarby neer te lê nie en sy eie konsulent benoem het. Ook ten opsigte van bydraes vir die Studiefonds het die kerkraad besluit dat hy nie die gevraagde bedrag kan betaal nie, en ten opsigte van kerkheffings, dat hy eers in 1908 sal betaal. Hierdie besluite is geneem ondanks die feit dat die finansiële toestand van die gemeente vir daardie tyd besonder goed was, veral vanweë grondverkope, maar ook soos weerspieël in basaaropbrengste, kollektelyste, ens.

In die tyd kom daar 'n saak aan die orde, wat indien dit sou gerealiseer het, aan die bestaan van die dorp Witpoort en die Gemeente Makwassie 'n totaal ander verloop sou gegee het. Dit was naamlik 'n mededeling van ouderling M.J.J. van Rensburg dat hy 'n skrywe van die regering ontvang het dat daar planne beraam word om Witpoort tot


'n arbeidskolonie te verklaar. Hierop het die kerkraad besluit om die regering in kennis te stel dat daar te Witpoort 'n "vaste gemeente" van die Ned Herv Kerk bestaan met sy eie konsulent en hy versoek die regering om hom in alle handelinge te ken en te erken. Die regering se reaksie was positief op die versoek.

Die nou reeds lank onvervulde begeerte van die gemeente om 'n eie predikant te hê, het op die kerkraadsvergadering van 26 Oktober 1907 neerslag gevind toe broeder Viljoen, gesekondeer deur Steyn, voorgestel het om aan die opdrag van die gemeente uitvoering te gee – 'n opdrag wat al op 5 Februarie 1905 gegee is "om heden avond" 'n beroep uit te bring op 'n leraar vir die gemeente. Met 10 stemme teen 1 is die voorstel goedgekeur en met geslote stembriefies is 'n beroep uitgebring op "de Eerwaarde Kandiaat G. Pellisier" teen 'n salaris van £300.0.0 per jaar. Die kerkraadslede wat hierdie Beroepsbrief onderteken het, was M.J. van Rensburg, J.A. du Toit, G.P. van Vuuren, W.J. Stoltz (wat 'n rukkie vantevore weer as ouderling verkies is), J.J. Fouché, N.P.J. van Rensburg, G.P. Rossouw, J.A. Viljoen, G.P. Pretorius, G.J. Coetzee, J.J. Steyn en C.L. Swanepoel. Proponent Pellissier het egter nie die beroep aangeneem nie. Na hom is nog beroep ds. C. Murray, die konsulent (met 4 aangetekende teenstemme); 'n proponent Odendaal en J.A.R. du Toit, asook ds. J.H. Hugo (Upington). Uit hierdie beroepe is dit duidelik dat Hervormde gemeentes dikwels predikante uit die Ned Herv of Geref Kerk beroep het, want al die bogenoemde beroepe leraars, met uitsondering van ds. Murray wat die Hervormde predikant te Ventersdorp was, was van die Ned Herv of Geref Kerk. Ook die predikant wat uiteindelik die beroep na Makwassie aangeneem het, ds. K.T. van den Heever, was predikant van die Ned Herv of Geref Kerk te Christiana.

HOOFSTUK 3

PREDIKANTE VAN MAKWASSIEGEMEENTE

Ds. K.T. van den Heever: 1908–1916



Ds. K.T. van den Heever

Interessant is dat die kerkraad nie sondermeer vir ds. Van den Heever beroep het nie, maar hom eers uitgenooi het om in Makwassie te kom preek. Op 20 Oktober 1908 is hy toe wel beroep en hy het hom die beroep laat welgeval. Hy is waarskynlik in Desember 1908 in die gemeente bevestig.

Op hierdie stadium was daar egter nog nie 'n pastorie gebou nie, hoewel die gemeente finansieel daartoe in staat was. Daar was immers £771.10.0 in die kerkkas en £314.17.0 uitstaande van die uitgeleende bedrae wat volgens die kassier alles in 1908 terugbetaal sou word. Daar was dus genoeg fondse beskikbaar vir die bou van 'n pastorie wat ongeveer £800.0.0 sou kos. Die kerkraad het egter besluit om voorlopig 'n huis van broeder J.A. du Toit te huur teen £2.0.0 per maand (waarin ds. Van den Heever reeds ingetrek het), verder om 'n kommissie aan te stel om 'n geskikte stuk grond aan te koop, asook om 'n boukommissie te kies met opdrag om onmiddellik voort te gaan met die bou van 'n pastorie teen 'n bedrag van £600.0.0 nie te bowe gaande. Wanneer die pastorie voltooi is, word nie vermeld nie, maar dit is in elk geval die pastorie waarin al die predikante van die Gemeente Makwassie gewoon het totdat die gemeente opgehou het om as selfstandige gemeente te bestaan. (Die pastorie is later verkoop aan broeder G. Ruthven wat dit tans nog besit en daarin woon.)

Weer eens kom die saak van die "Theologiese Kweekskool" aan die orde. Volgens besluit van die Algemene Kerkvergadering is van elke lidmaat 'n halfkroon (25 sent) per jaar vir die doel gevra. Toe ds. Van den Heever die saak tot stemming bring, het drie kerkraadslede daarvoor gestem te wete F.W. König, J.H. Viljoen en G. Pretorius. Hulle bydraes hiervoor was respektiewelik, 50, 2 en 1 halfkroon.

As gevolg van die aanbou van die pastorie en die uitgawes verbonde aan die predikantstandplaas het die gemeente finansieel weer begin noustrop trek. Ook is die uitgeleende geld ook nie stiptelik terugbetaal nie. Die gevolg was dat die kerkraad self 'n lening van £250.0.0 moes aangaan. Gelukkig vir die gemeente is die plaas, lot 29, 1 271 morge groot, ook verkoop vir £500.0.0. Danksy hierdie grondskenkings deur die owerheid kon die gemeente finansieel aan die gang bly. Uit 'n ander oogpunt was dit ook maar jammer dat 'n gemeente sy eiendomme moes vervreem om sy verpligtinge na te kom. Eienaardig genoeg het die kerkraad selfs in hierdie tyd, ondanks die nypende tekort aan geld, en ondanks die trae terugbetaling van lenings, tog nog besluit om aan sekere uitverkore broeders geld te leen.

'n Verdere gebeurtenis wat die gladde verloop van sake in die gemeente belemmer het, was die aan die orde-stel deur ds. Van den Heever van "de afscheiding van de gemeete Wolmaransstad" (K.V.M. 30 April 1910). Die vergadering het egter besluit om nie onmiddellik daartoe oor te gaan nie, maar met 'n besluit te wag totdat daar 'n behoorlike sensus geneem is. Die sensus is geneem en die afstigting is nog in 1910 afgehandel soos blyk uit die feit dat 'n kommissie uit Makwassie 'n kommissie uit Wolmaransstad ontmoet het om te handel oor die "salaris" van ds. Van den Heever. Die traktement is vasgestel op £350.0.0 per jaar waarvan Makwassie £200.0.0 en Wolmaransstad

£150.0.0 sou bydra. Hieruit blyk dan dat ds. Van den Heever beide gemeentes bearbei het (in kombinasie of Wolmaransstad as konsulent) totdat hy in 1916 'n beroep na Ventersdorp aanvaar het.

In dieselfde jaar (Oktober 1910) het die Gemeente Makwassie ook besluit om 'n nuwe kerk te bou. Aanvanklik is besluit om 'n langwerpige kerk te bou, maar die besluit is later gewysig om vir 'n kruiskerk voorsiening te maak. 'n Boukommissie is benoem bestaande uit broeders A.P. Roos, J.A. du Toit, P. van den Berg en C.J. Roos. Hulle opdrag was om 'n steenkerk (aanvanklik is besluit op 'n klipkerk) te bou met sitplek vir 700 mense en om dadelik met die projek te begin. Fondse vir die doel moes uit die gemeente verkry word of elders opgeneem word. 'n Kollektelys is in elk geval onmiddellik geopen vir die doel. Reeds op 29 September 1911 is 'n bedrag van £250.0.0 vir kerkbou gekollekteer, maar terselfdertyd spreek die gemeente sy kommer uit . . .

> ." . .oor de treurige wijse waarop sommige gemeentelede bijdragen tot de bouw van onze kerk" (N.G.V.M. 30.9.1911).

Gevolglik is die susters van die gemeente weer betrek om te help met die kollekte en 25–30 susters was hiermee behulpsaam. Met die bou van die kerk is intussen begin en die hoeksteen is gelê op 30 September 1911 deur ds. Van den Heever. Diekerk is in gebruik geneem op 25 September 1912, maar reeds op 20 April 1912 is besluit om die tekort van £280.0.0 op die boukoste op te neem. Verder is op 'n gemeentevergadering van 13 Julie 1912 besluit dat die "zusters collecteercommissie" saam met ouderling P. van den Berg stappe sal doen om 'n "flink" basaar te hou met die inwyding van die kerk. Op dieselfde vergadering is ook besluit om 'n voorstel van die kerkraad te aanvaar



Inhuldiging van nuwe kerk, 25 September 1912

dat elke lidmaat voortaan 10/- per jaar sal bydra vir "predikantsalaris". Die opbrengs van die basaar was £180.0.0 – 'n lofwaardige poging. Om die tekort aan te vul het die kerkraad besluit om die bedrag by die bank op te neem.

Vir die eerste keer word nou verneem dat die kerk in verskillende ringe funksioneer en dat Makwassie onder die Westerlike Ring ressorteer. Dit is hierdie Ring wat 'n beroep gedoen het op gemeentes

> " ". . . om aan jongeling Venter (later ds. P.J.J. Venter) die voor de Hervormde Kerk studeert en die arm is, te steunen" (N.K.V.M. 20 April 1912).

Die kerkraad besluit om hulp te verleen, maar aan die saak van die Teologiese Opleiding is besluit om die Algemene Kerkvegadering te versoek om die verpligting van 2/6 per lidmaat te verander na 'n vrywillige bydrae.

Met die ingebruikneming van die nuwe kerkgebou is besluit om die ou kerkgebou voorlopig net so te laat staan, maar dat die ou banke verkoop word aan die Gereformeerde Kerk van Wolmaransstad teen 10/- stuk.

In die tyd is daar bitterlik gekla oor die offergawes van gemeentelede en om die saak te beredder is met verloop van tyd allerlei besluite geneem, onder andere dat die kollekte vir die predikantsalaris vervang word met 'n kollekte vir gemeentefonds, verder dat

> "Ieder gemeentelid dat zijn 10-, vershuldigd aan deze gemeente voor het jaar 1913, niet betaalt voor of op Dec 31 – 1913, verbeurt zijn status als gemeetelid volgens Art. 3 van onze kerkwet" (N.G.V.M. 18.10.1913).

'n Ander interessante saak wat nou ook die aandag van die kerkraad geniet, is die kwessie van die vroeë biduur. Blykbaar is daar op een of ander stadium besluit om op Sondagoggende vroeg 'n biduur in die kerk te hou. Op die kerkraadsvergadering van 19 April 1913 kla ouderling Viljoen egter oor die swak bywoning van die bidure waarop die kerkraad besluit om die biduur te vervang met 'n vroeë oggenderediens.

'n Aansoek vir geldelike ondersteuning vir die bou van 'n hospitaal (waarskynlik te Wolmaransstad) word verwys na 'n volgende vergadering, sodat daar eers verdere ondersoek ingestel kan word.

'n Opskudding is in die gemeente veroorsaak toe broeder Hans Matthysen ('n vrygesel) aansoek by die kerkraad gedoen het om 'n aangenome kind

te laat doop. Besware is van oral geopper, sodat die kerkraad besluit:

> "... aangezien er klachte is, genoemd kind niet in de kerk zal toegelaten worden omdat van de gemeente er over ontevreden is, aangezien het kind niet blank is" (N.K.V.M. 19.4.13).

Selfs in die tyd, toe predikante en ouderlinge nog in hoë aansien was by lidmate, tref 'n mens egter die verskynsel aan dat 'n sekere broeder C.H. Fouche en sy vrou die predikant en die kerkraad beledig het, met die gevolg dat hulle opgeroep is om voor die kerkraad te verskyn. En kan 'n mens dit glo, dat 'n voorstel dat kerkraadslede die eredienste meer getrou moet bywoon, protes uitlok "wegens omstandighede".

Iets wat 'n aanduiding gee van die moeilike werksomstandighede van 'n predikant in daardie dae, veral ook vanweë die uitgestrektheid van die gemeentes, is die besluit van die kerkraad om 'n kar (perdekar) aan te koop vir die leraar en daarvoor moes elke wyk binne twee maande £6.0.0 kollekteer.

In hierdie jare het die gemeente sy gewone gang gegaan soos blyk uit die sake hieraan voorafgaande – maar die gewone sake van en in elke gemeente. So het dit gegaan totdat die rebellie in 1914 uitgebreek het – 'n nuwe broedertwis in die geledere van die volk. Ook in die gemeente het die repercussies nie uitgebly nie. Die eerste rimpelings op die oppervlak is gewaar met die bedanking van diaken A.L. Oosthuizen – 'n bedanking waaroor besluit is

> "... de vergadering acht het raadzaam met deze zaak te wachten totdat Br. Oosthuizen thuis komt" (N.K.V.M. 17.4.1915).

Op 'n vergadering van 6 Oktober 1915 kondig die voorsitter ds. K.T. van den Heever as doel van die vergadering aan:

> "... een klachten tegen de predikant of kerkraadsleden te ontvangen en te behandelen" (N.K.V.M. 6.10.1915).

Daar het slegs een skriftelike klag ingekom teen die leraar deur mev. L.M. van Niekerk, maar die klag is nie behandel nie

> "... daar deze dame behoort tot de Ned. Herv. Gem. Wolmaransstad" (N.K.V.M. 6 Okt 1915).

Sy is gevolglik versoek om haar klag die volgende Saterdag te Wolmaransstad by die kerkraad in te dien. (Dit blyk ook uit die Ringsnotule dat die Ringskommissie 'n geskil te Wolmaransstad tussen



Nagmaal in die ou dae

leraar en gemeente uit die weg moes ruim, maar nie daarin kon slaag nie.)

Nietemin het die kerkraad op die vergadering tog onderling die moeilikhede in die gemeente bespreek. Ouderling W.J. Stoltz se beswaar teen die leraar was, dat hy hom nie onpartydig gedra het in die tyd van moeilikhede nie. Ook ouderling A.B. Wolmarans is diep gegrief oor 'n sekere uitdrukking wat deur die leraar teen hom gebesig is. (Die leraar het hom hieroor om vergifnis gevra.) Ander broeders het ook hulle besware geopper oor die eensydige houding van die leraar gedurende die opstand. Die antwoord van ds. Van den Heever hierop was:

> "... waar hij gestaan had vóór de opstand, daar heeft hij gestaan gedurende de opstand, en daar staat hij nog vandaag" (N.K.V.M. 6 Okt 1915).

Na oproepe om samewerking en die staking van die eindelose gepraat besluit die kerkraad om huistoe te gaan en elkeen in sy wyk vir vrede te werk. Tog stel ouderling Wolmarans voor om die nagmaal uit te stel tot 14 November wanneer ds. Prinsloo teenwoordig sal wees. Dit is so deur die kerkraad aanvaar.

Dit blyk tog uit al die besware en beklagings dat ds. Van den Heever hom met en tydens die rebellie nie onpartydig gehou het nie, maar hom openlik teen die opstand uitgespreek het. Die klag van suster L.M. van Niekerk was juis gegrond op uitlatings van ds. Van den Heever met die begrafnis van 'n rebel, ene Steinman, wat op die stoep van die winkel te Witpoort doodgeskiet is. Volgens mededeling was 'n groepie rebelle (9) op pad na Leeudoringstad om die wapens te gaan neerlê toe hulle by die winkel van C. Lindenberg aangedoen het om proviand te verkry en een van hulle toe daar doodgeskiet is.

Hoewel die gemeente weer stampend en stotend met sy werk voortgegaan het, het die woelinge rondom ds. Van den Heever aangehou totdat hy in Februarie 1916 'n beroep na Ventersdorp aangeneem het. In sy afwesigheid is 'n akte van losmaking op 18 Maart 1916 aan hom uitgereik deur die kerkraad onder voorsitterskap van ds. Ennis. 'n Bedrag van £233 wat nog aan ds. Van den Heever as "predikantsalaris" verskuldig was, is voorgeskiet deur diaken Jakob J.F. van Rensburg.

Met die vertrek van ds. Van den Heever het ds. P.W. Ennis van Klerksdorp as konsulent waargeneem. En hoewel ds. Van den Heever, om wie die woelinge in die gemeente op politieke gebied grootliks gewentel het, die beroep aangeneem het, het daar tog nie onmiddellik rus en vrede gekom nie. Want op 22 April 1916 dien daar voor die kerkraad "twee lijsten van protesterende leden, die protesteren tegen een politieke geest in de Gemeente". Hierdie lidmate gee te kenne dat hulle hulle aan die gemeente onttrek solank die gees bly heers. Op voorstel van ouderling A.P. Roos, gesekondeer deur Japie J. van Rensburg, besluit die vergadering om die twee "voortekenaaren" van die proteslyste te versoek om met die volgende nagmaalsviering de kerkraadsvergadering by te woon ten einde die protes te verduidelik alvorens die kerkraad op die saak kan ingaan. Ds. Ennis sal in die verband 'n skrywe rig aan J.H. Viljoen en P.A.M. Fouché. Die gesindheid spreek ook uit 'n versoek van die kerkraad aan die Algemene Kerkvergadering "dat geen militaere officier kan gekozen worde tot een kerkraadslid" (N.K.V.M. 22 April 1916).

Met die volgende vergadering (29 Julie 1916) was broeders J.H. Viljoen en P.A.M. Fouché toe ook teenwoordig en met die stel van hulle saak het dit toe geblyk dat hulle besware veral op twee gronde berus het, naamlik dat kerkraadslede verkies is, en word deur persone wat nie hulle kerklike verpligtinge nakom nie (die rebellie-gesindes) en dat "iemand ergens buiten geroepen had 'Hertzog bo' ". Wat die uitspraak van die vergadering was, word nie vermeld nie. En eers weer op 'n buitengewone kerkraadsvergadering van 31 Augustus 1918 kom die saak aan die orde.

By die vergadering was 'n kommissie van die protesterende party teenwoordig bestaande uit M.J.J. van Rensburg, J.A. du Toit, P.A.M. Fouché, J. Fouché, J. Rossouw en J. Fouché. Op 'n vraag van broeder M.J.J. van Rensburg wat die kerkraad gedoen het om die vrede te bewerkstellig, was die antwoord van ouderling A.P. Roos, dat die twee "voortekenare" deur die kerkraad opgedra is om terug te gaan na die protesterendes en hulle te vra waarmee hulle tevrede sou wees en dan aan die kerkraad terug te rapporteer. Tot op datum (van die vergadering) het die kerkraad egter nog niks van hulle verneem nie. Toe broeder Van Rensburg, 'n versoekskrif aan die konsulent gerig, ter tafel lê, was die skriba broeder A.L. Oosthuizen, se reaksie dat aangesien dit aan die konsulent gerig was, hyself daarop moes antwoord en nie die kerkraad nie. 'n Ander beswaar van broeder Van Rensburg was dat ouderling Roos 'n verkeerde standpunt ingeneem het by die Algemene Kerkvergadering toe hy voorgestel het dat predikante ook aan die politiek mag deelneem. Na taamlike heftige argumentasie het broeder Van Rensburg voorgestel, gesekondeer deur ouderling Roos, dat die kommissie en die kerkraad voortaan die een-

heid in die gemeente gaan bevorder en ag alle geskille uit die weg geruim te wees.

Op dieselfde vergadering (29.7.1916) het ouderling A.P. Roos die gedagte geopper om 'n predikant te beroep, maar in kombinasie met Wolmaransstad. 'n Kommissie is uit die kerkraad gekies om met 'n kommissie uit die kerkraad van Wolmaransstad oor die saak te onderhandel. Op 'n vergadering van 27 Oktober 1917 was diaken J.H. Steyn van Wolmaransstad teenwoordig en het hy beklemtoon hoe noodsaaklik dit was om 'n predikant te beroep en dat Wolmaransstad tydelik in kombinasie met Makwassie wil beroep, maar dan net 'n predikant uit die Ned Hervormde Kerk. Op 'n gekombineerde kerkraadsvergadering van die twee gemeentes op 25 Januarie 1918 kon die twee kerkrade mekaar egter glad nie vind oor die sluit van 'n kombinasie nie. Ds. Ennis (konsulent van Makwassie) en ds. Vermooten (konsulent van Wolmaransstad) het gepleit, maar alles tevergeefs.

Op die kerkraadsvergadering van 18 Januarie 1919 het die kerkraad oorgegaan tot die beroep van 'n predikant. Ds. Kühn (wat toe konsulent van die gemeente was) en ds. S.J. Strydom het ewe veel stemme gekry. Die lot is toe gewerp en ds. Strydom is aangewys as beroepe leraar. By die gemeentevergadering van dieselfde dag protesteer broeder Jan Viljoen egter teen die beroep deur die kerkraad en voer aan dat die gemeente nie geraadpleeg is in die saak nie, veral nie die deel van die gemeente wat die proteslyste ingedien het nie. Hierop het broeder Andries Oosthuizen (skriba) geantwoord dat die gemeente al meer as 'n jaar gelede opdrag gegee het om te beroep in 'n wettige gemeentevergadering. Na 'n lang diskussie het die gemeente besluit dat die beroep gekanselleer word en dat die kerkraad na elke gemeentelid sal gaan om dié te raadpleeg en met die ondertekening van 'n waarborglys opdrag te kry om 'n leraar te beroep. Of die waarborge verkry is, word nie vermeld nie, maar op 10 April 1919 het ds. Strydom sy eerste doopdiens in Makwassie waargéneem, met ander woorde toe was hy reeds bevestig as predikant van die gemeente.

Ds. S.J. Strydom: 1919—1928

Met die koms van ds. Strydom was die finansiëletoestand van die gemeente maar taamlik benard. Die kerkgebou en die pastorie was wel betaal, maar die inkomste om 'n predikantstandplaas te onderhou, was onvoldoende. Die kerkraad moes dus allerlei planne beraam en middele vind om die predikant van 'n behoorlike lewenstog te voorsien.



Ds. S.J. Strydom

Ook op politieke gebied het die onderstrominge nog diep geloop. Die Regeringgesindes en die Anti-regeringgesindes het mekaar gedurig voorgelê, hoewel die struwelinge nie meer so heftig op die oppervlakte uitgeslaan het nie. Gelukkig was ds. Strydom wat beide bogenoemde probleme aanbetref, die aangewese en reggeplaaste leraar. Wat finansies aanbetref, was hy nie 'n veeleisende mens nie en wat die politiek aanbetref, was hy 'n goeie katalisator.

Met sy verblyf in die gemeente het die kerkraad in 'n groot mate 'n gedaanteverwisseling ondergaan in die sin dat baie van die oues uitgetree en baie nuwes verkies is.

Vroeg in die dienstyd van ds. Strydom het die kerkraad besluit (Desember 1921) om nie net met nagmaalvierings kerkraadsvergadering te hou nie, maar ook tussentyds, aangesien daar met nagmaalsvierings aan die vergadering te kort gedoen is. Ook is vir die eerste keer besluit om 'n staande Finansiëlekommissie te kies om voortdurend aandag aan die finansies van die gemeente te gee en broeder F.J.C. Maartens word gekies as kassier.

Wat die kerklike tug betref, besluit die kerkraad nou ook om in gevalle van oortreding van die sewende gebod die saak te verwys na die predikant en die ouderling van die wyk.

Om kontak te hou met die Kerk in breëre ver-

band en veral ook met die Teologiese Opleiding wat in die tyd reeds gevestig was aan die Transvaalse Universiteitskollege (TUK), is daar van tyd tot tyd van die dosente uitgenooi om met nagmaalvierings die plaaslike leraar behulpsaam te wees. So is dr. J.H. Greyvenstein en dr. S.P. Engelbrecht deur die kerkraad uitgenooi. Uit die Doopregister blyk dit dat hulle ook by sommige geleenthede die heilige doop bedien het.

'n Saak wat ook deur die kerkraad op die hart gedra is, was die nood van die stakers en hulle families in 1922 op die Witwatersrand. Hieroor besluit die kerkraad om alle deurkollektes, behalwe die wat reeds vir ander doeleindes afgestaan is, vir die doel te skenk (1 April 1922). Op dieselfde vergadering het die kerkraad ook besluit om uitvoering te gee aan 'n versoek van ds. Barger van Middelburg, ondersteun deur die Algemene Kommissie, om Goeie Vrydag (1922) af te sonder as 'n dag van algemene verootmoediging. As beskrywingspunte vir die Algemene Kerkvergadering in Julie 1922 word deurgestuur:

1. Die Algemene Kerkvergadering word gevra om stappe te neem ten einde 'n eie katkisasieboek vir die Hervormde Kerk daar te stel met 'n aanhangsel wat die kerkgeskiedenis saamvat;
2. die vergadering neem stappe ten einde die lidmate van die kerk op die Wes-Transvaalse delwerye beter te bearbei;
3. die vergadering bepaal duidelik die houding van die Hervormde Kerk teenoor die verskillende sektes. Hieroor en veral oor die Apostelsekte neem ouderling J.T. Marais baie sterk standpunt in. Hy huldig die mening dat die lidmate wat hulle met die sekte assosieer se name geskrap moet word of anders onder sensuur geplaas moet word indien hulle nie wil terugkeer nie. Ouderling A.L. Oosthuizen is van mening dat so 'n voorstel meer nadele as voordele sal inhou. Vandaar die besluit om die beskrywingspunt oor die saak deur te stuur na die Algemene Kerkvergadering.

Die feit is dat die Twaalf Apostelsekte in die tyd in die dorp Witpoort, uit hulle oogpunt 'n taamlike bloeitydperk beleef het. Van die lidmate van die gemeente is deur hulle leerstellings aangetrek en het die Kerk verlaat, terwyl andere se simpatie daar gelê het, hoewel hulle nog in die Kerk gebly het. Die saak is later op die spits gedryf toe ds. J.P. van den Berg die sekte tot 'n openbare dispuut uitgedaag het, en wat in die kerkgebou plaasgevind het.

Wat die sending betref, was die kerkraad aanvanklik heftig daarteen gekant. So is daar op die vergadering van 19 April 1919 'n beskrywingspunt vir bespreking aan die Algemene Kerkvergadering gestuur wat gelui het "... de zending worde niet gemaakt tot een kerkzaak", maar op die vergadering van 1 April 1922 het die vergadering tog, op voorstel van ouderling A.L. Oostzhuizen, besluit om twee broeders te kies om die vrywillige gawes vir die sending te ontvang. Die broeders wat hiervoor gekies is, was M.J. Smit en F.J.C. Maartins. Op dieselfde vergadering het die kombinasie met Wolmaransstad weer ter sprake gekom – 'n kombinasie op die "ou basis". Verder is die wenslikheid uitgespreek dat die Gemeentes Makwassie en Wolmaransstad 'n huis of koshuis sou aankoop of laat bou om leerlinge van die Hoërskool Wolmaransstad te huisves. 'n Kommissie is gekies om in hierdie rigting te werk en het bestaan uit broeders N.J.S. Basson, A.P. Roos, J.T. Maartins en Ds. S.J. Strydom. Op die gemeentevergadering van 1 April 1922 is die kommissie versoek om ernstige aandag aan die saak te gee, en op die kerkraadsvergadering van 26 Januarie 1923 is besluit om twee huise te Wolmaransstad aan te koop vir die doel. Magtiging om die geld hiervoor by die bank op te neem, is deur die gemeente gegee en die plaas Reigerspan is as sekuriteit aangebied.

In Oktober 1922 is daar op versoek van die Algemene Kommissie aan ds. Strydom vir vyf maande verlof toegestaan om die lidmate van die Kerk in Humpata (Portugees Wes-Afrika oftewel Angola) te gaan besoek. Ds. Strydom het in Februarie 1923 na Angola vertrek.

Om 'n daadwerklike poging aan te wend om die kerkskuld te verminder of te delg, besluit die kerkraad om dit aan die diakens op te dra om al die lidmate in hulle wyke aan te spoor om 'n akker mielies vir die Kerk te saai. En 'n bietjie later besluit die vergadering om die gemeente in te deel in vier groepe. Die eerste 150 lidmate moet elk £2.0.0 bydra, die volgende 150 elk £1.10.0, die volgende 150 elk £1.0.0 en die laaste 150 elk 10/-. Die res van die lidmate word dan beskou as mense wat niks kan bydra nie. Aan die skriba is opdrag gegee om onmiddellik kollektelyste vir die insameling gereed te kry en op 'n wenk van dr. J.H. Greyvenstein (wat behulpsaam was tydens ds. Strydom se afwesigheid) is besluit dat die ouderlinge saam met die diakens sou gaan vir die kollekte. In die verband word 'n drastiese voorstel van M. Smit algemeen aanvaar, naamlik:

> "... dat een lit van de kerk niet gerechtig zal zijn de kerk te verlaat en naar een ander kerkgemeenschap over te gaan, tenzij hy zijn achtersta-

lige salaris en schulde betaald heeft. Indien zulk een lit zonder verlof of assistaat van de kerkraad de kerk verlaat zal hy gerapporteerd word om welk rede hy zulks doen" (N.K.V.M. 30 Junie 1923).

Die voorstel sou oorstaan tot die gemeentevergadering vir goed- of afkeuring.

'n Heel interessante besluit is nou ook vir die eerste keer geneem by die verkiesing van 'n nuwe skriba na die bedanking van broeder A.L. Oosthuizen. By die verkiesing van broeder J.P. Fouché tot skriba stel ouderling J.T. Maartins voor dat daar aan die skriba

> "...een kleine salaris gegee zal word, namelik Twee en Half per cent uit de Honderd van alle Inkomste deze Gemeente" (N.K.V.M. 2 Nov. 1923).

Op die kerkraadsvergadering van 30 Junie 1923, waar dr. Greyvenstein nog as voorsitter waargeneem het, is daar 'n brief gelees van ene Jan Swanepoel waarin hy bedank as lidmaat van die Kerk. Waarskynlik het die kerkraad besluit om die broeder onder sensuur te plaas, want op die vergadering van 2 November 1923 (waar ds. Strydom weer voorsitter was) is 'n brief behandel van prokureur De Greef in verband met die toepassing van sensuur op die broeder, Jan Swanepoel. Die prokureur maak beswaar oor die wyse waarop die sensuur toegepas is. Na rype bespreking erken die kerkraad dat die toepassing van die sensuur "niet heeltemaal volgens wet is". Op voorstel van broeder L. Matthysen is 'n kommissie gekies bestaande uit ds. Strydom, ouderlinge D. Fouché en P.A. Fouché en diaken D. Smith om die broeder Swanepoel te ontmoet om te sien of hulle nie die saak op 'n billike wyse met hom kan skik nie. Op 'n vergadering van 10 November 1923 rapporteer die kommissie dat broeder Swanepoel bereid is om te skik indien die kerkraad hom £50.0.0 betaal vir onkoste aangegaan, dat die onwettige besluit van die kerkraad twee Sondae afgekondig word en dat daar in verskillende nuusblaaie apologie aangeteken word. Hierop besluit die kerkraad om 'n kommissie af te vaardig na prokureur De Greef om te probeer om die saak met hom op 'n billiker wyse te skik. Op 13 November het die kommissie toe vir De Greef en Swanepoel ontmoet en die saak is geskik. Die kerkraad moes £15.0.0 aan Swanepoel vir onkoste betaal en twee keer in die erediens afkondig dat die sensuur opgehef is, terwyl daar ook in die kerkblad 'n berig tot dié effek geplaas moet word.

Met die ampsbediening van ds. Strydom in die gemeente het dit in die gemeente redelik rustig gegaan. Hier en daar was 'n steurnis soos die geval so pas genoem. Dit is seker in geen geringe mate te danke aan die persoon van ds. Strydom – 'n geliefde leraar in die gemeente. Maar tog is daar op 24 April 1924 'n buitengewone kerkraadsvergadering gehou op versoek van ouderling P.A. Fouché, voorsitter van 'n kommissie deur die kerkraad benoem "in verband met de pastoriezaak". Die voorsitter spreek in alle erns en sê:

> "... als daar ooit een tere zaak was, dan is het deze zaak. Deze zaak heeft te doen met de eer van onze kerk, het heil en welzijn van Gods Koninkryk en de goede naam van de predikant en zijn familie. Daarom moet de kerkeraad vandaag in de geest van ware broederlike liefde hier bij elkaar zijn. Elkeen moet bezield zijn met de grote gedagte om zaken op te lossen tot eer van onze God en tot heil van onze gemeente. Om dit doel te bereiken en alles zo onpartydig mogelyk te doen plaatsvinden besluit de kerkeraad op voorstel van de voorzitter om een gewone broederlike onderhoud met elkaar te hebben, waarby geen voorzitter of skriba nodig is. Die vergadering verbind zich eenparig om ordelik en broederlik de zijn" (N.K.V.M. 4 April 1924).

Wat die "pastoriezaak" was, word nêrens vermeld nie en op die aankondiging: "Hier volgt het resultaat van het broederlike onderhoud"..., volg net 'n paar blanko bladsye in die notuleboek. Volgens mededeling van bejaarde lidmate was dit oral bekend dat die pastoriemoeder 'n drankprobleem gehad het en waarskynlik het die onderhoud daaroor gegaan.

Selfs in hierdie tyd het politiek nog sy rol in die gemeente gespeel, want op die kerkraadsvergadering op 9 Mei 1924 word twee briewe van ouderling J.T. Maartins behandel waarin hy bedank as lidmaat van die Kerk. As rede hiervoor het hy twee griewe geopper. Sy eerste grief was 'n petisie deur lidmate van sy wyk wat hy beskou het as 'n petisie teen hom gemik en wel uit politieke oorwegings. Sy tweede grief was, dat die kerkraad en die gemeente hom as die sondebok beskou het vir die uitstel van die nagmaalsviering van April 1923 en ook dat dr. Greyvenstein, wat met die nagmaal behulpsaam sou wees, telefonies in kennis gestel is om nie te kom nie, en dat ds. Kühn toe gevra is om behulpsaam te wees. Op grond van sulke aantygings in die gemeente en omdat die kerkraad dit maar toelaat, sien hy nie kans om aan so 'n kerk te

behoort nie. Die kerkraad besluit toe om oor die saak te handel as broeder Maartins self teenwoordig is en belê 'n buitengewone vergadering vir 23 Julie 1924. By die vergadering was broeder Maartins self teenwoordig, maar tot 'n vergelyk kon daar nie gekom word nie. Gevolglik besluit die vergadering om die saak na 'n "hoër bestuur" (die Westelike Ring) te verwys en om 'n kommissie te benoem om in die saak namens die kerkraad te handel. As kommissie is gekies ouderlinge J.A. du Toit, D. Fouché en diakens C. Fouché en C. Britz, asook die leraar. Hierdie saak het vir die gemeente allerlei reperkussies gehad.

So byvoorbeeld het die kerkraad die gemeente se instemming gevra om die verkiesing van kerkraadslede uit te stel vanaf April tot Oktober 1924, en op 4 Oktober 1924 het die gemeente self besluit om dit uit te stel tot Januarie 1925. Terwyl die kerkraad hier geworstel het met eie gemeentelike probleme, is daar ook nog aandag gegee aan probleme in die gemeente van Pretoria. In die verband het ouderling Jan Viljoen voorgestel

> "... dat die kerkraad opdrag sal gee aan die predikant om in verband met die saak in ons Kerkblad te skryf" (N.K.V.M. 22 Okt 1924).

Ouderling Viljoen is van mening dat daar te veel oor politiek gepraat word in die Hervormde Kerk van Pretoria en dat dit teen die besluit van die Algemene Kerkvergadering is. Die voorsitter antwoord hierop dat hy eers sal ondersoek instel oor die saak en dan by 'n volgende vergadering sal antwoord.

Op die kerkraadsvergadering van 22 Oktober 1924 waar lede van die Westelike Ring ook teenwoordig was, het die kerkraad eers " 'n kort bidstond gehou in verband met die moeilikhede". Wat die bevinding van die Ringskommissie in die saak was, is nie bekend nie en nêrens vermeld nie.

'n Paar sake wat in die tyd in die gewone gang van die gemeentelike lewe die aandag van die kerkraad geniet het, was die aankoop van die huis in Wolmaransstad wat as seunskoshuis moes dien. Reeds vantevore het die gemeente opdrag gegee dat daar geld opgeneem moes word om die huis aan te koop, en op 15 Januarie 1925 besluit die gemeente om die plaas Reigerspan te verkoop en met die opbrengs die skuld op die huis te betaal. Die plaas is toe verkoop aan G. Basson. Die predikant spreek dan ook die noodsaaklikheid uit dat hy 'n motorkar moet hê om sy werk in die gemeente te kan doen. Aan hom is toe deur die kerkraad toe-



Ds. S.J. Strydom en katkisante, 1928

stemming verleen om in elke wyk 'n jong broeder te benoem om vir die doel te kollekteer. Ook belowe die kerkraad om die saak by die gemeente aan te beveel. Aangesien die kassier bedank het, benoem die kerkraad vir broeder J. Meyer in die pos hoewel hy nie lidmaat van die gemeente was nie.

Wat die Sondagskool betref, is die kerkraadslede en lidmate voortdurend aangemoedig om meer Sondagskole te stig ten einde groter erns te maak met die katkisasie en voorbereiding tot geloofsbelydenis. Met die bedanking van broeder Frikkie Britz as superintendent van Sondagskole benoem die kerkraad toe ook twee persone as superintendente, te wete broeders J.A. du Toit en J.H. Viljoen. Die salaris van die predikant is op 28 Mei 1928 vasgestel op £400.0.0 per jaar.

In September 1928 deel ds. Strydom aan die kerkraad mee dat dit sy laaste kerkraadsvergadering in die gemeente sal wees, aangesien hy op versoek van die Weeshuiskommissie besluit het om die huisvaderskap van die inrigting te Krugersdorp te aanvaar. En so het daar 'n einde gekom aan die dienstyd van ds. Strydom in die Gemeentes Makwassie en Wolmaransstad, wat hy in kombinasie sedert 1920 bedien het. As teks vir sy afskeidspreek (so het die ouer geslag my meegedeel) het hy gekies Lukas 13:34:

> "Jerusalem, Jerusalem, jy wat die profete doodmaak en die wat na jou gestuur is, stenig, hoe dikwels wou Ek jou kinders bymekaar maak soos 'n hen haar kuikens onder die vlerke, en julle wou nie."

Met die vertrek van ds. Strydom het ds. P.J.J. Venter van Klerksdorp konsulent van die gemeente geword. As skriba is gekies broeder O.A.L. Meyer, hoewel hy nie lidmaat van die gemeente was nie, en hy het die benoeming aanvaar. Sy vergoeding was 7½% van alle inkomste.

Die eerste saak wat aandag geniet het onder konsulentskap van ds. Venter was 'n versoekskrif van Wolmaransstad om met Makwassie te kombineer en 'n predikant te beroep. Makwassie was egter nie geneë nie en het Wolmaransstad aangeraai om 'n ander gemeente te probeer betrek vir 'n kombinasie. Op 19 Januarie 1929 het die kerkraad van die gemeente toestemming gevra om weer te beroep.

Reeds in die tyd (Januarie 1929) is onderhandelings begin om erwe te Leeudoringstad aan te koop vir kerkboudoeleindes. Die kommissie wat gekies is om hiermee te handel, het op 23 Maart gerapporteer dat ene Wolfaardt vier erwe beskikbaar het en sy prys was in totaal £73.0.0. Ook is daar onderhandel met ds. P.W. Ennis, emiritus predikant van Klerksdorp, om die gemeente te bedien. Laasgenoemde het hom bereid verklaar om een erediens per maand, om die beurt op Witpoort en Leeudoringstad, waar te neem teen 'n vergoeding van £7.10.1, reis- en verblyfkoste ingesluit. Vir huisbesoek het hy £5.0.0 per besoek gevra.

Hoewel Makwassie op hierdie stadium 'n groot gemeente was, het dit finansieel maar bedroef gegaan. Elke keer moes die kerkraad iets bykomends doen om sake te beredder om skuld te verminder. Daar is gereeld basaar gehou en die opbrengs van die laaste een (April 1929) was £208.0.0, 'n aansienlike bedrag vir daardie tyd. Intussen egter het daar 'n gespesifiseerde rekening van die Administrateur van die Kerk gekom waarvolgens die gemeente £643.7.6 aan die Kerkkantoor verskuldig was. Dan was daar ook nog 'n skuldlas van £208.0.0 by die bank – die bedrag wat opgeneem is vir die koshuis te Wolmaransstad. Hieroor kon die verantwoordelike kommissie darem rapporteer dat daar nou wins gemaak word wat aan die gemeente terugbetaal sou word. Op voorstel van broeder Adriaan Esterhuizen het die gemeentevergadering besluit om £200.0.0 van die basaaropbrengs op die skuld by die Kerkkantoor af te betaal.

Wat die beroep van 'n predikant aanbetref, besluit hierdie vergadering ook om die beroep uit te stel tot 'n later datum.

Die eerste seun uit die gemeente wat in die teologie gaan studeer het, S.P.J.J. van Rensburg, het nou ook by die kerkraad aansoek gedoen om finansiële hulp – 'n bedrag van £40.0.0 was benodig. Die kerkraad wou egter nie hieroor besluit nie en het dit na die gemeentevergadering verwys. By die vergadering is besluit om 'n bedrag van £10.0.0 na elke nagmaalsviering te leen met opdrag aan die kerkraad om die rentekoers en die sekuriteit vas te stel.

Intussen het ds. P.S. Grobler konsulent van die gemeente geword en hy het onmiddellik beswaar gemaak teen die hou van die eredienste deur ds. Ennis.

Die kerkraad het aan sy afgevaardigdes na die Ringsvergadering van 8 April 1929 opdrag gegee om navraag te doen oor 'n saak wat die kerkraad eers in eie geledere wou opklaar voordat dit in die gemeente bekend gemaak sou word. Daaroor het broeder Fouché by die Ringsvergadering die navraag gedoen . . .

> ". . .wat te doen is met 'n 'peperkop' wat met attestaat van die Verenigde Kerk van Schweizer Reineke oorgekom het." Die voorsitter, ds.

Brandt, se antwoord was "... die attestaat is van 'n blanke Gemeente en kan nie geweier word nie."

In die notules van die kerkraad word niks oor die saak gerep nie.

Die kerkraad besluit toe ook om nie langer te wag met die beroep van 'n predikant nie en nader vir Wolmaransstad met die oog op 'n kombinasie. Wolmaransstad se besluit was positief. Die twee gemeentes sou elk die helfte van die koste ten opsigte van die standplaas bydra en die traktement word vasgestel op £500.0.0 per jaar. Op 'n gekombineerde kerkraadsvergadering op 14 November 1929 te Wolmaransstad is toe 'n beroep uitgebring op ds. P.S. Grobler, maar hy het op staande voet bedank vanweë sy groot arbeidsveld te Krugersdorp. Daarna is ds. D.F. Erasmus beroep wat ook bedank het en na hom ds. Kühn van Germiston. Laasgenoemde het egter sekere voorwaardes gestel by aanname van die beroep waarop die kerkraad hom ferm meegedeel het dat sy voorwaardes nie aanvaar word nie, en dat hulle ook nie 'n onderhoud met hom sal voer nie. Hierop is proponent J.P. van den Berg toe beroep. Intussen is die kombinasie tussen die twee gemeentes ook verbreek "op grond van wedersydse gevoelens" en proponent Van den Berg het 'n beroep na Nylstroom aangeneem.

Dit is opvallend by hoeveel vergaderings gedurende hierdie vakante periode ouderlinge opgetree het as voorsitter, veral die ouderling J.A. du Toit (Stoffel du Toit). Wat die konsulentskap aanbetref, het ds. P.J.J. Venter in die tyd vir ds. P.S. Grobler vervang.

'n Paar sake, vir sommiges vandag miskien van minder belang, het in die tyd die ernstige aandag van die kerkraad geniet. Oor die toepassing van die kerklike tug (veral by oortreding van die sewende gebod) het die kerkraad steeds 'n streng gedragslyn gevolg. So byvoorbeeld is daar op 22 Februarie 1930 'n geval bespreek oor wie die kerkraad besluit het, dat alhoewel hy vrywillig belydenis gedoen het, daar tog 'n kommissie met hom gesprek sal gaan voer "met het doel een grondig onderzoek in deze saak in te stellen en uit te vinden of oprecht berouw te bespreuren is" (N.K.V.M. 22 Feb 1930). Op die ou einde moes die broeder eers voor die kerkraad verskyn voordat besluit is om nie sy kind onmiddellik te doop nie, maar by die volgende nagmaal. Hier moet opgemerk word dat hoewel die predikante, ds. P.S. Grobler en later ds. P.J.J. Venter, 'n meer genaakbare houding bepleit het, die kerkraad volhard het om in sulke gevalle sensuur toe te pas.

Nog 'n ernstige aangeleentheid vir die kerkraad was 'n telegram van die sekretaris van die Minister van Landbou waarin meegedeel is dat op versoek van die kerkraad van Witpoort dat "die kwarantaine" oor die gebied opgehef word, dat dit nie gedoen kan word nie, "maar dat kerkgangers het recht zullen hebben gedurende de kerkdagen uit te spanen" (N.K.V.M. 11 April 1930).

'n Ander ernstige saak vir die kerkraad was 'n brief van broeders P.F. Britz, G.A. Rossouw en F.B.J. Britz waarin hulle versoek dat die salaris van die skriba en die koster verlaag moet word. Hieroor het die kerkraad besluit om die salaris van die koster te verminder tot £15.0.0 per jaar; ook dat die amp van skriba en kassier deur een persoon beklee sal word teen 'n vergoeding van 5% van alle inkomste, behalwe in die geval van 'n spesiale kollekte waarvoor hy 4% sou kry.

Dat die mense in die tyd nog bitter swaar gekry het op materiële gebied, blyk veral uit drie gevalle. Die eerste was dat ouderling P.A. Fouché 'n kollektelys opgestel het ten behoewe van die weduwee PA. Fouché ('n ander een) om 'n doodskis aan te koop. Verder sou die weduwee en soveel ander uit die "armenfonds" hulp ontvang, gewoonlik 10/- per maand. Die tweede geval was toe broeder Jan Rossouw bedank het as koster en broeder Jopie Swanepoel in sy plek aangestel is. Laasgenoemde het die verkiesing aanvaar teen £5.0.0 per kwartaal, maar rig 'n versoek aan die kerkraad "om een voorschot om een zakhorlogie te kopen. Een voorschot niet te boven gaande £1.10.0 wordt goedgekeurd". Die derde is die reeds genoemde besluit om die salaris van skriba en koster te verminder.

As 'n vierde uitvloeisel van die depressie, wat nou reeds seer gemaak het, was die uitstel van die beroep van 'n predikant. Daarom is die konsulent, ds. P.J.J. Venter, gevra of hy nie bereid sou wees om een Sondag per maand 'n erediens in die gemeente te hou nie, met huisbesoek die voorafgaande week. Sy vergoeding sou wees £125.0.0 per jaar plus die reiskoste "die petrol en die olie verbruik gereken teen 4^{d} per myl" (N.K.V.M. 11 Okt 1930). Tog het die kerkraad op sy vergadering van 10 April 1931 besluit om weer die gemeente te raadpleeg in verband met die beroep van 'n predikant. Intussen het die gemeente met sy gewone werksaamhede voortgegaan in die depressiejare. Daar is gehandel oor katkisasie, oor die doop van volwassenes, oor mense wat teruggekom het van die sektes, oor kollektelyste vir hulpbehoewendes, oor 'n wetsoortreding van die kerkraad van Wolmaransstad wat kinders van Makwassie gekatkiseer het, oor 'n donasie van £5.0.0 aan 'n hospitaal

van Wolmaransstad oor die oorhandiging van mense wat op skuld by basaars koop en nie betaal nie, aan prokureurs, oor nagmaalsvieringe vir Januarie en Julie in die Ned Herv of Geref Kerk te Leeudoringstad ens.

Op die 9de Mei 1931 wy die kerkraad weer sy aandag aan die beroep van 'n predikant en besluit met 'n meerderheid van stemme om 'n diensdoende predikant te beroep en nie 'n proponent nie. Op 6 Junie 1931 is ds. P.J.J. Venter beroep. En op sy volgende vergadering (10.10.1931) spreek die kerkraad sy diepe teleurstelling uit omdat die beroep nie in *Die Hervormer* aangemeld is nie. Ds. A.J. Barger word skriftelik hieroor aangespreek en hy word versoek om die beroep amptelik bekend te maak. Hoewel ds. Venter uitstel gevra het om op die beroep te antwoord, het hy tog die beroep bedank, want op 9 April 1932 gee die kerkraad aan ds. L.E. Brandt te kenne dat hulle nie nou kan beroep nie. By dieselfde vergadering versoek die skriba, broeder O.A.L. Meyer, dat aan hom 'n vasgestelde salaris per maand betaal word en nie weer 'n kommissie nie. Op aanbeveling van die voorsitter besluit die vergadering om hom £3.0.0 per maand te betaal, maar om terselfdertyd die reiskoste wat die skriba altyd gekry het, te kanselleer. Dit het tot gevolg gehad dat die skriba bedank het, waarop die kerkraad toe omgespring het en die besluit ten opsigte van die reiskoste herroep het. (Die reiskoste had betrekking op die bank van geld te Wolmaransstad).

Nog by dieselfde vergadering (10.10.1931) was ook 'n brief van mnr. A.J. de Beer "Hoofd van de Witpoort Zondagschool" waarin hy die kerkraad vriendelik vra om 'n geldelike bydrae ten einde met Kersfees 'n kersboom en presentjies vir die kinders aan te bied. Die kerkraad het toe £1.10.0 vir die doel geskenk. Terloops, hierdie Sondagskool was vir jare 'n instelling vir al die kinders van Witpoort, ongeag aan watter kerk hulle behoort het, en was onder leiding van mnr. De Beer (oom Albert), 'n lidmaat van die Ned Herv of Geref Kerk. Die Sondagskool het bestaan met die medewete en instemming van die kerkraad van die Hervormde Kerk. In die tyd was daar nogal 'n besondere goeie verhouding tussen die lidmate van die twee kerke, met die bitterheid van die kerkvereniging so ietwat vergete. Die verhouding was van so 'n aard, dat die skoolhoof, mnr. D.J. Brink wat ook 'n lidmaat was van die Ned Herv of Geref Kerk, soms leesdienste in die Hervormde Kerk gehou het.

Op 'n keer (9 Januarie 1932) moes die Administrateur van die Kerk, mnr. J.H. Janson, met die kerkraad kom onderhandel oor die betaling van



Mnr. D.J. Brink

agterstallige skulde aan die Kerkfondse. Daar is toe ooreengekom dat, indien die kerkraad onmiddellik betaal, die helfte van die skuld afgeskryf wou word. Om dit te kon doen moes die kerkraad by die bank reël vir 'n oortrekking van £200.0.0 en ouderling J.A. du Toit het aangebied om die gemeente £100.0.0 te leen teen bankrente. Op die manier is die gemeente se skuld by die Kerkkantoor vereffen.

Intussen was die gemeente ook nog besig om fondse in te samel vir die bou van 'n "basaarhuis" en op 20 Februarie 1932 is die tender van mnr. A.V. Bergh aanvaar vir die oprigting van die gebou teen £62.10.0. Die inkomste vir die doel, op 13 Februarie 1932, was £42.9.0, en die gebou is in gebruik geneem op 9 Oktober 1932.

Vir die eerste keer het daar nou ook op die kerkraadsvergadering die stigting van 'n gemeente te Ottosdal ter sprake gekom. Al sou dit beteken dat 'n hele aantal lidmate van Makwassie gemeente onder Ottosdal sou ressorteer, het die kerkraad 'n afstigting van harte ondersteun.

'n Onvergeetlike gebeurtenis, wat selfs die Witpoort gemeenskap geruk het, het in Oktober 1932 te Leeudoringstad plaasgevind. Dit was die dina-

mietontploffing op 'n Sondagmiddag van 'n trein met etlike waens plofstof wat op pad was na Johannesburg. Net buitekant Leeudoringstad (9 myl van Witpoort af) het die plotstof aan die brand geraak en 'n ontploffing veroorsaak wat tot 100 myl (160 km) vanaf Leeudoringstad gevoel en gehoor is. As gevolg hiervan is die kerkgebou van die Ned Herv of Geref Gemeente sodanig beskadig dat die kerkraad van Makwassie hulle kerkgebou aangebied het vir die hou van eredienste.

Omdat die gemeente nog nie beroep het nie en die finansiële druk groot was, het die kerkraad besluit om teologiese student S.P.J.J. (Sarel) van Rensburg, vir wie hulle vantevore finansieel gehelp het, te nader om vir die kwartaal Januarie tot Maart 1933 in die gemeente behulpsaam te wees. Van hom is verlang om onder toesig van die kerkraad eredienste te hou en siekes te besoek. Hiervoor het die kerkraad hom 'n honorarium van £5.0.0 per maand aangebied en reis- en verblyfkoste gewaarborg. Op grond van hierdie pastorale hulp het die kerkraad ook besluit om nie dadelik te beroep nie, maar te volstaan met die tydelike bearbeiding.

Op die kerkraadsvergadering van 24 Maart 1933 bedank broeder O.A.L. Meyer as skriba na etlike jare van besonder toegewyde diens, uitmuntende notulehouding en 'n besonder netjiese handskrif. In sy plek is gekies broeder A.V. Bergh, wat skriba van die gemeente sou bly tot Januarie 1977, 'n tydperk van 44 jaar.

Die werksaamhede in die gemeente het nou so veeleisend geword, dat die beroep van 'n predikant nie langer uitgestel kon word nie. Daarom besluit die gemeente op 13 Januarie 1934 om aan die kerkraad toestemming te gee om te beroep. Ds. J.P. van den Berg is toe beroep en hy het die beroep aangeneem. Hy en sy gesin is die naweek van 28 April 1934 in die gemeente ontvang. 'n Formidabele program is vir die geleentheid gereël, insluitend 'n verwelkoming met 'n perdekommando en 'n motorstoet.

Ds. J.P. van den Berg: 1934–1937

Met die heel eerste kerkraadsvergadering wat ds. Van den Berg bygewoon het, was een van die punte vir bespreking op die sakelys die verkiesing van 'n Skoolraad vir Wolmaransstad en omgewing. Ds. P.J.J. Venter, wat nog as konsulent die vergadering gelei het, het aanbeveel dat die kerkraad moes oorleg pleeg en saamwerk ten einde verteenwoordiging op die Raad te bekom. Ds. Van den Berg was egter daarteen en beveel aan dat die kerkraad twee offisiële kandidate aanwys wat nie met die "kerk-tieket" of die "party tieket" verband sou hê nie. So 'n voorstel is toe aangeneem en as kandidate is aangewys ds. Van den Berg en broeder W. Bester. 'n Ander saak wat reeds geruime tyd gesloer en taamlike onmin veroorsaak het, was die vasstelling van die grenslyn



Ds. J.P. van den Berg en gesin





Aankoms en verwelkoming van ds. Van den Berg

tussen Makwassie en Wolmaransstad. Twee kommissies uit die kerkrade kon nie tot 'n vergelyk kom nie (Julie 1934) en die kerkraad besluit toe om die aangeleentheid na die Ringskommissie te verwys. Nadat die Ringskommissie aanvanklik die saak weer terugverwys het na die kerkrade, het hy tog in sy vergadering van Maart 1935 die grenslyn vasgestel.

Reeds van die begin van sy ampsaanvaarding af het Ds. Van den Berg sekere leemtes in die gemeente uitgewys soos byvoorbeeld dat die kerkorrel buite werking is; dat die kergebou, basaarhuis en pastorie opknapping nodig het; dat daar nie 'n telefoon in die pastorie is nie; dat die finansiële toestand van die gemeente sorgwekkend is; dat kerkraadsvergaderings tydens nagmaalsvierings afskeepvergaderings is; dat die administrasie van die gemeente veel te wense oorlaat; dat huweliksbevestigings liefs op Dinsdae moet geskied; dat daar met begrafnisse nie in die stoet van die huis na die kerkhof gesing moet word nie; dat die begrafnis by die kerkhof afgesluit moet word, dat die nodige skryfbehoeftes aangekoop moet word, ens. Die kerkraad het al hierdie dinge instemmend onder oë gesien en opdrag aan die boukommissie gegee om die geboue op te knap, 'n telefoon is in die pastorie geïnstalleer, asook 'n nuwe stoof wat £6.10.0 gekos het, 'n nuwe orrel sou aangekoop

Ds. van den Berg en Kerkraad

word, ens. Ds. Van de Berg en die skriba het ook 'n reëling getref, dat die skriba die skribaat van die gemeente sou behartig, terwyl ds. Van den Berg die kassierswerk sou verrig. Ook is 'n finansiëlekommissie gekies bestaande uit vier lede met die leraar en skriba in adviserende hoedanigheid.

Ds. Van den Berg het ook die verhouding tussen die Hervormde Kerk en die "Verenigde Susterkerke" met die kerkraad bespreek – dit is nou die Ned Herv of Geref gemeentes van Wolmaransstad en Leeudoringstad. Hy haal aan dat hy by geleentheid van die skoolraadsverkiesing te Kareeboschkuil ('n plaasskool) deur ds. Van der Hoven (predikant van die Ned Herv of Geref Kerk Wolmaransstad) beskuldig is dat hy 'n SAP is om sodoende sy eie posisie (ds. Van der Hoven s'n) in die verkiesing te verbeter. Hy spreek sy teleurstelling uit oor so 'n gesindheid en vra die kerkraad om nie teleurgesteld te wees as daar in die toekoms wrywing ontstaan nie.

Op die kerkraadsvergadering van 8 Januarie 1935 het ouderling Dawie Fouché 'n saak geopper wat wye reperkussies in die gemeente en gemeenskap gehad het. Dit het gegaan oor die moeilikheid tussen mnr. Brink (die reeds genoemde skoolhoof) en ds. Van den Berg. Ouderling Fouché was van mening dat die kerkraad die saak nie so kon laat nie. Hierop het ds. Van den Berg 'n uiteensetting van die saak gegee, ook 'n brief voorgelees van mnr. Brink aan ouderlinge Stoffel du Toit en Dawie Fouché en die kerkraad versoek om "nie ontsteld te voel nie en dat hy die beste van die saak sal maak" (N.K.V.M. 8 Januarie 1935). Op 'n volgende vergadering (7 Sept 1935) het ds. Van den Berg gerapporteer dat daar gerugte rondgaan dat ds. Pretorius (Ned Herv of Geref Kerk, Leeudoringstad) vir hom (ds. Van den Berg) kwaad is en sekere griewe teen hom het. Die kerkraad besluit toe om ouderlinge Du Toit en Fouché af te vaardig om 'n gesprek met ds. Pretorius te voer ten einde vas te stel of daar werklike griewe is. Indien wel, moes ds. Pretorius gevra word of hy gewillig sou wees om met 'n kommissie van sy kerkraad, 'n kommissie uit Makwassie se kerkraad te ontmoet. So 'n ontmoeting het toe plaasgevind, maar omdat die twee kommissies mekaar op 'n sekere punt nie kon vind nie, het die kommissie van Leeudoringstad die samesprekings verlaat. Die kerkraad van Makwassie het gevolglik die optrede en handelwyse van ds. Van den Berg goedgekeur.

Ouderling Du Toit het op dieselfde vergadering kennis gegee dat hy besig is om al die Sondagskole in die verskillende wyke te organiseer ten einde 'n groot Kersfeesboom in die kerk op Witpoort te hou. Hy verwag van elke kind 1/- en in geval van enige tekorte sal hy die kerkraad nader vir fondse. Hy doen 'n beroep op al die ouderlinge vir hulle samewerking om 'n groot sukses van die saak te maak. Oor die saak het ouderling M. Smit ernstig beswaar gemaak – hy het dit gehad teen die Kersboom in die kerk. Sy beswaar is egter deur ds. Van den Berg as sonder grond afgemaak. (Hier moet in gedagte gehou word dat daar nog altyd die gemeenskapssondagskool in die dorp (Witpoort) bestaan het onder leiding van mnr. A. de Beer, met die gevolg dat daar konkurensie was tussen hierdie Sondagskool en die kerksondagskool wat kort vantevore gestig is.)

Drie sake wat hier nog genoem moet word, is in die eerste plek die verskynsel dat lidmate weier om offergawes vir die Kerk te gee. Hieroor het die kerkraad weer eens 'n drastiese besluit geneem, naamlik dat indien sulke lidmate na vermaning volhard in hulle weiering, hulle lidmaatskap van die Kerk ontsê sou word, volgens Art. 3 van die kerkwet. In die tweede plek: Die kwessie van die verskuiwing van die pastorie na Leeudoringstad en die moontlikheid van 'n tweede kerkplek te Leeudoringstad. Tot op datum het die kerkraad sulke voorstelle summier afgestem en telkens besluit om die historiese kerkplek (Witpoort) te handhaaf. Volgens 'n lys wat later in die gemeente gesirkuleer is (1938) op aanbeveling van die konsulent, ds. P.J.J. Venter, het tweederdes van die gemeente gestem teen die bou van 'n pastorie te Leeudoringstad. In die derde instansie was daar die openbare dispuut in die kerkgebou tussen ds. Van den Berg en die leidslede van die Twaalf Apostels, wat in daardie dae – soos reeds gemeld – baie bedrywig in Witpoort was. Hierdie debat is los hande gewen deur ds. Van den Berg en gevolglik is die proselietemakery van die genootskap tot 'n skielike end gebring.

In April 1937 het ds. Van den Berg 'n beroep na die Gemeente Bloemfontein aangeneem en op 23 April 1937 is daar van hom en sy gesin afskeid geneem in die pastorie, terwyl hy op Sondag 24 April sy afskeidspreek gehou het.

Dit staan vas dat die verblyf van ds. Van den Berg in die Gemeente Makwassie met baie onrustigheid gepaard gegaan het. Sy verhouding met predikante en lidmate van die susterskerke, veral die Ned Herv of Geref Kerk, was troebel; sy onversweë politieke standpunte het aanstoot gegee en selfs vyandskap verwek, veral met die koalisieregering van Hertzog en Smuts toe die "smelters" en die "gesuiwerdes" politiek op die spits gedryf het en die kerklike akker nie gespaar gebly het nie; sy bemoeienis met skool- en skoolraadsake, sowel as dorpsbestuursake. Al hierdie dinge het hom die

onmin van baie Hervormde lidmate op die hals gehaal, selfs in so 'n mate dat sommiges geweier het om offergawes te gee, nog ander nooit die kerk besoek het nie en 'n klompie hulle bewys van lidmaatskap aangevra en hulle kerklike voorregte in die Hervormde Kerk, Wolmaransstad gaan geniet het. Ook sy konfrontasies met mnr. Brink, (die skoolhoof) en mnr. A. de Beer (Sondagskoolhoof van Witpoort) het baie bitterheid veroorsaak. Hoewel ds. Van den Berg met toewyding gewerk het, 'n gerespekteerde prediker was en die saak van sy Kerk bepleit het, het hierdie dinge tot gevolg gehad dat 'n ampstermyn wat veelbelowend begin het, brokkelend geëindig het en die gemeente sukkelend agtergelaat is.

Na die vertrek van ds. Van den Berg het ds. P.J.J. Venter weer as konsulent die leisels oorgeneem. Op die kerkraadsvergadering van 24 Julie 1937 kom ter sprake 'n skrywe van Wolmaransstad met die mededeling van die stigting van 'n gemeente te Ottosdal. Hierteen het die kerkraad geen beswaar gehad nie en benoem ouderlinge J.A. du Toit en G. Labuschagne, saam met diaken T. Victor as 'n kommissie om saam met Wolmaransstad die saak te bevestig.

Op dieselfde vergadering is daar ook gehandel oor lidmate wat na die vertrek van ds. Van den Berg weer hulle bewyse van lidmaatskap kom inhandig het om weer in Makwassiegemeente opgeneem te word. Die persone was o.a. C.G. en A.C. van Niekerk, J.J. en A.F. Rossouw en andere. Aanvanklik het die kerkraad geweier om die persone weer op te neem en het hulle sertifikate teruggestuur, maar op die volgende vergadering toe diaken Johannes Botha weer die saak te berde bring, het die kerkraad besluit:

> "om die assistente aan te neem mits die bogemelde persone skriftelik aansoek doen en hulle spyt te kenne gee dat hulle ter wille van persoonlikhede die kerk verlaat het" (N.K.V.M. 8 Jan 1938).

Blykbaar is die lidmate se saak nog dieselfde dag aangehoor en is hulle weer opgeneem as lidmate van die gemeente. By die geleentheid moes broeder Van Niekerk 'n onderneming gee dat sy kinders voortaan die kerk se Sondagskool sou bywoon. Toe daar by 'n latere vergadering hieroor navraag gedoen is, is gerapporteer dat broeder Van Niekerk se kinders nou wel die Kerk se Sondagskool bywoon, behalwe die seun wat nog "die Verenigde Kerk se Sondagskool bywoon".

By 'n vorige vergadering het diaken Johannes Botha weer die saak geopper van die versteurde verhouding tussen die Hervormde Gemeente Makwassie en die Ned Herv of Geref gemeente van Leeudoringstad. Hy stel voor dat kommissies uit beide gemeentes mekaar ontmoet om die saak by te lê. Die kerkraad se standpunt is egter "dat hierdie kerk vry vir gebruik is vir die Verenigde kerk van Leeudoringstad. Die kerkraad het ook niks teen die kerkraad van Leeudoringstad nie" (N.V.K.M. 8 Jan 1938).

Die noodsaaklikheid van predikantsbearbeiding het die kerkraad genoop om weer te beroep. En op 8 Januarie 1938 beroep die kerkraad toe vir prop. P.W.A. Bierman, wat ook die beroep aangeneem het.

Ds. P.W.A. Bierman: 1938–1940

Die naweek van 9–10 April 1938 is prop. Bierman in die gemeente ontvang en bevestig. Sy traktement was £300.0.0 per jaar, maar die kerkraad het ook 'n nuwe motor aangekoop op 'n 50–50 basis. Na twee jaar sou die motor egter die eiendom word van die predikant.

Op die kerkraadsvergadering van 19 Augustus 1938 word verwys na 'n vorige kerkraadsbesluit



Ds. P.W.A. Bierman

(nie genotuleer nie) om die vyftigjare bestaan van die gemeente met die Oktober-nagmaal feestelik te herdenk. Blykbaar is daar vantevore ook kontak gemaak met prof. S.P. Engelbrecht oor die saak, want hy het per brief aanbeveel dat daar net 'n herdenkingsfees gehou moet word. Hierop het die kerkraad toe besluit om die herdenkingsfees in April 1939 te hou, aangesien daar gewoonlik by die April-nagmaal meer mense teenwoordig is. Dit is dus sonder twyfel so, dat die gemeente Makwassie wel in 1888 gestig is, hoewel die halfeeufees eers in 1939 gevier is. (Die verwarring oor die stigtingsdatum is veroorsaak weens die feit dat die Almanak sedert 1939 die stigtingsdatum aandui as 1889).

Ook die verhouding tussen die susterskerke het nou weer aan die orde gekom (19 Aug 1938) en wel op versoek van ds. Pretorius (Ned Herv of Geref Kerk, Leeudoringstad). Sy aanbeveling was dat 'n kommissie van die Makwassiegemeente kommissies van die Ned Herv of Geref gemeentes Leeudoringstad en Wolmaransstad moes ontmoet om die saak te bespreek. Daar is egter besluit om voorlopig alleen 'n kommissie van Leeudoringstad te ontmoet. Die kommissie bestaande uit ds. Bierman, ouderling P. Fouché en diaken Johannes Botha, het toe 'n kommissie van Leeudoringstad ontmoet en daar is onderlinge reëlings getref ten opsigte van die wedersydse gebruik van kerkgeboue, die hou van begrafnisse, huweliksbevestigings, ens. Hiermee is die aksies en wrywing tussen die twee kerke bygelê.

Op die kerkraadsvergadering van 18 November 1938 wat gehou is in die Lindenbergsaal te Leeudoringstad is 'n brief behandel van mnr. S.W. Davidtz namens die subkomitee van die Reëlingskomitee wat verantwoordelik was vir die feesreëlings vir die Ossewatrek wat ook oor Witpoort sou gaan. Die brief het 'n versoek behels aan die kerkraad om 'n plek op die kerkplein af te staan vir die oprigting van 'n monument, asook om die hoeksteen van die ou kerkgebou in die monument in te messel. Die kerkraad het positief op die versoeke gereageer met die reëling dat die monument ('n replika van die Geloftekerk te Pietermaritzburg) opgerig sal word op die plek waar die ou kerk gestaan het. Die fondasie en podium is van gekapte klippe waarop feesgangers hulle name uitgekap het. (Dokumente is vir bewaring in die kerkie geplaas). By die reëling van die herdenkingsfees (31 Des 1938) is besluit om amptelike uitnodigings te rig aan prof. S.P. Engelbrecht, ds. J.J. Prinsloo en J.P. van den Berg, asook aan Frikkie Ernst. Op 3 Maart 1939 is verder besluit om 'n groot basaar op die Saterdag te hou, aangesien Goeie Vrydag op die Vrydag geval het. Die voorsitter het toe ook meegedeel dat prof. Engelbrecht, di. A.J.G. Oosthuizen en J.P. van den Berg die feesvieringe sou bywoon.



Geloftekerkie opgerig in 1938

In die tyd is daar 'n Kindersorgvereniging te Wolmaransstad in die lewe geroep waarby die Hervormde Kerk, in die persoon van ds. J.D. Storm, 'n leidende aandeel gehad het. En omdat dit baie gekos het om 'n maatskaplike werker se dienste te bekom, het ds. Storm ook by Makwassiegemeente finansiële ondersteuning gevra, waarop die kerkraad besluit het om by wyse van proefneming £5.0.0 vir die eerste jaar beskikbaar te stel. Dit is sekerlik prysenswaardig, dat die vereniging tot vandag toe voortbestaan en steeds uitstekende werk verrig. In Leeudoringstad het daar 'n soortgelyke vereniging bestaan, genoem die Sentrale Komitee, waarvoor die kerkraad vantevore ook bydraes gegee het. Maar omdat die twee verenigings in dieselfde gebied gewerk het, is besluit tot samesmelting in een vereniging met net een bestuur in Junie 1939.

Ook in die jare van ds. Bierman was finansies steeds 'n probleem in die gemeente en haas op elke kerkraads- en gemeentevergadering is daaroor gehandel. Besluite is geneem en weer herroep, allerlei planne vir insamelings is beraam, eiendomme is verkoop en basaars is gehou, predikant-salaris is ingestel en afgestel, besluite oor tiendes is geneem. So is daar op 8 April 1940 weer eens besluit (deur die gemeente) om die gee van predikant-salaris af te skaf en "voortaan moet elke lidmaat een tiende van sy beste inkomste bydrae" (N.G.V.M. 8 April 1940). Die predikant gee aan die hand dat daar beeste gekollekteer moet word waarvan die aanteel die eiendom van die Kerk sou wees. Hieroor was daar egter so 'n verskil van mening dat die predikant die bespreking gestaak het. Op die 2de Desember 1939 het ds. Bierman aan die kerkraad

meegedeel dat hy 'n beroep na Losberg ontvang en aangeneem het. Vroeg in 1940 het ds. Bierman ontslag gekry en verhuis. Die gemeente se aandeel in die motor is aan ds. Bierman geskenk, hoewel hy nie vir twee jaar in die gemeente gebly het nie.

Die tweede seun uit die gemeente wat vir predikant gaan studeer het, P.M. Smit, het soos die eerste, S.P.J.J. van Rensburg ook by die kerkraad aansoek gedoen om finansiële ondersteuning (2.12.1939). Die kerkraad wou egter nie self oor die aansoek besluit nie en het dit verwys na die gemeentevergadering. Die vergadering het besluit om geen beurs of lening aan student Smit toe te staan nie. Later (10.1.1942) het student Smit weer aansoek gedoen (toe ds. J.P. Labuschagne predikant was) en toe het die kerkraad besluit om hom vir sy laaste twee jaar op universiteit £28.0.0 per jaar te leen sonder rente op voorwaarde dat hy die volle som moes terugbetaal binne twee jaar na ampsaanvaarding.

Wat die toepassing van die kerklike tug vir oortreding van die sewende gebod betref, het die houding van die kerkraad met verloop van tyd heeltemal verander. Rondom 1940 was die gangbare optrede dat indien 'n paartjie berou betoon, die kerklike tug nie meer toegepas word wat die ontsegging van die sakramente aangaan nie, maar dat net 'n broederlike vermaning (ook nie altyd voor die kerkraad nie – soms deur die predikant of die wyksouderling alleen) uitgespreek word, benewens die openbare afkondiging van skuldbelydenis van die preekstoel af. In die tyd is daar net in een geval drasties sensuur toegepas omdat die skuldige geweier het om voor die kerkraad te verskyn oor 'n tydperk van twee jaar.

Intussen het die kwessie van 'n kerkplek te Leeudoringstad ook weer ter sprake gekom toe broeder A. Conradie op die vergadering van 9 Junie 1939 voorstel dat "elke wyk onder beskerming van die kerkraad geld sal insamel" vir die doel. Op grond hiervan is 'n kommissie benoem om ondersoek in te stel en terug te rapporteer bestaande uit broeders J.A. du Toit, A.V. Bergh, Johannes Botha, C. Brits en A. Conradie.

Die beroep van 'n predikant is nou ook deur die kerkraad uitgestel vanweë finansiële nood, maar die gemeentevergadering besluit op 13.4.1940 om die saak weer met Julie-nagmaal in oorweging te neem. Kort daarna is 'n skrywe van ds. T.F.J. Dreyer, skriba van die Algemene Kerkvergadering, ontvang waarin die gemeente aangespreek word om onmiddellik stappe te doen om te beroep of anders om vrystelling te vra. Die kerkraad het toe besluit om met Januarie-nagmaal (1941) te beroep.

Dit blyk nou ook uit die notules dat die Ringskommissie begin het om gereelde kerkvisitasies in die gemeentes te hou. So is daar op 11 Januarie 1941 kerkvisitasie in Makwassie gemeente gehou deur die Ringskommissie waarvan ds. J.P. van den Berg die voorsitter was. Ds. Van den Berg het die doel van kerkvisitasie uiteengesit, naamlik dat "dit nie is om 'n geestelike of kerklike polisieman te wees nie, maar om belangstelling te toon, die gemeente aan te moedig tot meer getrouheid en lof toe te swaai waar nodig" (N.K.V.M. 11 Jan 1941). Onder andere het hy gehandel oor die toestand van die kerkgebou (mooi en skoon) oor die nagmaalstafelkollekte (". . . dan dink ons nie ons betaal vir wat ons geniet nie, maar aan die armes van ons gemeente"), oor die gemiddelde offergawe per lidmaat, 7/6 per jaar, (". . . die vraag is, is die Kristus Kerk vir ons nie *meer* werd nie"), oor 'n onderlinge getwis oor die benoeming van 'n konsulent met die vorige Ringsvergadering en die aandeel van die afgevaardigdes daarin (". . . in verband met die Konsulentskap wil hy die Kerkraad daarop attend maak, dat die Ringskommissie nie graag wil weet wat hier onderling plaasgevind het nie en vooraf aangegaan het nie, maar of die kerkraad ontevrede is met die teenwoordige konsulentskap en of daar werklik 'n spanning gewees het.") Hierop was die kerkraad se antwoord, dat hulle nie ontevrede is nie en dat daar ook geen spanning was nie.

Op die gemeentevergadering van 11 Januarie 1941 is toe besluit om 'n predikant te beroep teen 'n traktement van £350.0.0 per jaar, plus 'n jaarlikse verhoging van £10.0.0 per jaar tot £400.0.0, asook 'n vervoertoelaag van £100.0.0 per jaar. Met 'n meerderheid van stemme is ds. P.W. Venter van Brits beroep, maar hy het die beroep bedank. Op 'n vergadering van 21 Februarie 1941 in die pastorie te Wolmaransstad (weens siekte van ds. Storm na 'n operasie) is proponent J.P. Labuschagne beroep.

Terselfdertyd is daar sommer 'n Reëlingskommissie gekies indien die proponent sou aanneem, bestaande uit oudl. J.F. van Rensburg (Rykjaap), diaken C. Lindenberg en die skriba A.V. Bergh. Proponent Labuschagne het die beroep aangeneem en is in Julie 1942 in die gemeente georden.

Ds J.P. Labuschagne: 1942–1943

Met sy ampsaanvaarding in Makwassie het ds. Labuschagne ook die Gemeente Bothaville onder sy sorg geneem.



Ds. J.P. Labuschagne

Wat die finansies van die gemeente betref, kon die skriba die gemeente hartlik gelukwens op 11 Januarie 1941 met sy uitmuntende afsluiting op 31 Desember 1940. Die boeke is naamlik afgesluit met 'n bankoortrekking van £3.10.8 en 'n kontantbalans van £2.17.8. Ook op 31 Desember 1941 kon die gemeente afsluit met 'n klein oortrekking van £7.13.2. Geen wonder dat die traktement van die predikant verhoog is tot £400.0.0 per jaar nie.

Met die bedanking van die koster, broeder Jopie Swanepoel, omdat hy skriftelik aangemaan is oor die vuil ruite van die kerk, (waarvoor hy nie verantwoordelik was nie, maar wel die kontrakteurs wat aan die kerk gewerk het) is diaken Carel Lindenberg, na behandeling van "tenders", benoem as koster van die kerk. Hy sou die pos "gratis uit liefde vir die kerk" (N.K.V.M. 11 Okt 1941) behartig. Ds. Labuschagne het erns gemaak met die kategese in die gemeente en onmiddellik opdrag gegee dat daar in elke wyk 'n Sondagskool gestig moet word. Die superintendent (ouderling Du Toit) en die leraar sou die ouderlinge hierin behulpsaam wees. Op 11.10.1941 meld ouderlinge D. Fouché en J.F. van Rensburg dat Sondagskole in hulle wyke gestig is met veel belofte. Hy stel ook aan die kerkraad die noodsaaklikheid van 'n "kinderfees" eenmaal per jaar. Hierop het die kerkraad besluit om die aand voor Kersfees elke jaar al die Sondagskoolkinders by die kerk byeen te bring en dat uit die kerkkas 'n bedrag van £5.0.0 gebruik word om persentjies aan te koop.

Verder het ds. Labuschagne ook besondere aandag gegee aan die bou van die kerksaal te Leeudoringstad. Van die ondersoek van die kommissie wat benoem is, is nie weer verneem nie, maar op die kerkraadsvergadering van 11 Oktober 1941 is gehandel oor kollektes vir die kerksaal. Die voorsitter het verduidelik dat die doel nie is om in die tyd van oorlog 'n saal te bou nie, maar dat wel begin sal word met die insameling van kollektes. Alle ouderlinge moet die kollektes voor 20 Desember 1941 aan die kassier afdra. Op die eerste vergadering van 1942 (10.1.1942) het die kerkraad besluit dat elke ouderling ook gedurende die jaar vir die doel moet kollekteer. Op 10 Oktober 1942 meld die voorsitter dat die Lindenbergsaal te Leeudoringstad te koop is vir £750.0.0, waarop die kerkraad besluit om die saal aan te koop, mits die gemeente dit goedkeur. Die gemeente het dit goedgekeur.

Ds. Labuschagne wat tot nou toe ongetroud was, het in April 1942 bekend gemaak dat hy op die 6de Junie in die huwelik gaan tree met mej. Hester Meyer en dat die bevestiging "te midde van die gemeente" sal plaasvind. Die gelukwensing sou in die pastorie te Witpoort plaasvind. Vir die onthaal het die gemeente ingestaan tot groot dankbaarheid van die leraar en sy gade.

Broeder A.V. Bergh wat nou reeds 'n geruime tyd skriba van die gemeente was, het op dieselfde vergadering aangekondig dat hy die gemeente tydelik gaan verlaat, waarop die kerkraad hom versoek het om nie te bedank nie, maar in sy pos aan te bly en met nagmaalvierings die vergaderings by te woon. Ds. Labuschagne het ook belowe om hom behulpsaam te wees. Broeder Bergh was gewillig om op die voorwaardes as skriba aan te bly en uit erkentlikheid vir sy getroue diens bied die kerkraad aan hom en mev. Bergh 'n geskenk van £7.7.0 aan.

Kort hierna, op 1 Mei 1943, het ds. Labuschagne 'n beroep na Durban aangeneem. Oor die onmiddellike beroep van 'n predikant is daar toe 'n verskil van mening. Diaken C. Lindenberg, gesekondeer deur diaken P. van der Westhuizen, het voorgestel dat daar onmiddellik beroep moet word, terwyl ouderling J.C. Rossouw gesekondeer deur ouderling P.A. Fouché, voorgestel het om die beroep uit te stel. Met 'n meerderheid van stemme het die kerkraad die laaste voorstel aanvaar. By die gemeentevergadering van 10 Oktober 1943 meld ds. Storm, die konsulent, dat die kerkraad by die gemeente wil aanbeveel om 'n predikant te beroep, wat toe ook deur die gemeente goedgekeur is.

Op die kerkraadsvergadering van 9 Oktober 1943 het daar 'n skrywe van broeder C.G. van Niekerk gedien waarin hy aansoek doen om 'n studielening van £25.0.0 per jaar vir sy seun wat in die teologie studeer en predikant van die Kerk wil word. (Dit was die derde seun uit die gemeente

Ds. J.P. Labuschagne en katkisante, 1942

wat teologie gaan studeer het.) Ook in die geval wou die kerkraad nie self 'n besluit neem nie, maar verwys dit na die gemeentevergadering met aanbeveling dat aan hom £100.0.0 geleen word (£20.0.0 per jaar) en dat hy rente moet betaal vanaf die datum van ordening. Die gemeente het die aanbeveling goedgekeur met dien verstande dat student C.J.S. van Niekerk, die volle lening binne 5 jaar (gelyk aan die studietydperk) terug sal betaal. Op dieselfde kerkraadsvergadering is 'n eenparige beroep uitgebring op ds. P.J.J. Venter van Klerksdorp teen 'n traktement van £500.0.0 per jaar, vervoertoelae van £100.0.0 per jaar en as verdere emolumente die vrye gebruik van die watererwe van die kerk. Ds. Venter wat die kerkraadsvergadering van 20 November 1943 bygewoon het, het aan die kerkraad sy probleem gestel insake die aanvaar van die beroep. Die probleem was dat sy tweede seun die volgende jaar in matriek sou wees, maar dat hy nie sy skoolvakke in die Hoërskool Wolmaransstad aangebied kon kry nie. Hy vra dus die kerkraad se toestemming dat sy familie nog die volgende jaar in Klerksdorp kan bly woon, sodat die seun daar kan matrikuleer. Die kerkraad het die reëling goedgekeur. Hierop het ds. Venter verklaar dat hy dan die beroep aanvaar "... al is hy nie meer so sterk en gesond soos die gemeente hom voorheen geken het nie" (N.K.V.M. 20.11.1943).

Ds. P.J.J. Venter: 1944–1949



Ds. P.J.J. Venter

Reëlings is toe sommer getref vir die ontvangs en bevestiging van ds. Venter die vyfde naweek van Januarie 1944. Diakens P. van der Westhuizen en J. Fouché is gekies "om 'n perre kommando te reël om ds. Venter en sy gade by die hek bokant die dam Vrydag half drie te ontmoet". As sprekers by die geleentheid sou optree: namens die kerkraad ouderling M.J. Smit en namens die gemeente ouderling D. Fouché.

Skaars was ds. Venter in die gemeente of daar duik 'n yslike probleem op met die saal wat te Leeudoringstad aangekoop is. 'n Aanvanklike probleem is oorbrug toe die kerkraad besluit het om die hele gebou (saal plus kamers) tydelik nog aan die Departement van Justisie te verhuur vir hofsittings, aangesien daar sodanige kontrak met die vorige eienaars (Lindenberg Brothers) bestaan het. Sommige kerkraadslede het hierteen beswaar gemaak, maar aangesien dit net tydelik sou wees, tog maar berus. Intussen is die saal egter ook vir eredienste gebruik. Broeder Frikkie Halgryn sou vry gebruik van die tuin hê as voorwaarde dat hy die saal skoonhou vir eredienste en hofsittings. Die probleem is vererger toe die kerkraad sekere vertrekke (deel van die saal) verhuur het aan 'n sekere L.C. Hattingh. Nadat laasgenoemde reeds in kennis gestel is dat die kamers aan hom toegestaan is, het die kerkraad ontdek dat die bestaande huurkontrak nog geldig is. Hattingh is dienooreenkomstig ingelig, maar die kerkraad het tog besluit om die broeder kennis te gee om die kamers op 30 Desember 1943 te ontruim, tensy daar 'n wettige huurkontrak bestaan. Die huurder, kaptein Rossouw, het op 28 Januarie 1944 skriftelik kennis gegee dat hy die vertrekke nie kan ontruim nie, aangesien ander akkommodasie onverkrygbaar was. Die kerkraad het egter besluit om aan 'n kommissie opdrag te gee om die huur te beëindig. Die kommissie (ds. Venter, ouderlinge J.C. Rossouw en P.A. Fouché het 'n onderhoud met kaptein Rossouw gevoer, maar op die volgende kerkraadsvergadering (8 April 1944) was daar 'n brief ter tafel van hoofkommandant A.J. Brink waarin hy meedeel dat hy die kantoor kragtens oorlogsmaatreël Nr. 6 kan opkommandeer indien die kerkraad weier om dit verder te verhuur. Die kerkraad was egter nie geïmponeer nie en verwys die saak terug na die kommissie vir optrede. Daar is toe verder onderhandel met kommandant Claasse en kaptein Kruger, maar op 12 Januarie 1945 het die kerkraad maar besluit om te berus, aangesien daar geen ander plek beskikbaar was vir die berging van militêre toerusting nie.

'n Verdere probleem was die finansies vir die aankoop van die saal (£750.0.0). Maar hier het broeder Casper H. Fouché ingetree en £500.0.0 aan die gemeente geleen op eerste verband teen 'n rentekoers van 5½% per jaar. Op aanbeveling van ds. Venter is 'n orrelfonds gestig om 'n funksionele orrel aan te koop. Tot nou toe is die pomporrel gebruik. Ook besluit die kerkraad om die persoon wat die orrel pomp en diaken Lindenberg wat behulpsaam is met die lui van die klok, met £1.0.0 per kwartaal te vergoed. 'n Verskynsel wat van die begin af telkens in die gemeente voorgekom het, was dat, as 'n kerkraadslid sy sin nie kry nie, hy sondermeer bedank, soms selfs as lidmaat van die gemeente. Dan moet die kerkraad kommissies afvaardig, mooi praat en gewoonlik oorreed hulle dan die persoon om aan te bly. So kan verskillende gevalle genoem word, maar een van die opspraakwekkendste was sekerlik die van ouderling J.C. Rossouw (Wakkerjannie) wat met sy hele gesin die Kerk bedank het.

Wat betref die toelating van lidmate tot die gemeente, was die gedragslyn om lidmate uit die susterkerke sondermeer, met bewys van lidmaatskap, toe te laat. Wanneer iemand egter uit die sektes wou oorkom na die Kerk, moes so 'n persoon eers belydenis van geloof aflê. In die geval van 'n broeder A.C. Swanepoel wat aan die "Swanepoelitiese geloof" behoort het, het die kerkraad met hom net 'n "onderhoud" gevoer en hom toe toegelaat as lidmaat van die Kerk. Wat die katkisasietydperk met die oog op geloofsbelydenis betref, het die kerkraad op voorspraak van ds. Venter besluit om in plaas van 'n week katkisasie (dit is nou nadat die ouderlinge in die wyke gekatkiseer het) net een dag katkisasie te bou. Hieroor het diaken T. Victor ernstig beswaar gemaak (selfs sy teenstem laat aanteken) en op 'n gemeentevergadering van 7 April 1945 is in elk geval besluit om by die ou reëling te hou, ondanks die versekering van die leraar dat hy die ondersoek van die katkisante in een dag kan afhandel.

'n Versoek van Bothaville gemeente om met Makwassie te kombineer is op 7 April goedgekeur teen 'n storting van £125.0.0 (eenhonderd vyf-en-twintig pond) in die gemeentekas. Ds. Venter was bereid om die gemeente ook te bearbei, maar aanvanklik vir 'n tydperk van ses maande.

Die tekens het teen die tyd al duideliker geword dat die lidmate in en om Leeudoringstad, al meer begin dink het aan 'n volwaardige kerkplek (gemeente) te Leeudoringstad. So is daar op 30 Junie 1945 besluit om die 4 standplase aan die oostekant van die spoorlyn te verkoop en dan agt aan die westekant van die spoorlyn aan te koop. Ook is op 7 April 1945 'n besluit geneem om die kerksaal (Lindenbergsaal) te verkoop "mits daar nie oor-

wins belasting aan die saak verbonde is nie". Op 8 September 1945 het die kerkraad opdrag gegee aan 'n kommissie (ds. Venter, broeders C. Lindenberg en A.V. Bergh) om te verkoop teen 'n bedrag van £1000—£1200. Die opbrengs sou aangewend word vir die bou van 'n kerk. Op 16 Februarie 1946 besluit die kerkraad egter weer om die kerksaal nie te verkoop nie en dat daar "in stilte gewerk sal word vir 'n pastorie in Leeudoringstad". Op die 13de April 1946 dien daar egter op die kerkraadsvergadering 'n aanbod van £950.0.0 vir die saal en die kerkraad besluit toe eenparig om die aanbod te aanvaar. Hierdie besluit is deur die gemeentevergadering bekragtig.

Soos reeds vermeld, is oortreding van die sewende gebod steeds in 'n ernstige lig deur die kerkraad beskou, maar elke geval is sonder ophef afgehandel. Op die kerkraadsvergadering van 12 Januarie 1946 is daar egter 'n saak behandel waarvoor selfs afgetrede kerkraadslede opgeroep is soos oud-ouderlinge G.P. Labuschagne, J. Botha, W. Bester en Oud-diakens P. Meyer en C. Lindenberg, asook verkose kerkraadslede wat nog nie bevestig is nie (Art. 158 van die kerkwet). Wat die saak blykbaar so uitsonderlik gemaak het, is omdat die oortreding plaasgevind het tussen 'n Italiaanse krygsgevangene en 'n gemeentedogter. Die besluit van die vergadering in die geval was "Stille sensuur vir drie maande en geen openbare afkondiging nie op grond van diepe berou en belydenis."

Op dieselfde kerkraadsvergadering het ds. Venter aan die kerkraad meegedeel dat hy graag met die April-nagmaal sy vyf-en-twintig-jarige ampsjubileum wil vier. Die kerkraad keur dit goed en dra aan broeders C. Lindenberg, J.F. van Rensburg, W. Ruthven en A.V. Bergh op om 'n paslike funksie te reël. Op versoek van ds. Venter is uitnodigings gerig aan prof. Greyvenstein, ouderling Van Aarde van Lichtenburg en ouderling Van der Merwe van Delareyville. Die fees is toe gevier op 14 en 15 April 1946. Ten die einde van die jaar (12.10.1946) rapporteer ouderling B. Kroukamp aan die kerkraad dat broeder Johannes Botha beswаre het teen sekere preke van die leraar, maar weier om 'n skriftelike klag in te dien. Hierop het die kerkraad besluit om nie op die saak in te gaan voordat broeder Botha 'n skriftelike klag indien nie.

Nog op dieselfde vergadering het die voorsitter 'n versoekskrif voorgelê van 'n gedeelte van die gemeente wat graag 'n gemeente te Leeudoringstad wou afstig. Die saak is uitgestel tot 'n volgende vergadering en toe het die kerkraad met 'n meerderheid van stemme (18—5) besluit om die afstiging goed te keur. Die grenslyne is voorlopig bepaal. Op 'n kerkraadsvergadering van 1 Maart 1947 rapporteer ouderling J. Fouché dat die Ringsvergadering die afstigting goedgekeur het. Die nuwe gemeente is amptelik gestig op 29 Maart 1947. As bruidskat is die nuwe gemeente aangebied; agt standplase te Leeudoringstad, die wins op die kerksaal wat verkoop is nadat alle onkoste gedek is, die balans op die Boufondsrekening. Voorlopig sou die twee gemeentes in kombinasie voortgaan met ds. Venter as leraar. In dieselfde jaar (1947) is die Gemeente Ennis ook gestig, as gevolg waarvan Makwassie 'n hele paar wyke verloor het – wyke wat afgesny is aan die nuwe gemeente.

Die kerkraadslede wat na hierdie afstigting in Makwassie gemeente oorgebly het, was ouderlinge W. van Rensburg, G. du Toit, M. Smit, J.F.J. van Rensburg (Rykjaap), B. Kroukamp en M. van Wyngaard (Thys) en diakens P. van der Westhuizen, E. de Beer (Elias), A. Britz, Z.P. van Rensburg (Gaija), W. Ruthven (Basie), J. Rossouw en C. Lindenberg.

Terwyl die gemeente nog in kombinasie was met Leeudoringstad het daar op 6 November 1947 'n versoek van die Ottosdal gemeente gekom om in kombinasie te tree met die Makwassie gemeente. Die afvaardiging van Ottosdal, om oor die saak te handel, was ouderlinge A.B. Terblanche (oom Andries), N.J. van Rensburg (Siener se seun) en diaken J.P.J. van Vuuren (Kleinboet). Die kerkraad van Makwassie het die versoek gunstig oorweeg en aanvaar op voorwaarde dat die gemeentes die traktement, lewenskoste en vervoertoelaag gelykop sou dra, terwyl Makwassie vir die onderhoud van die pastorie sou sorg en elke gemeente twee eredienste per maand sou kry. Die duur van die kombinasie sou vyf jaar wees beginnende op 1 Januarie 1948.

Op die 26ste Junie 1948 het ds. Venter aan die kerkraad meegedeel dat sy motor oor die muur is en dat die kerkraad van Ottosdal die aankoop van 'n nuwe motor met die kerkraad van Makwassie wil bespreek. Vir die doel het Makwassie 'n kommissie gekies bestaande uit broeders M. Smit (Thys), C. Lindenberg en A.V. Bergh om 'n kommissie van Ottosdal te ontmoet oor die saak. Op die volgende vergadering (9.12.48) het ouderling Smit gerapporteer dat die kommissie, na oorweging van die gemeente se finansies, besluit het om nie die saak met Ottosdal te bespreek nie, (in stryd met die opdrag van die vergadering), maar te wag tot na die Oktober-nagmaal om te sien hoe die offergawes inkom. Ds. Venter se antwoord hierop was dat hy 'n beroep na Delareyville ontvang het,

maar dat hy dit sal bedank indien die gemeente 'n voertuig voorsien. By dieselfde geleentheid het ds. Venter aan die kerkraad meegedeel dat kommissies uit die gemeentes Ottosdal en Ennis oorgekom het om die kerkraad te ontmoet.

Die kerkraad het toe aan die Finansiële Kommissie opdrag gegee om die middag 'n finansiële staat gereed te hê. Volgens die staat het die gemeente 'n batige saldo van £218.0.0 gehad. Die kerkraad wou egter nie 'n besluit neem alvorens hulle die kommissie van Ottosdal aangehoor het nie. Hierdie kommissie het egter meegedeel dat hulle nie in opdrag van hulle kerkraad gekom het nie, maar slegs wou verneem op welke basis 'n motor vir die leraar aangekoop kan word. Die kerkraad het toe besluit om die saak na die gemeentevergadering te verwys met aanbeveling om wel 'n motor aan te koop. (Oor die teenwoordigheid van die kommissie van die Ennis gemeente het Ottosdal se verteenwoordigers te kenne gegee dat hulle nie bereid is om die gemeente in die kombinasie te betrek nie).

Op 'n gemeentevergadering van 23 Oktober 1949 is deur die leraar aangekondig dat die vergadering belê is op versoek van 10 lidmate van die gemeente, maar dat hy op grond van 'n misverstand gehandel het. Dit was naamlik vir hom nie duidelik dat die kerkraad die saak van die aankoop van die motor aan die gemeente wou voorlê nie.

> "... Die misverstand is nou tussen hom en die kerkraad uit die weg geruim. Ook het hy die woorde ondermyn en rugbuit gebruik, dat dit maklik verkeerd opgeneem kon word. As hy iemand daarmee seergemaak het dan vra hy om verskoning" (N.G.V.M. 23.10.1948).

Die finale besluit van die gemeente was toe om saam met die Ottosdal gemeente die motor aan te koop, wat Kerkeiendom sou wees, hoewel die leraar dit ook vir vakansiedoeleindes kan gebruik. (Die motor aangekoop was 'n Pontiac en het £699.0.0 gekos).

By die kerkraadsvergadering van 23 Januarie 1949 het ds. Venter toestemming van die kerkraad gevra om sy verlof vanaf Julie te vervroeg na Maart ten einde sy seun Bennie, wat die beroep na Louis Trichardt aangeneem het, te gaan bevestig. Die toestemming is verleen.

Op 6 Augustus 1949 het ds. Venter aan die kerkraad meegedeel dat hy die beroep na Roodepoort aangeneem het, omdat sy kragte hom nie meer toelaat om twee gemeentes te bearbei nie. (Tydens sy dienstermyn in Makwassie gemeente het hy agt beroepe ontvang en bedank). Hy het toe ook meegedeel dat hy graag die motor wil koop, waarop die kerkraad besluit het om eers met Ottosdal oorleg te pleeg. Volgens mededeling wou die Ottosdal gemeente sy aandeel van die motor aan ds. Venter skenk, maar Makwassie wou nie. Oor die saak was daar soveel onaangenaamheid dat ds. Venter gouer ontslag geneem het as wat die kerkraad aanvanklik versoek het en op 'n stadium geweier het om enige geskenk of 'n afskeidsfunksie te aanvaar. Op versoek van talle vriende het hy egter sy opinie verander en die geskenkies aanvaar.

Die kombinasie met Ottosdal is toe ook verbreek en 'n kombinasie is met Ennis gemeente gesluit. Na verskeie beroepe het ds. W.P. van der Merwe die beroep aangeneem. (Volgens die notule van 27 Januarie 1951 was Leeudoringstad ook betrek by die kombinasie.

Ds. W.P. van der Merwe: 1951–1954

In dieselfde jaar van die koms van ds. Van der Merwe na die gemeente is die naam van die gemeente verander na Bosmansrust (12 Mei 1951). 'n Saak van belang vir daardie tyd is geopper deur ouderling Jaap van Rensburg (Rykjaap) en het betrekking op behoeftige kankerlyers wat behandeling gekry het by mnr. Petzer op Makwassie, maar dit nie kon bekostig nie. (Die mnr. Petzer het oor sekere medikamente beskik (– 'n familiegeheim – waarmee hy sekere soorte kanker, veral velkanker, genees het). Oor die saak het die kerkraad besluit om die kerkrade van Leeudoringstad en Makwassie se samewerking te vra om in noodgevalle te help.

Oor die studieskuld, die £100.0.0 van ds. Van Niekerk het die kerkraad op 3.12.1949 besluit om hom aan te maan om sy skuld aan die gemeente te betaal. Maar eers op 6 September 1952 (op grond van 'n skrywe van die kerkraad) is 'n brief behandel van ds. Van Niekerk waarin hy meedeel dat hy nie op so 'n kort kennisgewing (agt dae) die volle



Ds. W.P. van der Merwe en gesin



Ds. W.P. van der Merwe en kerkraad

verskuldigde bedrag (£100.0.0) kan betaal nie. Hy belowe egter om die bedrag voor Julie 1953 te vereffen. Hieroor staan geskrywe:

> "... Die kerkraad voel dat ds. Van Niekerk reeds 4 jaar Predikant is en gedurende hierdie tyd het hy nie 'n woord van hom laat hoor nie. Volgens ooreenkoms moes hy £20.0.0 jaarliks afbetaal het nadat hy Predikant geword het. Die Kerkraad spreek sy teleurstelling uit oor die houding en die scriba word versoek om aan ds. Van Niekerk te skrywe en die standpunt van die Kerkraad te verduidelik" (N.K.V.B. 6 September 1952).

Die kerkraad was hier verkeerd in die interpretasie van die ooreenkoms wat bepaal het dat ds. Van Niekerk die volle bedrag voor die einde van die vyf jaar sou betaal.

In die tyd het die kerkraad van Leeudoringstad kennis gegee dat hulle uittree uit die kombinasie.

'n Besondere skenking is aan die gemeente gemaak deur ouderling Thys Smit. Hy het naamlik £100.0.0 aangebied vir 'n nuwe preekstoel, waarop die res van die kerkraadslede 'n verdere bedrag van £50.0.0 bygedra het om die preekstoel vir ± £157.0.0 op te rig. Die ou preekstoel is geskenk aan die Gemeente Goedehoop (24.4.1954). Kort hierna het ds. Van der Merwe 'n beroep na Mafikeng aangeneem (13.11.1954).

Ds. B.J. van Staden: 1955–1957

Omstreeks Junie 1955 het ds. B.J. van Staden die beroep na die kombinasie Bosmansrust-Makwassie aangeneem.

Sake wat in die tyd van ds. Van der Merwe en Ds. Van Staden die aandag van die kerkraad in beslag geneem het en haas op elke vergadering bespreek is, was die enjin en ligte by die pastorie, orrel aangeleenthede, skoonmaak van die kerk en watertenks by die pastorie.

Die kerklike sake aan die orde was nagmaalsvieringe, ringsvergaderings, benoeming van katkisa-



Ds. en mev. B.J. van Staden

siemeesters, oortrokke bankrekening en die kongres van diakens.

'n Groot kopseer en bron van voortdurende twis was die grenslyn tussen Bosmansrust, Wolmaransstad en Ottosdal. Lidmate van Bosmansrust wat nader aan Wolmaransstad gewoon het, het voortdurend aanspraak gemaak om Wolmaransstad toe te gaan.

Die verblyf van ds. Van Staden was van korte duur, want op 31 Augustus 1957 het hy aan die kerkraad meegedeel dat hy die beroep na Leeudoringstad aangeneem het en op 21 September het hy ontslag ontvang.

Ds. N.J.J. van Rensburg: 1958–1959

'n Nuwe kombinasie is in 1957 met Makwassie gesluit en 'n beroep is uitgebring op ds. N.J.J. van Rensburg wat die beroep aangeneem en op 27.9.58 te Bosmansrust bevestig is. Voortaan sou die predikant egter nie meer op Witpoort woon nie, maar wel op Makwassie. Ook ds. Van Rensburg het nie lank in die kombinasie gearbei nie, want op 28 September 1959 is ds. Van Rensburg losgemaak van die gemeente. Ook sy weggaan van die gemeente, soos in die geval van die meeste ander predikante, het nie sonder slag of stoot geskied nie. (In sy geval vanweë 'n lening by die kerkraad waarvoor hy volgens notule nie die nodige waarborge verskaf het nie.)

Na die weggaan van ds. Van Rensburg het die gemeente vir 'n geruime tyd gewoon met konsulentsbearbeiding voortgegaan, onder andere di. Booyse van Orkney en Grobler van Ottosdal. 'n Aanbeveling van die Ringsvergadering dat Bosmansrust en Ottosdal moet kombineer het nie gerealiseer nie, terwyl Makwassie ook te kenne gegee het dat hulle om finansiële redes nie kan kombineer nie.

Twee sake wat nou ook telkens aandag geniet, is die evangelisasie (Arbeid onder buitekerklikes) en die sending (Arbeid onder nie-christelike volke). Vir hierdie arbeid van die kerk is daar kommissies uit die kerkraad en die gemeente gekies om aandag te gee.

Veral is ook tydens die konsulentskap en pastorale werk van ds. C.J.S. van Niekerk aandag gegee aan die erediensbywoning. Hy het ernstige kommer uitgespreek oor die toestand in die gemeente al is die eredienste gewoonweg in die namiddae gehou. Die feit is dat dit uit die verslag aan die Ringsvergadering geblyk het dat kerkbywoning in die gemeente 'n besondere lae persentasie gewys het: eredienste 17%, voorbereidingsdienste 30% en nagmaalsdienste 60%. Hieroor het die kerkraad in alle erns besin en begin om onder die kerklike opsig en tug te handel.

Die moontlikheid van 'n nuwe kombinasie, die keer met die Gemeente Bloemhof, het in 1966 ter sprake gekom. Op 'n gekombineerde kerkraadsvergadering van die twee gemeentes het die kombinasie werklikheid geword toe die voorwaardes deur beide kerkrade aanvaar is. In die kombinasie sou die predikant op Bloemhof woon. Nadat di. C.J.S. van Niekerk en Thomas Dreyer beroep is en bedank het, is ds. W.P. van der Merwe beroep wat die beroep aangeneem het en sodoende vir die tweede keer predikant van Bosmansrust geword het.

Ds. W.P. van der Merwe: 1966–1972

Op die 18de Desember 1966 is ds. Van der Merwe in Bosmansrust bevestig. Een van die eerste dinge wat hy aangepak het, was om in medewerking met die sustersvereniging nuwe banke vir die kerk te laat maak. Die ou banke is verkoop en die nuwe banke is aangekoop vir R1 336,00, asook 28 stoele vir R280,00 en drie tafels vir R168,00.

In die tyd (1965) het die vierde seun uit die gemeente, D. Smit, wat vir predikant wou studeer by die kerkraad aansoek gedoen om 'n lening. Aan hom is R100,00 per jaar toegestaan op voorwaarde dat hy elke jaar in sy studies slaag. Na voltooiing van sy studies sou die helfte van die skuld afgeskryf word.

Die rol van die sustersvereniging verdien spesiale vermelding in die lewe van die gemeente. Reeds vantevore is gemeld van die werk en hulp van die susters op al die terreine van die gemeentelike lewe. Benewens hulle bydrae vir die diens van barmhartigheid het hulle ook gehelp met die nuwe banke, die boorgat op die kerkterrein, ens.

Vanweë hoër uitgawes ten opsigte van die predikantstandplaas en die kwynende finansiële toestand van Bosmansrust is die genoemde Makwassie as derde gemeente in die kombinasie betrek in Augustus 1970, wat natuurlik die werklas van die predikant in 'n groot mate verswaar het. Vir Bosmansrust wie se uitgawes in 1970 R800,00 meer was as sy inkomste, was dit nietemin 'n verligting. Tog het ds. Van der Merwe hom in die jare beywer vir die bou van 'n kerksaal, omdat die ou "basaarsaal" heeltemal ondoeltreffend geword het. Gelukkig het die NHSV ingestaan vir die totale finansiering van die gebou. Die bouwerk van die saal (20 m × 12 m) is gedoen deur mnr. P.A. Swanepoel van Klerksdorp vir 'n bedrag van



Hoeksteenlegging van die kerksaal, mev. A.E. van der Merwe

R5 000,00, terwyl die Kerk self die materiaal voorsien het. Die hoeksteen is gelê deur die predikantsvrou, mev. A.E. van der Merwe en die gemeente het die bruikbare en funksionele saal met groot vreugde in gebruik geneem.

In Augustus 1972 het ds. Van der Merwe 'n beroep aanvaar na Horison, die kerkraad het besluit om vanweë finansiële redes uit die kombinasie te onttrek en is deur konsulente bearbei onder andere di. Van Niekerk en Mouton.

Besondere aandag is weer gegee aan die arbeid onder buitekerklikes, veral ook die bearbeiding van persone wat aan die sektes behoort het. In die werk het veral ouderling Jantjie Rossouw 'n leidende rol gespeel vanweë sy kennis van die Bybel en die leerstellings van die sektes.

In die sewentigerjare het dit met die gemeente op finansiële gebied al beter gegaan, ondanks 'n steeds dalende lidmatetal. So kon die kerkraad in 1976 'n bedrag van R5 000,00 by die Kerkkantoor belê, benewens die verkoopsom van die pastorie (R5 000,00) die skenking uit die Lindenbergboedel (R2 000,00) en 'n erflating van suster Carolina Kroukamp R3 000,00) wat alles ook by die Raad van Finansies belê is.

In Januarie 1977 is die gemeente getref deur die afsterwe van broeder A.V. Bergh (oom Wien) wat vir meer as veertig jaar skriba van die gemeente was. In sy plek is as skriba gekies broeder J.G.J. van Vuuren en as kassier broeder Piet Holtzhausen.

In Desember 1979 het ds. J.J. Steenkamp, predikant van Leeudoringstad, konsulent van die gemeente geword en terselfdertyd ook as pastorale hulp die gemeente bearbei. Met blote konsullentsbearbeiding het die kerklike lewe tot 'n laagtepunt gedaal, daarom het die Ringskommissie aanbeveel om 'n pastorale hulp te gebruik. In die begin van 1982 het die Gemeentes Bosmansrust en Makwassie weer besluit om te kombineer en ds. J.L.J. Smit is beroep. Hy het die beroep aangeneem en is in Maart 1982 in Bosmansrust bevestig.

Ds. J.L.J. Smit: 1982–1985

Gedurende die ampstermyn van ds. Smit is besondere aandag gegee aan Jeugwerk in die gemeente, so ook aan die finansies, alhoewel die uitgawes nog die inkomste oorskrei het. Die gemeente het egter genoeg beleggings gehad om sy verpligtinge teenoor die kombinasie na te kom. Buitendien is die inkomste in 1983 opgestoot tot ± R23 000,00 in vergelyking met 1982 se R12 000,00.



Ds. en mev. J.L.J. Smit

In 1985 het ds. Smit 'n beroep aangeneem en ds. H.J. van Rensburg (Leeudoringstad) het as konsulent die leiding op hom geneem. Kort hierna het ds. G.P. Visser van Hartbeesfontein die beroep na Bosmansrust-Makwassie aangeneem.

Ds. G.P. Visser: 1986–1987

Op 29 Januarie 1986 het ds. Visser sy eerste kerkraadsvergadering in Bosmansrust gehou. Dadelik is besluit om die offergawes in die plaaswyke nie meer maandeliks in te samel nie, maar jaarliks. Die inkomste vir 1985 was R24 085,00 en die uitgawes R24 283,00, maar die gemeente het gelukkig 'n batige saldo gehad van R6 386,00 en kon gevolglik



Ds. G.P. Visser en gesin

sy verpligtinge nakom. Danksy die goeie werk van predikant en kerkraadslede kon die gemeente in die jare al sy verpligtinge nakom.

In April 1987is die kombinasie op versoek van Makwassie beëindig en in September 1987 het die kerkraad besluit om met toestemming van die Ringskommissie ds. C.J.S. van Niekerk (emeritus) as pastorale hulp te benoem. Laasgenoemde het die benoeming aanvaar en dien sedert Oktober 1987 as pastorale hulp in die gemeente.

Ds. C.J.S. van Niekerk: (Pastorale hulp 1987—

Onmiddellik nadat ds. Van Niekerk in diens getree het as pastorale hulp het die kerkraad hom gevra om die geskiedenis van die gemeente te boek te stel met die oog op die Eeufeesviering in 1989 (hoewel die gemeente reeds in 1888 gestig is).



Ds. en mev. C.J.S. van Niekerk

Interessant is dat die gemeente die vyftigjarige fees gevier het tydens die Paasnaweek in 1939 en as die Here wil sal die honderdjarige fees gevier word tydens die Paasnaweek in 1989.

In 1987, sowel as in 1988 het dit met die gemeente op finansiële gebied besonder goed gegaan. (In 1987 'n inkomste van R33 916,00 en in 1988 meer as R45 000,00). As in ag geneem word dat Wes-Transvaal reeds vir sewe jaar die ergste droogte in menseheugenis belewe, dat die lidmatetal kleiner word (119 belydende lede), dat die pensioennarisse al meer word, dan kan met dankbaarheid gekonstateer word dat die gemeente in offervaardigheid tot 'n nuwe benadering gekom het.

Wat veral ook opvallend is, is die kerkbesoek van die gemeente. In persentasie uitgedruk is die erediens-bywoning 60% en die bywoning van nagmaalseredienste 71,4%. Danksy gehaltewerk deur ouderlinge en diakens kon dit alles met Gods genade werklikheid word.

'n Gebeurtenis wat hier teen die einde van 1988 plaasgevind het en nie onvermeld verby kan gaan nie, is die oopmaak van die Geloftekerkie op 2 November, toe die simboliese ossewa van die Afrikaner Volkswag Witpoort aangedoen het om die Groot Trek van 150 jaar gelede te herdenk.

Soos oorgedra deur die ouer geslag is daar met die Ossewatrek van 1938 en die oprigting van die replika van die Geloftekerk, sekere dokumente in die kerkie toegemessel wat by 'n feestelikheid van gelyke aard na 50 of 100 jaar oopgemaak moes word. Die seremonie het plaasgevind by die reeds genoemde geleentheid en die dokumente het geblyk te wees 'n geskrif met die naamtekeninge van die aanwesiges by die 1938-fees, asook die feesprogram van daardie geleentheid. Hierdie geskrifte was met kersvet verseël in 'n klein vrugtefles van daardie tyd. Daarbenewens was daar ook 'n verseëlde pakkie in vaalpapier met twee eksemplare van "Die Volkstem" (spesiale feesuitgawes) daarin. Al hierdie dokumente het ongeskonde bewaar gebly. En wat meer is, 'n hele paar persone wie se handtekeninge op die 1938-lys verskyn was teenwoordig by hierdie feesgeleentheid, en kon weer naamtekeninge voorsien vir 'n nuwe dokument wat saam met die oue, in die kerkie toegemessel sal word.

So kon die gemeente sy eerste honderd jaar, deur Gods genade afsluit in die teken van die innige verweefdheid van kerkgeskiedenis en volksgeskiedenis, en die dankbetuiging van die Kerk se bewaring van die volk. Vanselfsprekend het hierdie verbondenheid vir die volk veel beteken, want die Kerk het voor die volk en vir die volk getuig van God se trou en bemoeienis. Aan Hom die eer!



Huidige kerkraad

HOOFSTUK 4

PROMINENTE FIGURE EN KERKRAADSLEDE

Vanselfsprekend het daar oor 'n tydperk van honderd jaar baie kerkraadslede in die gemeente gedien, sommiges vir kort termyne, ander vir baie jare. Natuurlik was sommiges stille werkers en minder prominent, terwyl ander weer leiers en uitstaande voorgangers was. As 'n korps van kerkraadslede het hulle nietemin almal saam voortreflike werk en diens aan die Kerk oor die algemeen en in hierdie gemeente in die besonder gelewer. Deur die moeilike en swaar jare van 'n wankelende begin, teen die antagonisme van veral die "kerkverenigers" en die teenkanting van die Ned Herv of Geref Kerk, het die kerkraadslede die gemeente gedra en sy groei en voortgang verseker. Ook in die tye van vakatures en konsulente het kerkraadslede die leiding geneem, gesorg vir die voortgang van die werk van die Kerk en die verkondiging van die Woord. En in tye van armoede en swaarkry, na die Anglo-Boereoorlog, na die Rebellie en in die Depressie het kerkraadslede in getroue volharding, teen die aanslag van moedeloosheid en oorgawe in, die gemeente staande gehou en aangespoor tot getrouheid en lewe. Deur God is hulle geroep, deur God is hulle gebruik en hulle het hulle laat gebruik. Deur hulle het die Here van die Kerk sy gemeente bewaar. Dankbaar bring ons van hierdie eeu hulle werk en dade in gedagtenis. Van die stigting van die gemeente af was daar iemand soos diaken, later ouderling W.J. Stoltz, wat telkens op die voorgrond tree as afgevaardigde na die Algemene Kerkvergadering en as pleitbesorger vir sy gemeente. Van toe af verskyn daar telkens sekere name van lidmate wat 'n prominente rol gespeel het en wat spesiale vermelding verdien. Onder hulle was daar:

Ouderling J.C. Swanepoel

Sedert 1895 verskyn sy naam in elke notule van die kerkraadsvergaderings. As bewoner van die plaas Houwater is kerkraadsvergaderings dikwels in sy huis gehou en was hy gewoonlik ook die afgevaardigde van Makwassie om die kerkraadsvergaderings van Klerksdorp by te woon toe die twee gemeentes sedert die vroeë negentigerjare in kombinasie was. Hy is ook gereeld op kommissies gekies wat sake moes ondersoek of die gemeente moes verteenwoordig, asook as afgevaardigde na die Algemene Kerkvergadering. Vir baie jare het hy as kerkraadslid gedien met groot onderskeiding en toewyding.

Ouderling J.A.C. du Toit (Stoffel)

Op 26 Januarie 1903 is hy as diaken gekies, toe seker nog 'n jong man, maar iemand wat hoë agting geniet het by die hele gemeente en gemeenskap, asook by sy mede-kerkraadslede. In afwesigheid van die predikant of konsulent het hy gewoonlik as voorsitter van die vergadering opgetree. Ook hy was dikwels afgevaardigde na Rings- en Algemene Kerkvergaderings en lid van kommissies deur die kerkraad benoem om sake te hanteer. Vir 'n tyd het hy ook as kassier van die gemeente gedien. Sy seun, Gert du Toit, het in die voetspoor van sy vader gevolg en ook vir baie jare op die kerkraad gedien. Hierdie familie het inderdaad diep spore in die gemeente getrap. Ouderling Stoffel du Toit het sy laaste kerkraadsvergadering op 23 Mei 1943 amptelik bygewoon. Hy het dus vir 40 jaar op die kerkraad gedien met groot toewyding en veel opofferings.

Ouderling M.J.J. van Rensburg

Op die gemeentevergadering van 26 Januarie 1903 is broeder M.J.J. van Rensburg (blykbaar was hy veldkornet) verkies tot ouderling en hoewel hy aanvanklik geweier het om die amp te aanvaar, is hy tog later bevestig, want hy het die vergadering van 31 Augustus 1903 amptelik bygewoon. Hy het veral 'n leidende rol gespeel in onderhandelinge met die owerheid en in grondtransaksies, deur koop en verkoop van eiendomme.

Oor sekere sake het die regering direk met hom onderhandel en het hy as tussenganger tussen die owerheid en die kerkraad opgetree, byvoorbeeld in die geval toe die regering 'n "werkskolonie" te Witpoot wou vestig. Heel aan die begin van sy kerkdiens is hy gekies op die "Commissie over kerkgoederen". Dit is teen sy verkiesing as ouderling in 1905 wat daar besware ingekom het en waarop die kerkraad die uitspraak gegee het dat hy nie die amp onwaardig gemaak het met sy teenwoordigheid in die konsentrasiekamp te Klerksdorp nie.

Ouderling A.P. Roos

Hoewel hy nie vir baie jare op die kerkraad gedien het nie, het hy veral tydens die bou van die huidige kerk (1911) 'n leidende rol gespeel as voorsitter van die Boukommissie. Dit is duidelik dat hy sterk standpunt ingeneem het oor al die sake rondom die bouwerk, die afronding, voltooiing en aflewering van die gebou. Ook tydens die rebellie en die politieke woelinge van die tyd, het hy hom openlik geskaar aan die kant van die rebelle en selfs op kerkraadsvergaderings vir hulle saak opgekom. Daaroor is hy meermale skerp aangeval en van politiekery beskuldig, maar hy het sy standpunte onbevrees gestel en sy saak bepleit. Hy het deurgaans verdienstelike werk vir die gemeente en die Kerk gelewer.

Diaken C. Lindenberg

'n Sonderlinge gebeurtenis in die lewe van die gemeente was die geloofsbelydenis en doop van die baie prominente figuur in Witpoort en omstreke, die Jood Carel Lindenberg. Op die 11de April 1936, het hy as 'n man van vyftig jaar, die Christelike geloof aangeneem en lidmaat van die Kerk geword in Makwassie gemeente. In die kerklike lewe in die gemeente het hy as lidmaat en as diaken (sedert Oktober 1939) sy naam onuitwisbaar geskryf in die geskiedenis van die Kerk. En as weldoener in die gemeenskap word sy naam vandag nog genoem as die een wat feitlik sy hele boedel bemaak het aan die Kerk en veral die gemeenskap onder wie hy geleef het. In die Kerk het hy, die rykman, soos die armste onder die armes gedien. As diaken het hy gesorg dat die offergawes van sy wyk altyd van die hoogstes was – as die lidmate dit nie kon bybring nie, het hy dit ongenoem self gedoen. Na sy dood, by die lees van sy testament, het dit geblyk dat hy die meeste van sy boedel bemaak het aan die inwoners van Witpoort en 'n bedrag aan die gemeente. Die bekende Jood het 'n lewende en getuigende Christen geword.

Ouderling M.J. Smit (Thys)

Op 18 Januarie 1919 is hy gekies as diaken, maar dit is nie duidelik uit die notules of hy onafgebroke op die kerkraad gedien het nie, want op 6 Januarie 1940 is hy weer as ouderling genomineer en het die vergadering van 6 Julie 1940 bygewoon. Hy is een van diegene wat met die afstigting van Ottosdal toestemming verkry het om in Makwassie gemeente te bly – vir hom was dit sy Kerk en van die gemeente wou hy nie afsien nie. Hy het hier gebly tot sy dood.

Hy was iemand wat sy standpunt oor 'n saak omonwonde gestel het, selfs teen die van die predikant in. Hy was onbeskroomd 'n Hervormer en het 'n absolute lojaliteit teenoor sy Kerk gehad. Daarom was dit ook nie vir hom te veel om vir lang tye van sy huis weg te wees vir Algemene Kerkvergaderings, Ringskommissies en ondersoeke in belang van die Kerk nie. Vir die werk van die Kerk het hy altyd tyd gehad. In November 1961 het hy sy laaste vergadering bygewoon en in sy plek het sy seun, Willem, ouderling geword.

Broeder A.V. Bergh

Soos reeds gemeld, het hy in 1933 skriba van die gemeente geword en dit gebly tot met sy dood in 1977, dus 'n tydperk van 44 jaar. Vir baie jare was hy tegelykertyd ook kassier, skriba vir registrasie en kolporteur van die gemeente. Daar was feitlik geen kommissie uit kerkraadsgeledere waarop hy nie gekies is en gedien het nie. As bewoners van die pastorie het ongetroude predikante by hulle tuis gegaan. In gevalle waar gemoedere hoog geloop het en besprekings warm geword het, het hy met sy rustige geaardheid en kalme redenasies gewoonlik bedaring gebring. As skriba, wat dikwels leiding moes gee, het hy met waardigheid sy pos gevul en sy plek volgestaan. In die gemeente het hy op bekwame wyse in diens gestaan.

Ouderling J.J. Rossouw (Jantjie)

As 'n mens wat van kleintyd af met die Bybel omgegaan het, het hy 'n lewendige belangstelling gehad in die godsdiens, in die leerstellings van die Kerk en in die lewe van die kerk. Daarom kon hy as ouderling, as katkisasiemeester, as kommissielid en as dienaar van die Kerk van die Here sy amp met onderskeiding beklee en sy werk met toewyding doen. Soos genoem, het hy vir die evangelisasie werk van die Kerk onder buitekerklikes, sektariërs, kerkvervreemdes en onverskilliges uitmuntende diens gelewer. Omdat hy goed onderlê was in die Bybel, het hy geen vrees gehad om met andersdenkendes in gesprek te tree en te redeneer nie. Hy het dit ook nie geduld dat lidmate van die gemeente gekonfronteer word deur draers van 'n ander leer of evangelie nie, en het naarstigtelik op hulle spore gebly. In Witpoort was hy 'n gesiene mens, 'n waardige ampsdraer en iemand by wie talle hulp en raad gesoek het, ook met geestelike en godsdienstige probleme. Vir oud en jonk was hy die beminde ouderling.

★ ★ ★ ★

As daar oor leidende figure in die gemeente geskryf word, is daar nog talle name van kerkraadslede wat vermeld behoort te word, soos byvoorbeeld hulle wat met die katkisasie betrokke was. En hier val die name op van ouderlinge Stoffel du Toit, Dawie Fouche, Dawie Smit, Wakkerjannie Rossouw, Gert du Toit, Jantjie Rossouw, Bert Kroukamp en andere. Hoewel nie een van hulle 'n danige geleerdheid gehad het nie, het almal met die gawe van wysheid en onderskeiding hulle ampswerk verrig.

So ook dink 'n mens aan die kosters wat met groot erns en toewyding gesorg het vir die welwese van die kerklike geboue en terreine. Onwillekeurig word 'n mens getref deur figure soos Valentyn Matthysen, Jan Rossouw, Joppie Swanepoel, Pieter van Zyl en selfs die huidige koster Ewert Geldenhuys. Met groot waardigheid het hulle die werk gedoen in die oortuiging dat hulle daartoe geroepe was. Kerkraadslede wat sedert stigting in die gemeente gedien het as ouderlinge en diakens, was die volgende:

Ouderlinge	**Diakens**
C.J.E. Schültz	W.J. Stoltz (Scriba)
J.G. Waldeck	J.A.J.P. Jonker
J.C. Swanepoel	P.J. Jonker
W.J. Stoltz	G.S.J. van Rensburg
Jan A.J. van Rensburg	S.P. du Toit
J.J. Fouché	Koos F.J. van Rensburg
M.J.J. van Rensburg	P.J. Jonker (J sn)
S.J. Meyer	J.P. Fouché
G.P. Rossouw	J.M. Nel
N.P.J. van Rensburg	J.A. du Toit
M.W. Koekemoer	J.J. Steyn
D.E. Erasmus	J.M. Barnard
J.J. Fouché	G.J. Coetzee
W.B.J. Badenhorst	J.P. Fouché
J.A. du Toit	G.P. van Vuuren
G. van Heerden	J.H. Viljoen
C. Bezuidenhout	J.L. Kruger
J.H. Viljoen	J.P. Pretorius
J.P. Fouché	C.L. Swanepoel
G.P. Rossouw	B.G.J. van Vuuren
Fouche	A.L. Oosthuizen (Skriba)
J.N. Claasse	J.P. van Wyngaard
A.L. Oosthuizen	G.S. Rossouw
D.P. van den Berg	A. van Aarde
J.F.J. van Rensburg	D.P. van den Berg
A.B. Wolmarans	W. Mathews
P.A. Bosman	L. Meyer
A.P. Roos	C. le Roux
N.J.S. Basson	C.J. Roos
D.J. Fouché	J.R. Scheepers
J.T. Maartins	

Ouderlinge	**Diakens**
P. van Vuuren	J. Claasse
D.J. de Beer	P. Swanepoel
D.J. Jacobs	P. Bosman
J.A. Robbertze	F.J. van Rensburg
W.J.A. Bester	W.J. van Rensburg
W.J. van Rensburg	P.A.M. Fouché
M.M. Smit	T.F. Dreyer
P. van Vuuren	Sarel J. van Rensburg
P.A. Fouché	J.J.C. Geldenhuis
J.A. Robbertze	C.H. Fouché
D.J. Smit	W. Bester
A.F. Engelbrecht	C.J.C. Rossouw
P.J. van Vuuren	D.J. Smith
G. Labuschagne	A.P. Conradie
J.C. Rossouw	P.A. Labuschagne
W. Oldewage	C.A. Gagiane
J.J. Swanepoel	C.M. Britz
J.J. Botha (Johannes)	J.J. Kruger
J.F.J. van Rensburg (Rykjaap)	T. Knoetze
G.S. du Toit	L. Matthysen
J.M. Louw	P. van Vuuren
C. Jonker	M.J. Smit
B.M. Kroukamp	J.P. Fouché (Skriba)
M. van Wyngaard	J. Joubert
P.N. van Rensburg	J.F.J. van Rensburg (Psn)
J.C. Botes	J.C. Claasse
M. Wissing	J.A. Jonker
P.J. van der Westhuizen	J.C. Swanepoel
M.J. van Rensburg	J.J. Rossouw
W. Ruthven (Basie)	Z.P. van Rensburg
M.J. Rossouw	F.G. Fritz
D.F. Botes	F.L. Pieterse
J.J. Rossouw (Jantjie)	T. Victor
J.F. Rossouw (Koos)	H.J. Fouché
W. Smit	C.J. Oldewagen
M.J.J. van Rensburg	E.G. de Beer
C.L. Swanepoel (Lang Carel)	J.C. Knoetze
J.D.J. van Rensburg	J. Pretorius
C.J. van Wyk	J.A. Viljoen
P.P. Labuschagne	C. Benadé
W.H. Fouché	J.J. Botha
C.W.P.J. van Vuuren	H.J. Greyling
L.A. Schlebush	F. Jonker
G.D. Ruthven	C. Lindenberg
P.R. Nell	J.J. Louw
P.S. Rossouw	P. Meyer
J.G. Nieuwenhuis	W. Conradie
G.P. Labuschagne	W. Fouché
A.A.J. van Rensburg	J.M. Louw
W.J. van Rensburg	D. Bothma
C.P.F. Marais	P. van der Westhuizen
G.S. Rossouw	A. Britz
	W. Ruthven (Basie)

Ouderlinge

G.J. Jordaan
P.A. Marx
J.C. Botes
W.P. de Beer
J.G.J. van Vuuren (Skriba)

Diakens

D.J. Campher
M. Pretorius
S.A. van Rensburg
M.J. Rossouw
D.J. Botes
D.F. Botes
P.A. Labuschagne
S.A. van Zyl
G.D. Ruthven
D.S. Smit
D.F. Rossouw
B.J. Robinson
H.G. Holtzhausen
E. van Rensburg
J.G.J. van Vuuren (Skriba)
H.O. Wiggins
J. Botha (Josef)
C.J.van Wyk
S.R. Meyer (Sias)
P.C. Crafford
J.P. van Rensburg (Hans)
C.B. Enslin
F.J. Coertze
M.J. Mostert
P.J. de Beer
P.J. Holtzhausen
H.J. Botha (Johan)
G.J. van Rensburg
C.W. van Vuuren (Csn)
P.A. Marx
H.J.J. van Rensburg
J.C. van Vuuren
J.C. Botha
W.F. van Vuuren
F.J. van Rensburg
J.H. Muller
J.L. van der Linde
Annemarie van der Linde
J.P.J. van Rensburg (Johan)

HOOFSTUK 5

DIE NEDERDUITSCH HERVORMDE SUSTERSVERENIGING

Hoewel die susters van die gemeente al van die vroegste jare af bepaalde dienste aan die gemeente gelewer het en hulleself diensbaar gemaak het, is daar egter eers redelik laat in die bestaan aan die gemeente oorgegaan tot die amptelike stigting van die N.H.S.V. Dit het plaasgevind in 1951 onder leiding van mev. A.E. van der Merwe, eggenote van ds. W.P. van der Merwe. Vanweë die uitgestrektheid van die gemeente, gebrek aan finansies, vervoermiddele en digbewoonde sentrums in die gemeente, is dan ook nie net een vereniging (tak) gestig nie, maar wel die hooftak met die verskillende subtakke. So is daar op 13 Mei 1951 die vereniging op Witpoort gestig, op 30 Mei 1951 die tak op Kareeboschkuil en op dieselfde dag die Kleinfonteintak.

Die bestuur van die algemene vergadering is soos volg saamgestel:
Voorsitter: mev. H.E. van der Merwe
Vise-voorsitter: mev. Hester van der Westhuizen
Sekretaresse: mev. M. Wissing
Vise-sekretaresse: mev. R. (S) Schlebusch
Tesourier: mej. R. van Vuuren
Addisionele lede: mevv. Jordaan, Botes en Kroukamp

Die bestuur van die subtak Kleinfontein het bestaan uit die volgende lede:
Voorsitter: mev. M. Wissing
Sekretaresse: mev. G. Pearcey
mev. J. Lombard

By die stigting van hierdie subtak was net vyf susters teenwoordig, maar mettertyd het daar al meer susters aangesluit. Die bronne van inkomste was: ledegelde 12/6 en teegeld 3/- per jaar, verder ook die aanbied van verversings by vendusies.

Die bestuur van Kareeboschkuiltak het bestaan uit:
Voorsitter: mev. H. van der Westhuizen
Vise-voorsitter: mev. G. Kies
Sekretaresse: mev. J. Rossouw

Voorstelle vir die insameling van fondse was heel interessant: Eerstens om elke Sondag se hoendereiers bymekaar te maak, tweedens om 'n hen te laat broei en derdens om 'n koffiedag een keer per maand te hou. Op die ou end is egter besluit dat elke suster op haar eie manier geld bymekaar sou maak en dit dan die Vrydag voor elke nagmaal na 'n bepaalde huis sou bring, waar al die susters dan vergader om teen 1/- per persoon, verversings te geniet. Dit blyk ook dat elke suster na elke vergadering 'n naaldwerkstuk gebring het, terwyl daar ook aan elke suster 'n bussie uitgedeel is om spaargeldjies daarin te gooi.

In Augustus 1951 was die ledetal van die vereniging reeds meer as 60, en is daar met veel entoesiasme gewerk. Ook is besluit om 'n algemene vergadering elke Saterdag 1 nm. net voor die voorbereidingsdiens te hou. Op 'n vraag van suster Hester van der Westhuizen vir welke doeleindes die geld van die N.H.S.V. gebruik gaan word, is mev. M. Ras van die Hoofbestuur uitgenooi om op die 13de September 1951 die vergadering te kom toespreek en die nodige inligting te verstrek. Mev. Ras het die aandag daarop gevestig dat die N.H.S.V. nie net verpligtinge teenoor die gemeente het nie, maar ook na buite, na die breër kerklike instansies soos die Ouetehuise, Weeshuise, ens.

Wat die werk en bystand in die gemeente betref, is reeds hier en daar melding van gemaak, maar in werklikheid was die aandeel van die susters en die sustersvereniging in die gang van die gemeente geweldig groot. Die meeste van hulle werk het ongenoem verbygegaan, maar dit staan geskryf en voor oë vir elkeen om te sien.

Die ou basaarsaal het die susters onder hulle sorg geneem wat die instandhouding aanbetref. So het hulle reeds in 1952, kort na die stigting, £83.17.0 bygedra vir opknapping en skoonmaak. Soos reeds gemeld, het die N.H.S.V. ook 'n orrelfonds gestig in 1953 vir die aankoop van 'n nuwe orrel. Hiervoor is die subtakke versoek om elk 'n bedrag van £15 tot £20 in te samel teen 31 Desember 1953. Op 25 April 1954 het dit egter geblyk dat die orrelfonds nog onvoldoende was om 'n orrel te finansier, waarop ds. Van der Merwe aangebied het om die tekort op die koopsom aan die N.H.S.V. te leen en self die rente te betaal. Op die manier kon die nuwe orrel nog in November 1954 in gebruik geneem word.

In die tyd het ds. Van der Merwe 'n beroep na Mafeking aangeneem en in mev. Van der Merwe

se plek as voorsitter is toe gekies suster Hester van der Westhuizen. Kort hierna het ds. B. van Staden die beroep na Bosmanrust aangeneem en het mev. Van Staden die leiding oorgeneem. Na die kongres van Maart 1956 het mev. Van Staden dit baie sterk beklemtoon dat susterverenigings in die algemeen, en Bosmanrust in die besonder, baie doen vir die eie gemeente in die vorm van kerkraadsverpligtings, maar baie min vir die diens van barmhartigheid. Juis op dieselfde vergadering het een van die kerkraadslede die susters genader om die fondse te voorsien vir die aanbring van "ligte in die pastorie en die kerk". Hierop het die susters besluit om 'n funksie vir die doel te reël – die opbrengs van £132.0.0, "'n reuse sukses.".

Interessant is dat daar in hierdie jare broeders as tesourier van die N.H.S.V. gekies is en gedien het, onder andere ds. W.P. van der Merwe, en na hom broeder Piet van Rensburg, totdat suster Rita Ruthven in 1957 gekies is.

'n Ander taak wat die N.H.S.V. op hom geneem het na hulle onderneming ten opsigte van die nuwe orrel en die nuwe preekstoel, was die aankoop van nuwe matte vir die kerk en daarna nuwe banke, nagmaaltafels en -stoele en eindelik die bou van 'n nuwe kerksaal.

Toe ds. Van Staden die beroep na Leeudoringstad aangeneem het, is suster Lenie van Zyl gekies tot voorsitter. Sy het in die hoedanigheid waargeneem ook tydens die dienstyd van ds. N.J.J. van Rensburg wat in dié dae nog ongetroud was. Met sy vertrek het ds. M.S. Grobler van Ottosdal, konsulent van die gemeente geword en op versoek van die susters het mev. Grobler die voorsitterskap op haar geneem.

Tot nou toe het die subtakke selfstandig gewerk en fondse ingesamel, maar in 1969 het die Kareeboschkuiltak, en in 1975 die Kleinfonteintak ontbind en het alle gemeentesusters ingeskakel by die hooftak. Mev. Grobler is as voorsitster opgevolg deur mev. A.C. van Niekerk, maar met die aanwysing van ds. C.J.S. van Niekerk as konsulent het sy eggenote mev. D.J. van Niekerk die voorsitterstoel oorgeneem. Vanaf hierdie tyd het die N.H.S.V. baie meer erns gemaak met die diens van barmhartigheid en veral die Kerk se inrigtings is baie meer bevoordeel.

Met groot toewyding het baie susters vir baie jare, ook nog saam met mevv. Smit en Visser, asook konsulentsvroue die taak aan hulle opgedra, vervul en die Kerk en gemeente in hierdie organisasie gedien. Sommiges het ook vir baie jare op bestuursvlak besondere werk gelewer. 'n Mens dink aan susters soos Hester van der Westhuizen, Kate Wissing, Lenie van Zyl, Nellie Robbinson, Rita Ruthven, Heila Labuschagne, Marie van Vuuren, Marie Holtzhausen, Tilla van Vuuren, Annamarie Botes, Karlien van Rensburg, Hester van Rensburg en soveel andere.

Waar die gemeente besig is om fees te vier, word hierdie werk in diens van die Here van die Kerk steeds met toewyding voortgesit onder leiding van mev. D.J. van Niekerk, eggenote van die pastorale hulp.



Huidige NHSV

BRONNE GERAADPLEEG

1. Notules Algemene Kerkvergadering (N.A.K.V.)
2. Notules Kommissie van die Algemene Kerkvergadering (N.K.A.K.V.)
3. Notules van die Westelike Ring.
4. Notules van die Ring van Potchefstroom.
5. Notules van die Ring van Makwassie.
6. Notules Kerkraadsvergaderings Gemeente Makwassie.
7. Notules Gemeentevergadering Makwassie (N.G.M.)
8. Notules Kerkraadsvergaderings Gemeente Bosmansrust (N.K.V.G.B.)
9. Notules Gemeentevergaderings Bosmanrust (N.G.V.B.)
10. Nederduits Gereformeerde Kerk Wolmaransstad 1888–1988: J.D. Visagie 1988.
11. Nederduitsch Hervormde Gemeente Wolmaransstad 1892–1967: P.J. Rossouw.
12. Almanak Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika.
13. Die Hervormer.
14. Nederduitsch Hervormde Gemeente Leeudoringstad: Gedenkblad (1947–1972): Ds. J.P. Labuschagne.
15. Die Nederduitsch Hervormde Gemeente Wolmaransstad: 1892–1955: J.J.C. Koekemoer.

[illegible]

1. [illegible]
2. [illegible]
3. [illegible]
4. [illegible]
5. [illegible]
6. [illegible]
7. [illegible]
8. [illegible]
9. [illegible]
10. [illegible] 1888–1988 [illegible]
11. [illegible]
12. [illegible]
13. [illegible]
14. [illegible]
15. [illegible]

Gedruk deur Gutenberg-Pers, Industrialweg 141, Pretoria-Wes